

TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE



IN HIERDIE UITGAWE:

- Die Laaste Skakel —Dirk Richard.
- Gedigte van Eugène Marais in Engels
Vertaal deur A. E. Thorpe.
- Jan van Nijlen Sewentig Jaar — S. J.
Pretorius.
- Ou Gawle — Vincent van der Westhuizen.
- Pierrot (Guy de Maupassant), Vertaal deur
G. Dekker.
- Poësie en Geestelike Adel — Frits van
der Merwe.
- Ernest Hemingway — M. M. Solz.
- Boekbesprekings.

TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE

KWARTAALBLAD VAN
DIE AFRIKAANSE SKRYWERSKRING

Redakteur:

C. M. VAN DEN HEEVER

Letterkundige Adviseurs:

D. F. Malherbe, H. A. Fagan, P. C. Schoonees,

F. J. Eybers en W. A. de Klerk.

JOHANNESBURG

1954

DESEMBER 1954

JAARGANG 4 : NOMMER 4

INTEKENGELD: 20/- (posvry)

Los nommers in die handel: 6/- per eksemplaar

Uitgegee deur

Die Afrikaanse Skrywerskring


Administrasie en Redaksie:

Professor Abel Coetzee, Posbus 1176, Johannesburg

Inhoud

	<i>Bladsy</i>
DIE LAASTE SKAKEL, Dirk Richard	1
GEDIGTE VAN EUGÈNE MARAIS, vertaal A. E. Thorpe	24
JAN VAN NIJLEN SEWENTIG JAAR, S. J. Pretorius	26
GEDIG, W. van Heerden	32
DIE JONGELING IS DIE MOEDER VAN 'N KIND, Minnie Postma	34
GEDIGTE, Hugo Wauters	39
OU GAWIE, Vincent van der Westhuizen	41
GEDIGTE, Rud. P. Visser	48
ALBRECHT HAUSHOFER, Marcel R. Breyne	51
GEDIG, J. Kromhout	56
PIERROT (Guy de Maupassant), vertaal deur G. Dekker	57
GEDIGTE, N. A. Coetzee	62
WYNAND VAN SITTER KOM HUIS TOE, Joachim van Vollenhoven	64
GEDIGTE, A. J. J. Visser	73
POËSIE EN GEESTELIKE ADEL, Frits van der Merwe	75
ERNEST HEMINGWAY, M. M. Solz	83
BOEKBESPREKINGS	87
UIT DIE TYDSKRIFTE	91
NUWE AFRIKAANSE BOEKE, P. J. Nienaber	94

Afdrukke: Illustrasies by Eugène Marais se gedigte
deur Naomi Gudath



Digitized by the Internet Archive
in 2017 with funding from
University of Pretoria, Library Services

Die Laaste Skakel

DIRK RICHARD

MARIA MAARSBERG, 77, gesondheid reeds swak, maak gebruik van rystoel, maar voorkoms nog fors en wilskragtig; grys hare hoog na agter; vaalblou oë skerp en hard; die besliste trek van die lippe, die skerp regaf plooië om die mond getuig dadelik dat sy geen swakkeling is nie, en selfs die groot moesie op die bolip laat haar nie vriendeliker lyk nie. By haar sal oorvriendelikheid en gemoedelikhed as blyke van swakheid beskou word.

Kleredrag toon sterk ooreenkoms met dié aan begin van hierdie eeu: hoë nekkragie; bloese met valletjies, lang, donker syromp . . . soos prentjie uit ou album.

ELMA MAARSBERG, haar twaalfjarige kleindogter, bleek, tingerige kind; gespanne geaardheid.

MAURITZ MAARSBERG, haar seun en welvarende advokaat van Johannesburg.

MARYNA MAARSBERG, Mauritz se tweede vrou, Elma se stiefmoeder.

Ouma se slaap-woonvertrek is kwistig versier met aandeninge uit die Groot Trek en die Tweede Vryheidsoorlog; kruithoring teen die muur; ou geweer in die hoek; geelhoutkis voor die kapbed; haar trouportret, dié van haar man, Mauritz, in kommandodrag, van vroue en kinders in die konsentrasiekamp, gekleurde afdrucke van Bloedrivier en Blaauwkrans teen die muur. Op kaggel kommetjies, ebbehoutspieëltjie en ander artikels wat Boerekrygsgevangenes in krygskampe vervaardig het.

Ouma sit in haar rystoel voor kaggel en stof die aandeninge daarop versigtig, baie versigtig, af. Kort-kort hou sy 'n stuk in haar hand en betrag dit nadenkend. As sy 'n ou kommetjie optel, gryp sy dit styf vas en druk dit teen haar bors, terwyl 'n verbitterde trek op haar gesig kom. Mauritz, wat intussen regs in die deur verskyn het, beskou haar aandagtig; wil kort-kort naderloop, maar bedink homself.

OUMA: Met hierdie kommetjie in haar hande het sy gesterf!

(*'n rukkie stilte.*) Die son het net gesak, toe die hande slap word. (*Stilte.*) Moeder! Ons sal nooit vergeet nie, nooit, hoedat hulle u vermoor het nie. (*Stilte.*) Die vuur is ook in haar, in Elma . . . dit sal nooit doodgaan nie!

- MAURITZ (*kom vasberade nader*): Moeder!
- OUMA (*skrik uit haar bepeinsinge op*): O, dis jy, Mauritz.
- MAURITZ: Moeder, ek wil vanmiddag somer padlangs met 'n versoek na u kom.
- OUMA (*effens smalend, usof sy aanvoel wat dit is*): En dit is?
- MAURITZ: Dis oor Elma.
- OUMA: Oor Elma, nè? Gee ek die kind miskien te veel suurklontjies vir haar gesondheid?
- MAURITZ: Dis oor die ander soort klontjies wat Ma haar te veel gee, waaroor ek kom praat.
- OUMA: En dit is?
- MAURITZ: Die Oorlog, Moeder, die Engelse Oorlog.
- OUMA (*ineens kil, vyandig*): Só, die Vryheidstryd van haar volk is nadelig vir haar.
- MAURITZ (*dadelik ergerlik*): Dis nie dit nie. Dis die manier waarop Ma dit vertel. Elma is maar twaalf jaar oud, maar sy is reeds vol verbittering en sy begin alles te haat wat nie ons eie is nie. Dis die klontjies wat gif trek.
- OUMA: Dis maar net nasietrots, mens, wat elke Afrikaner wat sy sout werd is, moet hê.
- MAURITZ: Geen nasie het nog op haat 'n groot nasie geword nie.
- OUMA: Dis vir julle hier in die stad gerieflik om te vergeet, nè? Is om te onthou dan 'n euwel? Wat ek en duisende ander gely het, moet ons dit dan so stil-stil saam met ons graf toe dra? Is Moeder en Vader se lyding dan niks meer vir jou nie, my kind? Laat dit jou koud hoe ons huis afgebrand is, hoe ons vee voor ons oë keelaf gesny is . . .
- MAURITZ: Moeder weet ons het nie vergeet nie!
- OUMA (*ignoreer hom, word al hoe meer opgewonde*) . . . Hoe Vader êrens op die Hoëveld in 'n bitter koue nag agtergebly het, te swak om verder te vlug? In Lewies se arms, langs 'n paar melkbos — ja, armsalige melkbos — het hy gesterf. En jy weet wat was sy laaste woorde (*leun ver vorentoe na Mauritz*): Lewies, gaan vertel vir haar dat sy kan weet. En toe Lewies dit aan my vertel het, het hy gehuil soos 'n kind, maar in hierdie oë was nie 'n traan nie — verbittering het dit weggesuig, sodat ek nooit weer kan week word nie. Dit was my vierde offer! 'n Moeder, 'n oudste seun, 'n enigste broer, en toe hy, Mauritz. Hulle het nie daarvoor gesoek nie (*in hoë stem van verwyt*). Hulle is soos hawer teen die grond afgesny . . .

MAURITZ: Bedaar, Moeder, bedaar... U weet u is nie sterk nie.

OUMA: Toe het ek aan myself beloof dat dit nooit vergeet sal word wat daardie moordenaars gedoen het nie. Dit was nie net 'n belofte aan my nie; dit was een wat ek aan sy nagedagtenis verskuldig was, een wat ek die nageslag skuld. (*Nadenkend.*) Ek het nooit weer getrou nie. Daar was nie nog so een soos hy nie. (*Mauritz kyk haar met meegevoel aan.*) Met hierdie hande (*hou hulle na Mauritz uit, terwyl haar oë op hulle trouportret teen die muur bly*) het ek weer Kameeldorings opgewerk tot dat die mense naand gepraat het van ryk Maria Maarsberg... En nou wil jy hê ek moet vergeet.

MAURITZ: Nie vergeet nie, Moeder, maar ons onthou anders as Moeder. Nasiebewussyn gegrond op verbittering is negatiewe nasionalisme. Dit is 'n positiewe nasionalisme wat besig is om die Afrikaner vorentoe te stoot, wat ons die leiers in Afrika maak, daardie trots wat ons reeds op kulturele en ekonomiese gebied bereik het. En ons sal die Oorlog nooit vergeet nie! Dit bly ons besieling, ons waarborg dat die Boerenasie nie voor die kwaaieste toets gefaal het nie. Daardie aandeninge uit die Vryheidstryd (*wys na die kaggel*) sal van my kosbaarste erfstukke wees. Ons kyk na daardie Stryd terug met 'n gevoel van optimisme en dankbaarheid, nie met verbittering en haat nie.

OUMA: Mooi woorde, Mauritz, mooi gesê man, met al die groot gesegdes oor positiewe nasionale en dié dinge. Maar laat ek jou 'n simpele vragie vra: Watse dag was dit gister?

MAURITZ: Gister? Gister was maar net Woensdag.

OUMA: Net Woensdag? Niks meer nie, nè? As Maryna jou nie die heeldag op die gholfbaan uitgesleep het nie, sou jy dalk onthou het.

MAURITZ (*vinnig*): Dit het niks met Maryna te doen nie. Dit was die jaarlikse byeenkoms van die Afrikanergholfklub ten bate van die Kinderplaas.

OUMA: Gister, 53 jaar gelede, het Vader gesterf.

MAURITZ (*verskrik*): O, ek is jammer, Moeder.

OUMA: Jy moenie jammer wees nie, man, jy moet onthou. Daarom sê ek dat mens nie vir 'n dag moet verslap nie. Jou lewe is wat jy elke dag van hom maak. En was jy en Maryna altemit op die laaste Dingaansdagfees?

MAURITZ: Nee, Moeder, maar dit is nie 'n teken van troueloosheid nie. Dis net of ons volksfeeste nie meer inslaan nie.

OUMA: Oor sulke dinge is daar nie met die verstand te redeneer nie. Jy gaan net, en dis klaar. Nes jy God aanvaar. Julle stadsmense wil te veel God met die verstand uitwerk. Julle redenasies van nou die aand oor hoe die Kerk by die stad agterraak, is 'n belasting van die Heer.

MAURITZ: Ek wil nie oor die dinge kom redeneer nie. Ma's reg, en ek is reg, maar dis twee waarhede wat apart staan. Al wat ek vra, is dat ons Elma uit die ding uit hou.

OUMA: Dit voel so of ons soort vir julle te ongemaklik word, of ons nie meer pas in vandag se konfirmasie nie.

MAURITZ: Ek kan dit nie meer toelaat dat die haat in die kind toeneem nie. Ek het reeds met Elma daarvoor gepraat.

OUMA (*druk haar vorentoe in stoel*): Jy wil hê ek moet nie vertel nie...? (*ongelowig*): Mauritz, weet jy wat jy vra?

MAURITZ: Dit ly geen twyfel nie: Moeder sweep die kind op. Gister was sy weer in 'n voorval betrokke wat seker nog lank 'n nasleep sal hê.

OUMA: En dit is?

MAURITZ: Ma weet tog hier woon baie Engelssprekendes in dit buurt. Gister het Elma en die Hamilton-dogtertjie hier langsaan aan die stry gegaan. Elma het haar gesê die Engelse was te vrot om die Boere man vir man onder te kry; dis eers toe hulle soos sprinkane begin uitbroei het en die huise afbrand dat die Rooinekke die oorhand gekry het...

OUMA (*opgewonde*): Het sy dit gesê! Maar dis die waarheid, die heilige waarheid.

MAURITZ: Dit is! Maar kyk wat's die gevolg: Die Hamilton-kind het haar uitgeskel vir 'n Nazi, en mev. Hamilton het gewaarsku dat as Elma weer met daardie praatjies van rassehaat daar aankom, sy liever moet wegbly.

OUMA: Rassehaat! Hmmph... En wat het Elma toe gedoen?

MAURITZ: Ek verstaan iets van as rassehaat die waarheid is, dit nie haar skuld is nie.

OUMA (*opgetoë*): Elma, my kind — my groot, sterk dogter (*Kyk na kommandoportret van oupa Mauritz*). Sou Oupa nie wat wou gee om so 'n kleinkind te hê nie. Mauritz-man, Elma het nie vergeet nie.

MAURITZ: Maar klink sulke woorde soos rassehaat nie vreeslik in so 'n jong kind se mond nie. Moeder, toe-

stande is vandag anders as 50 jaar gelede. Die blanke rasse sal uiteindelik moet leer om saam te staan, want 'n groter gevaar dreig as in 1899.

OUMA: Hierdie saamstanery het ook vandag se modepraatjies geword. Dis net vandat vandag se Boeregeslag water in die murg gekry het, dat hulle te saf geword het om die swartes op hulle plek te sit. As ons maar weer daardie dae kan terugkry! Toe was 'n mens se woord jou kwitansie as jy wil geld leen.

MAURITZ: Hierdie op-die-plek-sittery is vandag baie meer gekompliseerd (*dan met skouerophaal*). Ag, maar wat help dit tog. Moeder sal nie verstaan nie. Al wat ek kom vra, is dat Elma soos 'n natuurlike kind moet groot word, en nie daaglik met haat ingepomp word nie. Karl Louw sal wel op skool sorg dat daar nie te kort skiet nie.

OUMA: Die skoollessies! Daardie dingetjies is flou, sonder lewe. Ek het self Elma se geskiedenisboekie gelees. Man, dis ongelooflik, jy moet dit tog self lees. Kamtig onpartydig, maar genoeg om die kind se belangstelling vir haar volk se geskiedenis dood te maak. Niks van die vyand se wreedheid, van die konsentrasiekampe, van die afbrand van ons huise nie. Ek het my geskaam vir die kort stukkie oor Majuba . . .

MAURITZ: Dis net die verskil hoe Ma die geskiedenis vertel en hoe dit vertel moet word. Ma s'n is meer as geskiedenis.

OUMA: Dis presies hoe dinge gebeur het — soos ek dit belewe het, soos Pa dit belewe het, al ons kennisse. Wil jy hê al hierdie dinge moet so sonder 'n grafsteen begrawe word?

MAURITZ (*meer tot homself*): Dit help nie om te redeneer nie. (*Teenoor Ouma*): Een ding staan vas: Elma is altyd gereed vir aksie wanneer sy hier uitkom. Dan kan Maryna ook niks met haar uitrig nie.

OUMA: Kan jy die kind dit verkwalik? Maryna! (*Skud haar kop.*)

MAURITZ: Dis my vrou, Ma, en Elma se moeder.

OUMA: Haar stiefmoeder! En jy blameer my tog nie vir Elma se renons in haar nie?

MAURITZ: As Ouma en kleinkind dieselfde voel? Dis nog 'n ding wat ons moet uitpraat. Maryna en ek het mekaar lief . . .

OUMA: Sy's somer 'n swak namaaksel van Rina. Dáár was nou vir jou 'n mens! Geheg aan haar kerk, aan haar volk se verlede. Die kere wat sy hier kom sit het, was te veel om te onthou. Maar hierdie Maryna van

- jou (*skud haar kop*). Nee, sy kom hier tussen die flats en die hotelle uit.
- MAURITZ (*ergerlik*): Ek sal sulke beskuldigings nie toelaat nie! Moeder *wil* maar nie glo dat sy as moderne stadsmens ook goeie Afrikaner kan wees nie, al dra sy nie meer 'n Voortrekkerkappie op 16 Desember nie. Is dit dan niks dat sy een van die beste musiekbeoordelaars van die Afrikaanse Eisteddfod is, dat sy 'n Afrikaanse Toneelvereniging in die lewe geroep het nie? Ma moes haar gister gesien kook het toe sy nie in een van die groot winkels in Afrikaans bedien kon word nie. Sy was tot by die bestuurder.
- OUMA: Dat die praat van jou eie taal nou 'n aanbeveling moet wees!
- MAURITZ: Goed, los dit dan uit! Maar ek versoek nou vir die laaste keer: Los Elma ook uit!
- OUMA (*kom weer vorentoe, terwyl haar oë in Mauritz s'n brand*): Solank daar lewe in hierdie liggaam is, sal ek vertel.
- MAURITZ: Dan sal ek my plig teenoor Elma moet nakom.
- OUMA (*skrik, vra haastig*): En wat is dit?
- MAURITZ: Ek sal haar na 'n kosskool moet wegstuur.
- OUMA: Weg van my?
- MAURITZ: Ons was weer gister by die dokter met Elma. Hy sê sy's gespanne; daar is iets wat haar emosioneel omkrap.
- OUMA (*uitdrukking op gesig word harder, byna minagtend*): Dié fout moet jy nie by my kom soek nie... Jy het nie die reg om die kind van iemand weg te neem aan wie sy geheg is nie.
- MAURITZ (*onverbidelik*): Ek argumenteer nie meer 'n duim verder nie! Skei uit met die verbittering, of Elma word weggeneem. Ek moet my plig doen, Moeder.
- OUMA (*terwyl sy stoel omswaai*): Plig! Plig! Wag, laat ek gaan vars lug soek, laat ek kan wegkom van hierdie soort van plig.
- MAURITZ (*terwyl hy sy moeder agternastaar; sy af*): Só kan ons nie langer voortleef nie! Iets moet breek. Moeder is die afgelope tyd soos 'n fanatikus, nou dat sy die einde voel naderkom... Maar dit mag nie gou genoeg kom nie! (*Bly skielik stil as hy voetstappe hoor naderkom.*)
- ELMA (*van links op*): More, Ouma! (*Steek dan vas as sy Mauritz sien; opgewek*): O, hallo, Paps! (*Loop na hom en haak by hom in*). En hoekom lyk Meneertjie dan so kwaai? (*Bekommerd.*) Is Pappa nie gesond nie?

MAURITZ (*raak gemoedelik en krap spelerig met sy vinger deur haar hare*): Nee, my ou meisie; dis niks, of hoe sal ek sê: sommer so 'n ou ietsie.

ELMA: Ja, ek kan sien daar was iets. Mens kan tog nie *alleen* so word nie. (*Ineens stroef*): Was dit met Ouma?

MAURITZ (*twyfel 'n oomblik, dan onseker*): Ja, Elma, Ouma was hier... en ons het die wêreld vir mekaar warm gemaak. En dit oor jou.

ELMA: Oor my?

MAURITZ: Ja, lief, en dis goed dat jy weet waarom. Ek het weer met Ouma gepraat. Dis oor die manier wat sy jou van die Oorlog vertel. Ek het haar verbied om daarmee voort te gaan.

ELMA: Pappa, maar hoekom? Ouma vertel so mooi, dis so anders, Pappa. Dis of dit te nou word hier (*druk teen bors*). Pappa, en dan voel mens dit was darem nie reg wat hulle met ons mense aangevang het nie, of jy iets moet doen om die vyand terug te betaal. Pappa, ek is jammer oor Yvonne Hamilton. Maar sy moenie haar oor ons mense kom wip nie (*baie parmantig*). Ek sal haar weer peper, nes die Boere hulle met die Lee Metfords gepeper het. My bloed wil kook as ek dink hoe Oupa soos 'n hond in die veld gesterf het...

MAURITZ: Elma! Oupa het nie soos 'n hond gesterf nie. Hy't soos 'n held gesterf, vir sy vaderland. Ons is trots op Oupa.

ELMA: Ja, maar dit was die Rooinekke wat hom met 'n stukke heup in die sloot laat lê het. Hulle't tot sy waterbottel leeg gedrink... Stry nou?

MAURITZ (*draai sy kop weg, sluit sy oë met pynlike uitdrukking; tot homself*): Ek wonder of dit nie al te laat is nie? (*Kyk na moeder se trouportret teen muur; dan weer na Elma*): Pa se ou meisie! Glo sy nog dat Pappa haar lief het? (*Elma skielik onseker wat sy moet doen; glimlag half verleë na hom. Hy neem haar hande in syne.*)

ELMA (*baie ernstig*): Pappa, daar is rukke wat ek weer so na Mamma verlang. Daar's so baie dinge wat ek haar wil vra. Sy kon sulke mooi stories vertel... vir my so laat lag as sy die tannies namaak wat vir ons kom kuier het. Pappa, daar's nie nog so iemand soos Mamma nie.

MAURITZ: Niemand nie, meisie?

ELMA: Ek meen natuurlik nie vir ou Paps nie. Daar is maar net een oompie Mauritz.

- MAURITZ (*gevlei*): En jou nuwe mamma? (*Elma draai haar kop weg, antwoord nie.*)
- MAURITZ: Maar Elma, wat is dit wat jy nie van Mamma hou nie? (*Elma antwoord nie.*) Kom nou, sê vir Pappa. Hy wil graag weet. (*Weer wag hy, maar Elma antwoord nie.*) Enigiets wat sy dogtertjie pla, pla ook vir Pa. (*Plaas sy wysvinger onder haar ken en draai haar gesig na syne.*) Behandel sy jou nie na jou sin nie?
- ELMA (*onwillig*): Nee.
- MAURITZ: Het sy al dinge vir jou gesê waarvan jy nie hou nie?
- ELMA (*byt op haar lip*): Nee, Pappa.
- MAURITZ: Het sy altemit iets van ons eerste mamma of van Ouma gesê wat jou nie aanstaan nie?
- ELMA: Nee.
- MAURITZ: Maar wat kan dan skeel? Ek weet sy probeer haar bes om maats te wees, nè?
- ELMA (*skouerophalend*): Seker.
- MAURITZ: Probeer jy ook om 'n bietjie maats te maak?
- ELMA: Ek weet nie. Miskien. Sy sal wel allerhande dinge van my vir Pappa vertel het.
- MAURITZ (*glimlaggend, maar tog effens gesteurd*): Maar my liewe Elma, sy praat niks as goed van jou nie: hoe jy op skool presteer, hoe jou klavierspel haar plesier gee. Haar hart voel darem seer om jy so stuurs met haar is.
- ELMA: Hmmm!
- MAURITZ: Ek kan eenvoudig nie jou gedrag verstaan nie.
- ELMA (*bars skielik los*): Dan moet sy nie vir my kom sê dat dit beter sal wees om Mammie se begrafnisportret van my muur te haal nie. Sy probeer my mamma wees, en sy behoort te weet daar kan net een mamma vir my wees.
- MAURITZ: Al is sy begrawe? Al kan sy jou nooit weer help nie?
- ELMA: Ja, ek luister nog elke aand hoe sy vir my stories vertel.
- MAURITZ: Hoe luister jy?
- ELMA: Ouma en ek saam.
- MAURITZ: Ja, en dan?
- ELMA: Hoor Pa dan nie meer haar stem nie? Ouma sê sy kan dit te duidelik hoor, en dan hoor ek dit ook.
- MAURITZ: So, nè? Gesels julle nog baie oor haar?
- ELMA: Nog baie.
- MAURITZ: Ouma hou ook nie te veel van ons nuwe mamma nie, nè?

ELMA: Nee, Ouma en ek hou niks van haar nie.

MAURITZ: En hoekom nie?

ELMA: Ouma sê sy's te veel uit haar huis. 'n Vrou se plek is in haar huis, en Ouma is heeltemal reg. My eie Mamma was altyd tuis, en sy was nooit te hoogmoedig om met Ouma oor die Oorlog te gesels nie.

MAURITZ: Maar jy onthou tog nie al hierdie dinge nie!

ELMA: Ouma sê so, en dit is so!

MAURITZ: Het Ouma jou vertel dat ons eerste mamma ook baie lief vir gholf was en dat sy 'n kampioentennis-speelster was voor haar siekte?

ELMA: Mamma lief vir tennis en gholf? Dit glo ek nie.

MAURITZ: Ja, en min weet Ouma hoe moeg Mamma dikwels vir haar stories oor die Oorlog geword het; hoe sy gewens het dat Ouma ook oor iets anders moes gesels. Veral toe sy so sieklik begin word het dat sy skaars die huis kon verlaat, was sy dikwels gedwing tot Ouma se geselskap.

ELMA: Dis nie waar nie! Dis sy wat sulke stories vir Pappa vertel.

MAURITZ (*streng*): Sal ek vir jou leuens vertel?

ELMA (*kyk hom onderdanig aan*): Nee, Pappa.

MAURITZ: Nou glo dan wat ek vir jou sê.

ELMA: Ja, maar Pappa, dis ook waar dat sy my probeer wegrokkel van Ouma. Sy's jaloers dat Ouma my so lief het, dat ons saam vir Mamma so lief het.

MAURITZ (*nou baie beslis*): Dis oumeid-stories daardie! Mamma probeer jou nie wegrokkel nie, maar sy wil jou soos 'n gesonde meisie laat opgroei. Sy wil hê jy moet swem en tennis speel en saam met jou maats grootword. Dit beskou Ouma as te modern. Dit neem jou te veel van hierdie kamer weg. En in hierdie half-donker vertrek sal jy bleek en geel groot word, soos gras wat onder 'n sinkplaat toe is.

ELMA (*ontdooi*): Pa, Pa meen ek sal kan swemlesse neem?

MAURITZ: Ja, hier by dr. Cillie se swembad.

ELMA (*vriendeliker*): Saam met Edna en Mona-hulle?

MAURITZ (*aanmoedigend*): Alte seker. Sal jy daarvan hou?

ELMA: Ek reken so, Pa. Maar wat sal Ouma sê?

MAURITZ: Al wat saak maak, is wat jy wil. En jy wil mos?

ELMA (*knik*): Ja, ek wil, Pappa (*gretig*): En wanneer sal ek kan begin?

MAURITZ: Wag, Mamma het alles gereël. Haar planne pas soos 'n legkaart inmekaar, komma, punte alles in. Ek verwag haar enige oomblik nou. (*Hulle kyk glim-*

- laggend na mekaar. Dan vra Mauritz skielik*): Ouma vertel lekker stories, nè?
- ELMA: Ja, Pappa. Maar darem nie soos Mamma nie. Ouma vertel net van die Oorlog. Mamma het my altyd so lekker aan die slaap laat raak met die prins en die ridders en die koning se mooi dogter.
- MAURITZ (*gretig*): Te veel van die Oorlog maak jou ook moeg, nè? (*Elma knik.*) Dink jy nie jy moet dit vir Ouma so verlangs laat verstaan nie — dat jy iets anders ook wil hoor nie?
- ELMA: Hoe kan ek? Ek sal haar seermaak.
- MAURITZ: Laat ek dit so stel: Haat jy werklik vir Yvonne Hamilton?
- ELMA: Nee, Pappa, ek hou nogal van Yvonne. Sy is regtig nie selfsugtig nie, regtig nie, en sy praat altyd met my Afrikaans ook.
- MAURITZ: En waarom het jy haar die ander dag sommer so ingeklim?
- ELMA: Ek kan nie juis sê nie.
- MAURITZ: Het Ouma jou nie iets vertel wat jou miskien kwaad gemaak het nie?
- ELMA (*dink so 'n rukkie*): Nee . . . nee . . . O ja: nou onthou ek: Sy't vertel hoe hulle oom Freek se huis afgebrand het . . . en die Tommie wat die woord gegee het, was 'n kaptein Hamilton.
- MAURITZ: Ek sien. En toe klim jy sommer op Yvonne af?
- ELMA: Ja, sy het my oor daardie Freddie seun geterg.
- MAURITZ: Van Freddie sit jy reguit oor na die Tommies?
- ELMA (*verleë*): Paps, dit was die eerste ding waaraan ek gedink het.
- MAURITZ: En dink jy dit was reg teenoor Yvonne?
- ELMA: Seker nie; ek meen nee, Pappa.
- MAURITZ: En sou jy dit gedoen het as dit nie vir Ouma se storie was nie?
- ELMA: Seker nie.
- MAURITZ: Nou ja, my kind: jy sal vir Ouma baie duidelik moet laat verstaan hoe verkeerd dit is.
- ELMA: Maar hoe kan ek? Dit sal haar seermaak.
- MAURITZ: Anders sal ek moet doen wat ek nie graag wil doen nie.
- ELMA: En dit is, Paps?
- MAURITZ: Ek sal jou na 'n kosskool moet wegstuur.
- ELMA (*spring op en gooi haar arms om sy nek*): O, tog nie dit nie. Ek wil nie weggaan nie. Asseblief nie. Ek smee Pappatjie, ek wil hier bly.
- MAURITZ: Sal jy dan vir Ouma dit sê?

ELMA: Maar... ja, ek sal, ek sal seker... Moet my tog nie wegstuur nie.

MAURITZ: En aan die einde van die jaar wag daardie vakansie by die Victoria-waterval en 'n splinternuwe raket met jou eie voorletters daarop.

ELMA (*gesig verhelder*): 'n Nuwe raket! Pappa, maar Paps is darem 'n doring van 'n pa! Rêrig waar? Sê op Pappa se woord van eer.

MAURITZ (*ewe plegtig*): Op my woord van eer.

ELMA (*doodernstig*): Nie so nie, Meneertjie! Só! (*Sit regterhand op hart.*) Beloof nou!

MAURITZ (*met hand op hart; baie serieus*): Ek, Mauritz Egbert Maarsberg, beloof hiermee plegtig dat ek aan mejuffrou Elma S. Maarsberg, jonge dogter genaamd die eiser in hierdie ooreenkoms, een nuwe raket sal skenk... (*Elma bars uit van die lag, en Mauritz kyk haar met 'n gelukkige glimlag aan. Toe die twee so bietjie bedaar, sê hy*): Elma, ek moet jou tog die grappie vertel wat vandag in die hof met ou regter Suurknol gebeur het... (*Maryna, wat die petalje in die deur staan en aanskou het, tree nou te voorskyn.*)

MARYNA: Mag ek ook die grappie deel?

MAURITZ (*kyk om*): O, hallo, Maryna. Jy's net betyds om getuie te wees. Vertel haar van ons transaksie, Elma. (*Elma weer stug, kyk weg.*)

MAURITZ (*teleurgesteld*): Ag, toe maar, daaroor later... (*tot Maryna*): En het jy toe uitgevind oor die swemlesse?

MARYNA: Ja, alles in die haak. Elma kan al Maandag begin as sy wil.

MAURITZ: En jy wil, nè Elma? (*Elma knik.*) Pragtig, my dogter.

MARYNA: Dis gaaf, Elma. Juffrou Ellmer is 'n goeie instruktrise. Die kinders hou van haar. (*Elma begin haar belangstellend betrag.*) En ek het nog 'n ander verrassing vir jou ook, Elma.

MAURITZ (*paaiend*): En jy wil dit hoor, nè my meisie? (*Elma knik skaars; sy kyk belangstellend maar nog agterdogtig na Maryna.*)

MARYNA: Oor 'n maand vind daar 'n gesinskamp by die Hartebeespoortdam plaas — vir ouers en hulle kinders. Ek't gemeen jy en ek kan so 'n bietjie gaan uitkamp, Elma.

ELMA: En Pappa?

MARYNA: Daar sal twee naweke wees en Pappa kan vir ons die hele Saterdag en Sondag kom kuier.

- MAURITZ: Alte graag. Voel jy lus, Elma? Dink aan die bergklim en swem en die kampvuur saans.
- ELMA: Sal ons wors en vleis kan braai, nes die Voortrekkers?
- MARYNA: Elke aand. En soggens swart koffie met 'n warm kool daarin.
- ELMA: O, so het Oupa gemaak, nè? Dit sal *heerrlik* wees, Pappa!
- MAURITZ: En jy sê nie eens vir Mamma dankie nie?
- ELMA (*skugter teenoor Maryna*): Dankie.
- MAURITZ: Mamma.
- ELMA (*terwyl haar oë weer skaam afslaan*): Mamma! (*Maryna en Mauritz kyk mekaar 'n oomblik in die oë. Maryna wil eers nader loop en haar hand op Elma se kop sit, maar bedwing haar.*)
- MARYNA: En kyk wat het ek vir jou hier, Elma (*Elma loop na haar en kyk in wit kardoesie wat Maryna vir haar oop hou.*)
- ELMA: O, chocolate clusters!
- MAURITZ: Chocolate clusters? A-nee-a, dis tog seker sjokolade-blokkies, nè?
- MARYNA (*gemaak-berispending*): Pappa kan gerus vandag sy taallessies vergeet, nè?
- ELMA (*glimlaggend teenoor haar pa*): Gerus. (*Ouma verskyn links, en kyk met diep frons na toneeltjie.*)
- OUMA: Julle is skynbaar baie plesierig. (*Maryna spring skielik regop, en Elma staan ook opsy, asof sy op heterdaad betrap is. Aldrie stroef, en Mauritz kyk haar selfs uitdagend aan.*)
- MARYNA (*kom eerste tot verhaal*): Ek het net kom kyk of ek vir Ouma iets kan doen.
- OUMA: Lyk dit of ek iets nodig het?
- MARYNA (*ruk so effens terug; maar bly vriendelik*): En ek het vir Moeder ook 'n verrassing. (*Ou vrou sê niks; kyk haar afwagkend aan.*) Dis soetkoekies, van die regte outydse soort wat mens vandag min raakloop. Dis 'n ou dame wat 'n klein winkeltjie in Breestraat het. Kyk, hier's dit.
- OUMA: Soetkoek uit 'n winkel? Dis so onvanpas soos hierdie draadloos-affêre van julle in 'n ou Boerewoning. Soetkoek kom uit 'n huisvrou se kombuis. Nogtans dankie.
- MARYNA (*nou sigbaar gesteur; kyk vinnig weg en sê teenoor Mauritz*): Ek moet nog so 'n paar dingetjies gaan regmaak.



NEOMI GUDATH—1914

WINTER NIGHT

MAURITZ: Ek moet ook gaan. Ek moet die toespraak vir die F.A.K.-fees in die haak bring.

ELMA: Ag, Pappa, bly nog 'n rukkie hier. (*Rem aan sy arm.*)

MAURITZ: As jy wil, kan jy saamkom. (*Elma begin aanloop, maar Ouma roep haar terug in harde stem.*)

OUMA: Ek sal bly wees as jy wil agterbly, kind. Daar's 'n paar dingetjies waaroor ek met jou wil gesels. (*Elma kyk Mauritz aan, wat haar 'n oomblik betekenisvol in die oë kyk. Net toe Maryna en Ouma by deur wil uitloop, merk Ouma op*): En Maryna, is dit nou nodig om jou gholfstokke so oop en bloot in die voorhuis te sit.

MARYNA (*met die uitloop*): Ek het dit net daar vergeet. (*Sy en Mauritz af.*)

OUMA: Jy was danig in jou skik met jou ma vaneffe, Elma.

ELMA (*verskonend*): Ag, dit was sommer. Sy het aangehou met die lekkers.

OUMA: O! (*dan gemoedeliker*): Kyk wat het Ouma vir haar kind uit die tuin gebring. Sien jy, die eerste roos van daardie nuwe soort wat Ouma uit die Pêrel laat kom het. Die President Paul Kruger! Kyk, Elma, kyk hoe is dit — 'n ware pragstuk. Kyk, my dogter. (*Elma steek nog by deur vas, asof sy nog lus het om na buite te gaan. Ouma stoot haar stoel stadig nader.*) Wat's fout met my dogtertjie ve'middag? Kom, neem hierdie roosknop in jou hand, kind, dis die eerste met dié naam wat jy sal vashou. Is dit nie 'n fraai nagedagtenis aan 'n groot man nie? (*Steeds nader.*) Kom, kindjie, vat daaraan! (*Elma kom 'n treetjie nader en neem die roos by Ouma. Ruik daaraan, maar hou kop op bors. Haar hele houding is afsydig. Ouma streel haar hare, trek haar nader en vou haar hand om dié van Elma wat die roos vashou. Die kind bly ongemaklik.*)

OUMA: President Paul Kruger! Daar was 'n pure man wat geweet het hoe om met 'n Engelsman te werk. Sulke mense van graniet leef nie meer vandag nie. Onse leiertjies trap te veel bont, begin weer met pluiskeil en streepbroek na die Uitlanders vry . . . Maar wag, daaroor later. Laat ons voortsit waar ons gister opgehou het. Trek jou bankie nader. (*As Elma nie dadelik reageer nie, kyk Ouma haar fronsend aan. Gaan meteens aan die hoes en val uitgeput terug in haar stoel, met oë gesluit. Elma spring verskrik op en kom met botteltjie reukwater nader, maar Ouma wys dit af en beduie na die roos. Elma hou dit onder haar neus, en sy snuif*

die geur op. Neem self naderhand die roos in hand en druk haarself stadig op.)

OUMA: A, dis 'n geur hierdie wat tot in 'n mens se hart dring. Vee tog my kop met die asynlappie af. Ja, daar! *(Wys na kom en beker. Elma gaan die waslap haal en vee Ouma se slape en voorkop af. Sy hou haar hand oor dié van Elma wat haar afvee.)*

OUMA: A, die Agterryer wat ons almal inhaal, is nie meer ver nie. Maar ons wat in die kampe was, ken hom. Hy het nooit met die beuel opgestaan of gaan slaap nie, want hy was altyd wakker... Die bankie, my kind. *(Elma trek bankie onder tafel uit en gaan by Ouma se voete sit.)* So ja, dis beter. Jy't my vaneffe so onwillig gelyk, Elma-kind. Maar dis seker maar verbelentheid. Asof my dogter nie wil hoor van haar Ouma en Oupa se swaarkry nie, nè? *(Elma knik skaars; kyk verby haar Ouma se oë.)* Kyk tog in die boonste laai, in die linkerkantse hoek. *((Elma staan op en trek laai oop, en kyk met glimlag om.)*

ELMA: Die bottel suurklontjies?

OUMA *(knik)*: Ek weet hoe lief jy vir hulle is. Vandag kan jy maar meer as twee neem, Elma.

ELMA: A, dankie, Ouma. *(Stop in kies en gaan met vrolike rokkieswaai op bankie voor Ouma sit.)* Ouma, o, hulle is lekker. Ouma vergeet hulle nooit nie, nè.

OUMA: Nee, kinta. Nou ja, ons was laas daar waar die Engelse begin nader kom het aan Kameeldorings. Maar ons was reg vir hulle.

ELMA: Ouma, kan Ouma nie vandag liewer van die lekker ou dae vertel toe Ouma so jonk soos ek was nie? Wat het daardie jong mense se dae aangetrek? Het hulle ook blikaspaai gespeel, en het die seuns ook vir die meisies ogies gemaak? *(Sy lag spelerig-ondeund, maar die glimlag verdwyn as sy na haar Ouma kyk.)*

OUMA: Dis stuitigheid, Elma. Dit kan later kom as ek niks anders te vertel het nie. Ons moet aanstap, ek het nie meer baie tyd nie. Die benoudigheid lê soos 'n klip hier in my bors... Ek sal dit nooit vergeet nie: Dit was 'n helder maanligaand, en die Tommies se baadjies was so helder soos bloed toe hulle oor Kameeldorings aangery kom. 'n Week vantevore was hulle ook daar, maar toe het die Boere hulle verwilder en verder as die rivierkamp het hulle nie gekom nie... maar darem lank genoeg om die skape en perde keelaf te sny. Op daardie aand was daar nie Boere nie — net ons klompie vrouens. Maar ons was nie bang nie. Jy moet nooit bang wees nie,

Elma, vir geen Kakie of enige ander ding nie. (*Elma begin kriewelrig word; as sy haar vader se stem opgewek buite hoor lag, kom 'n glimlag op haar gesig en sy kyk verlangend na die deur. Ouma sien Elma se afgetrokkendheid, en sê skerp*): Elma!

ELMA (*skrik*): Ja, Ouma?

OUMA: Jy moenie dat jou gedagtes wegraak nie, my kind. Dis so of jy afvallig staan vandag. Jy moet onthou, dis net ek en 'n handjievul ander wat nog hierdie dinge kan vertel. More, oormore, het onse laaste skakels vir altyd weggebreek.

ELMA: Ek's jammer, Ouma.

OUMA: Soos ek gesê het, ons was nie aan die slaap gevang nie. Die mielies en die koring het ons in die ashoop langs die vaalbos begraaft — tot die suiker is netjies in sakkies gegooi wat met sterk papier uitgevoer is. Die paar laaste bokke is 'n paar keer heen en weer oor die plek gejaag. Die Tommies het die wêreld omgekeer, maar kry is min. Toe laai hulle ons in 'n ossewa, maar Moeder wou nie inklim nie. Dis toe dat 'n vier van hulle haar aan die rokke gryp en op die wa slinger. Verbeel jou, om daardie edele vrou soos 'n stuk vrot vel deur die lug te smyt. Die vernedering! Ons bloed het gekook. As ons geweers gehad het, was daar moord daardie aand op Kameel-dorings, 'n yslike Tommie-moord. (*Elma begin weer rusteloos te word; draai haar kop weg en kyk gespanne in die rigting van die deur.*) Ma het haar byna onbewus geval, maar gelukkig niks gebreek nie. Dit was jou Grootjie daardie, kind, 'n vrou wat ook in die kamp beswyk het. (*Ouma se stem word weer hees van aan-doening; leun nader aan Elma.*) Voel jy ook nie jou bloed in jou roer nie? Ek hoor nog die Rooibaadjies lag: 'n vreeslike, uitjouerige lag wat in my murg gedring en vir ewig daar bly sit het. O, as ek net my hande op daa'rie vent met die wye snor kon lê; die son het hom sulke roeskolle gebrand. Hy't oorgeleun en my probeer soen. Ek ril nou nog as ek daaraan dink. En toe is ons by die rivierkamp verby waar die dooie diere lê en vergaan het...

ELMA (*ingedagte*): Ouma, sou Ouma ook bly gewees het as Ouma 'n raket present kry met Ouma se eie voorletters daarop?

OUMA (*ru uit haar opwinding geruk*): Wat op aarde praat jy van?

ELMA: Pappa het dit aan my beloof. Is dit nie dierbaar van hom nie?

- OUMA: Dis die tweede keer dat jou aandag verlei word.
 Jy was nog nooit voorheen so verdwaald nie.
- ELMA: 'Skuus, Oumatjie. Waar was Oumatjie nou weer?
- OUMA: Ja-toe, waar was ek?
- ELMA: O-ja, daar waar die Kakies op die werf aangery gekom het, nè?
- OUMA: Genugtig, kind — Dan het jy niks gehoor hoe hulle jou oumagrootjie op die wa gegooi het nie?
- ELMA: Op die wa? Natuurlik, Ouma, nou onthou ek; ja alles. Hoe sy haar arm gebreek het en die pyn wat sy gely het, en hoe Ouma-hulle dokter toe gejaag het, en . . .
- OUMA (*diep gegrief*): Laat maar staan, kind. Luister nou hoe ons daardie maanligaand deur die hope dooie perde en skape gery het. O, die walglike stank wat uit die ontbindende vleis opgeslaan het. Dis *ons* diere wat daar lê en vergaan het. Ag, ek ruik dit nog of dit gister was. As dit die aand volmaan is, sien ek nou nog die karkasse lê, en dis kompleteet of die stank hier uit die vloer voor my opslaan . . .
- ELMA: Toe maar, Ouma, volgende maand volmaan is ons by die Victoria-waterval, en daar sal so baie water wees dat hulle die laaste stukkie stink sal wegspoel.
- OUMA (*ruk haar asem in*): Kind! As jy net weet hoe jy my seermaak. Sê my reguit, wil jy nog hoor?
- ELMA: Ag, Ouma, dis genoeg vir vandag. Kom ons gesels liewers oor iets anders.
- OUMA: Soos wat?
- ELMA (*effens verleë, terwyl haar oë dwaal*): Ouma, is dit verkeerd as mens so snaakserig voel as 'n seun van wie jy hou, so astant na jou kyk? Ouma, is dit sonde as jy selfs so bietjie lekker kry? Dis mos of 'n sooibrand hier deur jou trek. (*Wys met vinger na bors, en trek neus vol plooitjies.*)
- OUMA: Elma, sulke stuitigheid kan jy met jou pa bespreek.
- ELMA: Is dit stuitigheid, Ouma?
- OUMA: Toe, gaan vra vir jou ma. (*Elma antwoord nie.*) (*Spottend.*) Nie vir jou eie ma nie?
- ELMA: Hoekom moet ek?
- OUMA: Gaan nou, ek't jou mos gevra om jou hart by haar te gaan uitpraat.
- ELMA: Hoekom sê Ouma dit? (*In agtergrond klanke van klavier en Maryna wat Lorelei sing. Sy hou op, en Mauritz roep uit: Bravo! Pragtig, Maryna.*)
- OUMA (*warm*): Hoe so 'n skree-stem vir hom mooi kan wees! Sy draai hom om haar pinkie.

- ELMA: Dis darem nie 'n skree-stem nie, Ouma. Sy sing mooier as my eie mamma.
- OUMA: Maar Elma! Wat het in jou gevaar vandag? Weet jy wat sê sy gister só kliphard dat ek dit kon hoor? Dit was weer een van haar vergaderings. Sy sê: die ou vrou — dis ek — se kamer lyk nes 'n museum en sy bly nog steeds in die Boere-oorlog vassit.
- ELMA: Dit was nie Mamma nie, Ouma. Dit was mev. Swiegers. Sy kan mos so skerp wees, en ek het gehoor hoe Mamma haar op haar plek sit.
- OUMA: Wil jy my tot leuenaar maak? (*Elma slaan haar oë bedees af, en bly dan 'n rukkjie stil. Dan kyk sy haar ouma reguit in die oë en vra beslis.*)
- ELMA: Ouma, is dit waar dat my eie mamma sieklik voor haar dood was? Dat dit naand vir haar te veel was om selfs buite rond te loop?
- OUMA: Wie vertel vir jou al hierdie dinge?
- ELMA: Is dit waar, Ouma?
- OUMA: Wat laat jou so 'n vraag vra?
- ELMA: En is dit waar dat Mamma ook lief vir sport was voordat sy siek geword het?
- OUMA (*ontsteld*): Wat sit agter hierdie vrae?
- ELMA: Is dit waar, Ouma? Vertel my!
- OUMA (*heeltemal onseker*): Ek verstaan jou nie vandag nie.
- ELMA: Ek weet nou dit is waar!
- OUMA: Iemand het met jou gepraat. Iemand het jou teen my opgesteek.
- ELMA: Hoekom het Ouma my dit nie vertel nie?
- OUMA: Dis dinge wat jy nie reg sal begryp nie. 'n Kind van jou ouderdom sit vol skewe gedagtes.
- ELMA: Sal ek dit nie kan verstaan dat Mamma ook lief vir gholf en tennis was nie? Die waarheid, sê Ouma altyd, het nie 'n prys nie. Dit mag nie gekoop word nie.
- OUMA: Dit is so! Ek het jou nog nooit 'n leuen vertel nie. Elke woord van die Oorlog is waar.
- ELMA: Maar Ouma het nie *alles* vertel nie . . . dat Mamma maar dikwels teen haar sin hier kom sit het?
- OUMA: Teen haar sin! Nooit! Ek weet nou daar's met jou gepraat. En ek weet dis *sy*. O, ek sien haar hele plan . . .
- ELMA: Mamma Maryna het niks gedoen nie.
- OUMA: Om te wil voorgee dat liewe Rina hier teen haar sin kom sit het. Hoe kan dit ooit waar wees? Ek weet sy was altyd hier, al was sy ook ver weg. Haar gees was by my, Elma, net soos dit nou by my is lank na haar dood. Sy kom byna elke dag hier sit en luister — dan sit

sy daar op die bankie waar jy nou sit. Sy is vandag weer hier. (*Ouma wys na bankie waarop Elma sit. Die kind spring verskrik op en staar die bankie bevrees aan.*) Toe maar, kind, sy's nie die een om voor bang te wees nie. Dis jou eie liewe, dierbare moeder. En nou probeer hulle haar bysleep, uit die graf haal om jou van my weg te rokkel, sodat jy nie die waarheid kan hoor nie. Sien jy nie die hele bedoelings nie?

ELMA (*verbouereerd*): Watse bedoelings?

OUMA: Hulle wil jou losmaak van jou eie moeder. En dan is jy los van my. Dis sy wat daaragter sit, sy, Maryna! Sy wil haar vir jouself hê. (*Elma kyk haar gespanne aan.*)

OUMA: Om te wil voorgee dat jou mamma gedwing is om hier te kom sit! Ek sê jou dis 'n leuen. Sal al die trane wat sy gehuil het, dan trane van bedrog wees? Sal al die belangstelling dan geveinsd wees? Nooit! Die baie kere dat ons saam na hierdie baadjie gekyk het! (*Druk haar stoel tot teen die wakis en haal ou velbaadjie daaruit.*) Dis sy baadjie. Oupa Mauritz s'n, die een waarin hy gesterf het. Die kere dat sy dit in haar hande geneem en lank daarna gekyk het... En dan het ek vertel. Ek hier, sy daar, die baadjie in haar hande. Ure lank. Nou sê hulle teen haar sin. Leuenaars! Sien jy die donker vlek aan die agterpant? Dis sy bloed wat daar droog geword het... ons bloed... die bloed wat nou daar in jou roer. Voel daaraan! (*Hou baadjie na Elma uit. Elma steek haar hand bewerig uit, maar toe dit in aanraking met die bloedvlek kom, ruk dit terug.*)

OUMA (*vooroor, dringend*): Moenie bang wees nie, kindjie. Jou mamma het dikwels daaraan gevat.

ELMA (*knik kop haastig*): Ek het gevoel, Ouma. (*Ouma bêre weer baadjie in kas; stoot haar stoel na kaggel en haal stukkie plat metaal daarvan af. Hou dit in vingerpunte na Elma.*)

OUMA: En weet jy wat dit is?

ELMA: Dit lyk na 'n stukkie plat yster of so iets?

OUMA: Ja, my kind, dis die staalpunt van 'n koeël, en weet jy waarom dit plat is? (*Elma swaai haar kop.*)

OUMA: Dis 'n Engelse koeël wat teen die bors van my oudste seun platgeslaan is... My oudste... my eersteling... (*byna aangedaan. Dan weer fier.*) Maar ek sal nie week word nie. Daar is nie meer tyd vir trane nie... Net die een dag was ek swak, toe Rina en ek oor hom getreur het. Net daardie dag... Ja, sy het gehuil, Maryna lag daaroor... Nie jy ook nie, nè, Elmatjie?

ELMA (*onseker*): Nee, Ouma.

OUMA: (*Haal kruithoring van muur*): En hierdie kruithoring was my oupa Diederichs s'n wat hy in die Voortrek gebruik het. Hy't ook voor 'n Kafferassgaai geswig, maar nie voor die Sanna onder hulle gemaai het nie. Daar was vir jou 'n dapper man. Jy moet tog onthou dat ons weer oor jou oupagrootjie praat . . . En jy sal onthou wat ek jou vertel het . . . dit vir altyd in jou hart rondra en dit aan jou kinders en kleinkinders vertel sodat hulle kan weet van die groot onreg wat gepleeg is. (*Elma staar haar onbeweeglik aan.*)

OUMA: Elmatjie! My dierbare kind! (*Trek Elma nader en omhels haar met geslote oë. Elma ongemaklik. Trek haar kop vinnig weg. Kyk na Ouma se skouer met vieserige uitdrukking.*)

ELMA: Ouma se rok ruik so muwwerig . . . soos mottegif . . . soos iets wat uit 'n toe kas kom.

OUMA (*ignoreer die aanmerking*): Elma, ek meen dis die regte oomblik om dit te doen. Ek wou jou nog altyd iets gepresenteer het. Dis iets wat in my hart sit, hier diep binne . . . Dis nou al geslagte lank so dat dit aan die een in die familie gaan wat die vasste staan, wat nie die boodskap in hom sal laat doodgaan nie. En ek het lankal geweet dis jy, my kind. Vir Mauritz begryp ek nie. Hy's besig met ander idees wat bo my begrip is; hy's te geleerd onder my uit. Maar jy, Elma, jy's die Maarsberg waarin die vuur praat . . .

ELMA (*dronkgeslaan*): Waarvan praat Ouma nou?

OUMA: Jy sal nou weet. Ek wag al lankal vir die oomblik.

ELMA: Wat is dit? Is dit iets moois?

OUMA: Kyk in daardie kas; op die onderste rak . . . heeltemal links in die hoek. (*Elma loop na glaskas; maak die deur oop en begin soek.*) Versigtig tog, kind, versigtig. (*Elma haal eers 'n mooi Delftse blompot uit.*) Nee! Nie dit nie! Nog meer links, langs die teegoedbalie.

ELMA (*ingenome*): O, bedoel Ouma hierdie mooi klein koppie en piering? (*Haal keurig gebloemde miniatuur koppie en piering uit.*)

OUMA: Nee, die kommetjie, kind, die kommetjie!

ELMA (*teleurgesteld*): Bedoel Ouma dit? Hierdie ou vaal bakketjie?

OUMA (*gloeiend*): Dis hy, my kind!

ELMA: Maar dis dan so vuil-wit, en vol klein barsies van die ouderdom.

OUMA: My kind, as jy die geskiedenis van daardie kom-

metjie ken, kan die suiwerste goud nie vir jou mooier wees nie.

ELMA: Hier is dan glad 'n stukkie uitgehap.

OUMA: Dis 'n wond wat nooit sal genees nie. Kom sit hier en hou die kommetjie vas terwyl Ouma jou sy geskiedenis vertel. Versigtig! Oe, kind, wat maak jy? (*As Elma effens oor die mat struikel.*) So ja, hou dit styf vas en kom sit hier. Maar eers dit! Jy moet hier plegtig aan Ouma belooft dat wat jy van Ouma gehoor het, jy nooit sal vergeet nie, en dat jy sal sorg dat dit nooit vergete raak nie... Nooit! Nooit! Nooit! Kom nou: belooft!

ELMA (*ongemaklik*): Ouma, vertel eers. (*Deur regs gaan stadig oop. Mauritz is in halfoop deur sigbaar. Ouma sit met haar rug na hom, maar as Elma hom sien, wil sy verlig uitroep, maar hy wink haar dat sy moet voortgaan. Ouma kyk die kind verwonderd aan, maar begin dan te vertel.*)

OUMA: Goed dan, laat ek eers vertel, dan sal so 'n belofte nie vir jou moeilik wees nie. O kind... help tog gou... Die duiseligheid... (*Val terug in stoel, hygend.*)

ELMA (*spring op*): Ouma, wat's dit? (*Mauritz wil eers naderkom, maar as hy Ouma sien roer, bly hy staan. Elma is half hulpeloos, maar Mauritz beduie haar na die bottel vlugsout.*)

OUMA (*in bewerige stem*): Is die roos nog daar? (*Elma gee dit haastig aan. Ouma ruik daaraan, maar bly nog so lê. Stem nog onseker.*) Elma, sit nader dat Ouma nie so hard hoef te praat nie. Het jy nog die bakkie? Hou dit mooi vas. Sy geskiedenis, nè? (*Elma kan nou skaars stil sit van senuweeagtigheid. Kyk haar Ouma byna met vrees aan.*)

OUMA (*haar stem byna rou gefluister; asem jaag vinniger*): Daardie kommetjie, die lelike vaal bakketjie wat jy sê, is ouer as al die mense in hierdie huis saam. Dit het saam met ons voorouers uit Frankryk gekom; deur die Groot Trek het oupa Diederichs hom gebruik en my eie moeder hom so versigtig soos een van haar eie kinders opgepas. Die dag toe die Tommies ons na die helkampe geneem het, het sy hom dik van die flennie toegedraai. (*Elma kan nou skaars meer stil sit; waag kort-kort 'n kykie na die deur, asof sy smeek dat Mauritz moet binnekom. Ouma steek meteens haar hand uit en hou Elma styf aan die arm vas. Die kind deins met 'n gedempte uitroep terug, wil padgee, maar die hand hou styf vas.*)

OUMA: Dit was so teen sononder dat Ma gesterf het... so teen hierdie tyd... aan die koors het hulle gesê... maar dis hulle wat haar vermoor het... 26,000 van ons vroue en kinders vermoor het... en nou moet ons vergeet. (*Elma draai haar kop met pynlike uitdrukking weg. Meteens.*)

ELMA: Dis genoeg! Ek wil nie meer hoor nie!

OUMA: Ek het haar in hierdie kommetjie water gegee toe die einde gekom het. Toe het sy gesterf. Net na sononder. Die hand wat die bakkie vasgehou het, het slap langs haar geval en die kommetjie teen die paraffienkassie gestamp. Dis daar waar hy sy keep gekry het... Die wond wat nooit sal genees nie. En weet jy wat was haar laaste woorde, haar sterwenswoorde wat oor die blou gemartelde lippe gekom het...?

ELMA (*spring met gil regop, ruk haar hand weg en druk haar ore toe*): Ek wil nie meer hoor nie! Ek wil nie! (*Snikkend*): O, Pappa, kom help my, ek kan dit nie meer uithou nie.

OUMA: Jou belofte, my kind. Beloof! Jy't die bakkie in jou hand gehou. Voel jy nie die vuur wat daarin brand nie... die vuur wat nooit mag doodgaan nie?

ELMA: Nee, ek voel niks. (*Nog steeds snikkend. Sit bakkie haastig op tafel langs rystoel neer. Draai skuins weg van Ouma.*)

OUMA: Die vuur! Dis ook in jou, my kind. Jy's van dieselfde staal as die Diederichs en die Maarsbergs voor jou. (*Dringend; haar stem nou soos 'n rasper; kop laag vooroor.*) Kom nou! Vat die bakkie en beloop aan Ouma. (*Steek weer hand uit na Elma; dit kom stadig nader, maar toe dit aan die kind raak, spring sy met 'n ruk opsy.*)

OUMA: Of wil jy soos jou nuwe mamma word... koud en afvallig... sonder liefde vir wat ons heilig is... sonder agting vir ons lyding? (*Asem jaag al vinniger. Elma kyk haar aan met wilde oë, asof sy gehipnotiseer is.*) Of wil jy soos jou eie mamma word, jou liewe dierbare moeder wat nooit sou vergeet nie? Kom nou, kies tussen hulle, en jy kies tussen wat reg en verkeerd is.

MAURITZ (*kom van agter deur uit*): Hoe durf Moeder dit doen?

OUMA (*draai haar kop na hom, en 'n minagtende glimlag kom daarop. Dan stadig, asof elke woord 'n veroordeling is*): Die Maarsberg... in wie die vuur... nie meer brand nie... die slim man van die stad... wat te groot vir sy eie volk... geword het. (*Dan weer teenoor*

Elma): Kom nou . . . my liefling: Kies tussen wat reg en verkeerd is . . . Die son gaan onder, my kind. (*Beide Mauritz en die ou vrou kyk die kind deurdringend, afwagtend aan.*) Die vuur is in ons, kind . . . Dis net in verraaiers en swakkeling wat hy doodgaan. (*Steek haar hand na Elma uit.*)

MAURITZ: Ek is jou vader. Sê vir Ouma wat in jou hart is, Elma. Eerlik en opreg!

ELMA (*haar hande beef soos die emosies in haar speel; na aan histerie. Dan tel sy haar kop op en kyk Mauritz reguit in die oë.*). Ek wil by Pappa bly. (*Dan val sy hom om die nek. Hy streef haar are.*)

MAURITZ: My kind! My Elma!

OUMA (*Kyk hulle verdwaas aan, dan val die uitgestrekte hand slap terug. Sy draai haar kop moeisam na Mauritz en kyk hom met oë aan wat diep beskuldig. Dan draai sy haar kop na die kommetjie op die tafel en haar gesig verhelder ineens.*)

OUMA (*opgewonde*): Sien julle nie die vuur daarin brand nie? Die vuur! Die vuur! (*Reik na bakkie, maar net toe sy dit in haar hand neem, verloor sy haar balans en val vooroor uit die stoel met 'n dowwe slag op die tapyt. Die kommetjie hou sy steeds in haar hand vas. Elma gil en Mauritz roep verskrik uit*): Moeder, wat doen u? (*Maryna storm die kamer binne.*)

MARYNA: Wat het gebeur? Wat het Moeder oorgekom?

MAURITZ: Kom help gou, dat ons haar weer kan ophelp. (*Hulle tel haar versigtig op die rusbank op. Elma bly verslae eenkant staan. Die kommetjie is nog steeds in Ouma se hand vasgeklem.*)

MARYNA: Sou sy seer gekry het? O, ons moet dadelik die dokter laat kom. (*Neem versigtig ou vrou se pols in haar hand.*) Dit klop skaars! Kyk hoe jaag haar asem. (*Vinnig af. Elma kyk haar stip agterna. Mauritz plaas die nat lappie op haar voorkop. Ouma se oë gaan skielik oop; haar stem gejaag; ylend.*)

OUMA: Daar kom hulle! Daar by die koppie! Gou, opsaal burgers, opsaal. Skiet hulle plat . . . Mooi skoot, Mauritz . . . Nog een! Mauritz, my ou man! Nog een! Daar vlug hulle. Ons het gewen . . . hulle raak weg . . . hulle's die Grootrivier oor . . . die see in . . . kyk hoe trek die sprinkane die see in . . . Ons land is weer ons s'n . . . God, ons dank u . . . Mauritz, geluk, my ou man . . . Mauritz! Mauritz! Waar is jy? Kom na my, Mauritz! (*'n Oomblik stil; Maryna kom saggies nader; die drie staar haar stilswyend aan, oorstelp-eerbiedig.*) Ek is hier, Moeder

... hier langs Ma ... ja, hier staan ek langs die parafienkassie ... Drink die water, dis koel ... Moeder, moenie ons verlaat nie! (*Dan weer 'n rukkie stilte.*) Ek kom, Moeder ... Ons het die stryd gewen ... Ek kom ... Kyk die son sak weg ... Ja, ek bring ons kommetjie saam ... Moeder! (*Haar hand val slap op bed; die kommetjie rol daaruit en val stukkend op die vloer. Vertrek nou in sterk skemerte gehul. 'n Oomblik van doodse stilte.*)

MAURITZ (*diep bewoë*): Die oudstryder het haar laaste geveg gewen.

MARYNA (*buk vooroor en soen die slap hand*): Sy sou my nooit verstaan nie. As sy net weet watter diep respek ek vir haar gehad het. (*Sy word bewus van Elma langs haar. Neem die kind in haar arms en troos haar. Elma hou haar styf vas.*)

GORDYN.

Gedigte Van Eugène Marais,

vertaal deur A. E. THORPE

WINTER NIGHT

The wind, it is biting
and chill.
A-gleam in the twilight
and still,
Like God and His grace without end,
So the plains in the starlight extend.
Up above, far away,
In their serried array,
Like beckoning hands,
The tall grasses sway.

With sad music laden,
The east wind blows on,
Like the song of a maiden
Whose lover is gone.
Each blade in its fold
A dewdrop doth hold,
So soon to be turned
To frost in the cold!

ARCHANGEL DEATH

I

A drop of gall is in the sweetest wine;
In joyous mirth are there yet tears of grief;
'Twixt laugh and sigh lies but a narrow line,
And not one rose but has a crumpled leaf.
And watching through the night
Our poor delight,
He laughs in spite, —
Archangel Death.

II

Assured and proven is the word:
The wealth wherein we put our trust,
Despite the strongest lock and cord,
Corrupted is by moth and rust.

We creatures frail
Like shadows pale
Before him quail —
Archangel Death.

III

The varied charms of flesh and blood;
The hair that in the sunlight gleams
And throws it back in golden flood:
Soft cheeks that glow in daybreak's beams,
And eyes which shine with starry light,
Are helpless 'gainst thy greater might.
Too soon the fires of life burn low;
The worms await our piteous plight
And back to dust we all must go.

Dark as the pall,
Rules over all
Both great and small,
Archangel Death.

IV

L'ENVOI

For sure, 'tis all a sorry jape!
In comedy our part we play,
Blindfolded with a band of crêpe, —
The shadow cast by light of day.

Yet need we mourn?

Viol and flute make music still;
Night stretches long before the dawn.
Though naught we to perfection bring,
Yet eyes will shine and blood will thrill
And all our winter change to spring.

So meet his frown
And laugh him down,
The feeble clown, —
Archangel Death.

Jan van Nijlen

Sewentig Jaar

S. J. PRETORIUS

*„Gij wist het leven iets vergeefs' en leegs
Een redloos ruischen van begin tot eind,
Waarin tastbaar alleen het kort genot . . .”*

(J. Slauerhof: Aan A.R.-H.)

Van Nijlen wat waarskynlik die belangrikste lewende Vlaamse digter is, was op 19 November vanjaar 70 jaar oud. Agter hom lê 'n veelbewoë loopbaan deur twee oorloë, in een waarvan hy sy seun verloor het, 'n tydperk van miskenning en, in die algemeen, van moeisame innerlike worsteling maar ook van heerlike skoonheidsverlossing.

Die rede waarom Van Nijlen lank misken was, moet hoofsaaklik in twee faktore gesoek word: eerstens was Karel van de Woestyne aan die begin van die eeu toe Van Nijlen se eerste gedigte verskyn het, mode en het die Van de Woestyne-epigonisme soos 'n epidemie gewoed. Aan die ander kant lê dit in die aard van Van Nijlen se digterskap en persoonlikheid, wat aanleiding gegee het tot 'n misverstand wat hom so lank gekluister het „in de enge sel van 't middelmatig lot” soos hyself in *Hondsdagen* verklaar.

In 'n tyd toe die digters hulle oor maatskaplike toestande uitgespreek het en die gedronge idoom van Hopkins en „evokatiewe krag” en „vitalisme” mode geword het, toe die poësie die strydperk van die moderne lewe betree het, die geslag van Auden hulle midde in die politieke en maatskaplike lewe gewerp het, toe groot geeste met hulle ontsaglike sienings en swaarglorende apokaliptiese ondergangsvisionene die wêreld soos met magtige donderslae wou wakker moker vir die doem wat hulle al harder hoor lui het, kon Van Nijlen se stem nie gehoor word nie, want daarin moes dit byna anachronisties klink. Maar vandag begin ons besef dat daardie stem die intieme hart was van die Weste wat spyts alle rumoer en gedonder, spyts die Cesare Borgias, Napoleons en blonde beeste, onversteur voortgegaan het met die onheuglike lied van die onuitroei-

bare skoonheid. Soos hy self gesê het: dit is nie die knape met die sabel en die geweer wat dit op die ou end wen nie, maar hulle wat „voor altijd afgewend van lach en spel, eenmaal den deemoed van de liefde kennen en onder-tusschen, leven in de hel.” Die lewe en kuns van Van Nijlen is nie ’n wekroep nie maar ’n voorbeeld. Hy is nie ’n skrywer nie maar ’n noodlotskarakter, nie ’n digter nie maar ’n fenomeen.

Met die strengste selfdisipline het Van Nijlen alle pre-tensies van hom afgewerp. In eenvoudige, direkte bewoording spreek die digter, meestal in ’n sagte gedempte toon, sy ontroering uit. Hoeseer die verleiding hom soms moes voorgedoen het, swig hy nie vir vertoon en grootdoenerigheid nie. Formeel het dit gelei tot ’n afkeer aan ’n rewolusionêre tegniek. Dié poësie het primêr te doen met die uitspreek van die digter se ontroering en binne daardie perke duld sy „afgeslete” beeldspraak geen verdere analise nie, want — om ’n beeld te gebruik — die diere in die laken is deur ’n god gereinig. So waarsku hy ons dan ook doelbewus:

Wees vooral niet verbaas dat langs gewone boomen
Een doodgewone trein u voert naar 't hart van Rome.

Dit is kensketsend van Van Nijlen se digkuns. Hy sku alle onbeheerste uitinge. By hom geen regstreekse uitskree van demoniese angste en histerie nie. Soos by Milton het hy daardie dinge met dissipline gebind en is daar geen „panic, no wild cry for relief (but) the spirit is as serene in its utterance as it is restrained” — iets wat feitlik verlore gegaan het in ons moderne poësie. Die ontwykende aard van hierdie poësie lê dus in die persoonlikheid van die digter beslote.

Aanvanklik bemin hy die aarde met ’n ekstatiëse liefde. Hy beskik oor ’n wonderbaarlike plastiese vermoë en het beslis sy sintuie „at his fingers’ ends”. Geleidelik word hy egter getref deur die ellende van die lewe totdat hy as veertigjarige moet beken: ook die natuur kan geen verlossing bied nie:

„ . . . waar vol verlangst
Uw jeugd langs heidestruik en dennen
Zich in de spiegel wou herkennen
Van de natuur en vond haar angst.”

Al swaarder en donkerder sy vermoedens. Die lewe is ’n ewige spel van „’t vergeefsche zoeken naar een aardschen vrede . . .” Alles pleeg verraad teen die hunkerende hart

(„u zoeken naar duurzaam heil is moede en ziek”) Alles is nutteloos: die einde bly neerlaag teen die dood. Altyd neem hy afskeid. Elke ding wat hy sien, sien hy vir die laaste maal. Onsegbaar-droef is woorde soos: „Nogmaals de dageraad . . .”, „De zoveelste Lente . . .”, „En laat noch éénmaal ernstig zingen de nuttlooze nachtegaal . . .” ens. In gedigte soos „De Ziekenhuis” spreek hy sy verbystering en angs uit oor lyding en dood. Niks op aarde wat nie onderworpe is aan die verganklike nie: „geschoren kinnen lange baarden, vriendelyke oogen gaan in 't graf . . .” Eenzaamheid en vertwyfling pak hom beet, onsekerheid oor ons lot ná die dood en duisende kwelvrae pynig hom. Geweldig moet hierdie vertwyfelde hart ly, maar (en hierin lê myns insiens sy grootheid) deur selfbeheersing slaag die digter daarin om vir ons nie *baaierd* nie maar *kristal* te bring, nie die *proses* nie maar die *produkt*. Hy bring vir ons 'n „emotion recollected in tranquillity”. Daarom kry ons in sy sogenaamde „stereotiepe” verse altyd daardie ondefinieerbare breeddeinende magtig-droewige, veraf-ruisende:

„ . . . still sad music of humanity
 Nor harsh, nor grating, though of ample power
 To chasten and subdue . . . ”

In die oplossing van die verskriklike probleem wat hom so pynig, kies hy nie die *vitalistiese* nie maar die *geestelike* weg. Nie die weg van die dansende derwisj nie maar van die peinsende Boedda. Om dié redes is Van Nijlen se poësie in sigself geslote, nie duister nie maar glashelder en tog vol glansende spannings wat 'n vreemde allure besit buite die begrip van die woorde om. Wat Nijhoff gesê het, is hier inderdaad waar: „Er staat niet wat er staat” (Awater), of (ek meen dit was Greshoff wat dit gesê het) 'n gedig is soos 'n ysberg waarvan die grootste gedeelte onder die water dryf. In soverre is selfs die helderste poësie duister. Elke gedig is 'n geheel wat voortdurend-wisselende en lewende gloed van emosie gewek deur spanninge uit 'n innerlike verborge lewe.

Te midde van hierdie wêreld van lyding staan die digter. Hy wat die lewe hartstogtelik liefhet, voel hom verraai en hy besef dat hy slegs aan die lyding kan ontkom deur hom van die bose drif wat hom van begeerte tot begeerte voortstu, te bevry. Dan word dit 'n heen-en-weer skommeling tussen liefde en smart, lus en onlus, pyn en genot, eensaamheid en oorgawe aan die wêreld. En in hierdie mikrokosmos van die digtersiel sien ons die universele.



ARCHANGEL DEATH

Dwarsdeur sy bundels van *Het Aangezicht der Aarde* (1923) tot *De Slaapwandelaar* in 1948, bring hy vir ons, in altyd-wisselende fasette, hierdie gedagtes. Die obsessie word angswekkend en Van Nijlen sou seker ten onder gegaan het as hy hom nie kon red met sekere, ek wil byna sê „afgode”, soos Nietzsche nie. Die vernaamste wapen wat hy aangryp, is die kinderdroom, die tyd van argelose kindsheid, toe die wêreld skoon en een glans was, en dit bly, as deel van sy natuurdroom, die mees konstante bron van troos. Dan is daar die vrou („daar is ten slotte nog die vrou,” sê hy) en daarmee „carpe diem”, en die ironiese glimlag van iemand wat hom magteloos weet teen die woeste lewe. En dan die dood:

Maar iedereen ligt in zijn bed
Eenmaal tot lijk versteven,
Wordt in een kelder bijgezet
Of weer aan de aard teruggegeven.
Zoo is het goed, zoo moet het zijn:
Er komt een eind aan alle pijn.

Vir wie die uiterste smart moet dra is die dood 'n verlossing. Nie romanties nie maar om die lewenstroom, die ellende te stuit.

Langsamerhand raak hy lossier uit die bande wat hom so vas aan die aardse smart knel:

„ . . . nooit kende
Mijn jeugd de vreugde die ik nu gevoel,
'k weet mij nu nader bij mijn menselijk doel
De dood, maar zonder 't masker der ellende . . .”

Met wat nou alles gesê is, kan ons vasstel dat Van Nijlen se hele digterskap 'n poging is om afstand te doen van 'n wêreld van onbegryplike lyding. Dit is die aandrift tot sy lied. Ewig soek hy na 'n uitweg na die gebied van vrede, vergeefs . . . omdat:

Omdat hy spoorhal kent noch kade
Die voeren naar 't beloofde land.

Steeds strewer hy na wat Aristoteles gesê het: „Gelukkig wees, is selfgenoegsaam wees.” Hy begin almeer uitsien na die dood. En langsaam ontdek die siel, gadel deur lyding, dat hy nie meer verlang om kind te wees nie, maar weer kind geword het. En as die laaste slag val, en hy sy beminde seun verloor, het hy die lewenstryd oorwin, gaan hy as Slaapwandelaar die lewe deur, dit wil sê, as kind weer wat die dinge alles volkome belangeloos aanskou. Hy is

bevry van die stuwende stroom wat hom ewig herhaal in die geboorte van ellende en naak sien hy die motiewe aan, vgl. Strofen voor een Doode II. Hy is in staat om die lewe tot die bodem te deurskou. Alles het enkel voorstelling geword. Die wiel van Ixion begin staan. Daarom dat daar in hierdie laaste goddelike gedigte so 'n gewyde stemming, so 'n mistieke lig aanwesig is, dat dit ons voer na 'n bo-aardse sfeer. Hier hang oor die aardse dinge nie meer 'n aardse lig nie. Hier is die ewigheid aanwesig:

Ik zie drie notelaren zonder blad
voor een oud huis waar men de luiken sluit
En het verlangen dat mij eens bezat
bevangt me weer bij dit vertrouwd geluid,

Maar kwelt niet meer. Ik heb de schoone reis
waarvan ik droomde werkelijk afgelegd:
Als ik ontwaak, ben ik voor altijd wijs.
Reeds hoor ik vaag de kloppen van den specht,

En verder 't lachen van de wielewaal,
als telkemaal bij 't keeren van de weer.
En ik begrijp. Reeds glimt ter kim een vaal
maar groeiend licht. Ik zie het straks niet meer.

Dit is die ewige poësie van die hart wat sal bly voortsing
solank daar nog mense is wat ween en lag:

O laatste warme dagen van September
De weemoed van uw licht gloeit ook in mij,
Ik laat als gij mij met een glimlacht glijden
Naar dood en vrede, beiden zoo nabij.

Wat bly daar per slot van sake oor om in sulke poësie te ontleed? Dit is sielsmusiek. Die stem van iemand wat van oorkant die graf uit 'n ontydelike wêreld met ons praat, nie in woorde nie maar in onbegryplike klanke wat ons met 'n oneindige weemoed maar diepe vrede vervul. Dit is soos 'n sonsondergang na 'n dag van storms: skielik breek die son in laaste glorie uit oor die oneindige stilte van die skepping, soos 'n hand wat seënd en troosryk op die aarde rus. Die valse wêreld van skyn en bedrog, van lyding en ellende, van koorsige soeke en storms van hartstog en pyn gaan verby en:

Dan gaat voor mij de ware wereld open,
waar alles echt is, alles licht van toon;
geen paradijs met pauwe en antilopen
maar klein en doodeenvoudig en gewoon.

En so vind die deemoedige en groot siel sy rus, en staar na ons uit 'n voortydlike lig, soos William Blake gesê het: „like one who has conquered the inner man.” Los van alle stelsels en bewegings, eenloper soos hy begin het, staan hy, eensamer as ooit wellic, maar sterk „van rust en evenwicht” en wag op die skone ontknoping van die tragedie.

Hy begin daardie sielstoestand bereik wat Epikurus so hoog geroem het. By die „Oude Herberg te Retie” begin hy die moontlikheid aanvaar dat „iemand dagelijks zijn brood/ Eet zonder heimwee, zonder dat een grens/ hem lokt, terwyl in 'n purper avondrood/ De schijf der zon een wonderbare lens/ wordt die droomen van zijn jeugd vergroot.” Deur die kleine raampies val 'n spaarsame lig op die kaggel en teëls en: „Wie, na een tocht door de verschroeide heide,/ hier rusten komt, begriipt voortaan zijn plicht.”

Van Van Nijlen kan inderdaad gesê word wat Nijhoff van Memlinc gesê het:

Hong'rend naar eeuwigheid
Brak hij zijn leven als brood,
Proefde in dit voedsel de dood
Deed afstand en houdt zich bereid.

Luisterend, zwiwend en in
Vroomheid bereid; voorwaar
Dit is geen einde nog, maar
Een voorgoed begonnen begin.

W. van Heerden

SELFVERGRYP

Waarom hy in die gevreesde water
so weg wou sink?:
by die lykskouing veertig dae later
kon geen getuie aan 'n enkel rede dink.

Wat weet ons van 'n man se wese, of
waar sy geheime geestes-wêreld is? —
die werklikheid lê dieper as die hof
se nugter rekord van getuienis.

Wat veel meer van belang is as 'n feit
is soms die rigting waarvandaan ons kom:
deur vreemde oë is ons werklikheid
'n ander syfer in 'n nuwe som.

* * *

Wie op homself jag, van homself ontvlug as prooi,
kom nooit tot rus al duur die tog hoe lank;
slegs 'n verposing as die grens ontdooi
op kegel-bodem van 'n bottel drank.

By jag deur geestelike bos en veld
het hierdie ander las gekom: die dors
wat nooit geles sou word maar kwistig geld
en laaste reste van geluk vermors.

Tot dat die jagter aanlê om te vuur,
die prooi bly staan om in die loop te kyk;
ook vir die dors 'n allerlaaste kuur,
en geen skuldeiser sou hom meer bereik.

* * *

Hoe die besluit gegroei het moet ons raai
uit wewende faktore van verval;
wat daar in sy gedagte was met laai,
die aankyk van die loop, die knal.

Die koeël spinnende het hom deurboor
toe hy nog die geboë sneller druk;
'n klein gat netjies in die skedel voor
maar agter gapend oopgeruk.

Het suigwind van 'n kosmiese orkaan
oombliklik ingewoed oor hom,
'n bodemlose kolk waarmee hy gaan
in duisternis waar daar geen sterre kom.

'n Lyk laat hierdie indruk: dat dit nou
iets sonder die geringste waarde is,
'n nagelate hulsel wat niks hou
as ons verskrikking en ontsteltenis.

Die Jongeling Is Die Moeder Van 'n Kind

(Basoeto-legende, oorvertel deur MINNIE POSTMA)

Die ou mense vertel van 'n vrou wat net twee seuns gehad het. Daarna het sy nie meer kinders gekry nie al was sy nog sterk en jonk in jare. Dit was 'n saak waaroor sy baie droewig was.

Sy was bedroef as sy ander vrouens sien wat klein kindertjies soog; haar hart was seer as sy moeders sien wat suigeling met die „thari,” op hulle rugge vasgemaak, rondra.

Sy het gehuil omdat sy nie meer daardie geluk kon smaak nie en sy het oud geword voor haar tyd.

Haar broer het haar jammer gekry, toe byt hy haar oor met 'n geheim. Hy vertel dat daar in sy gebied 'n plant groei waarvan die blare aan haar die gawe van vrugbaarheid sou skenk. As sy dit eet, sou sy weer kinders kry en saam met hulle sal sy weer kan lag.

Maar hy het ver van haar af gebly en sy kon nie self gaan nie. Toe stuur sy haar seun om die blare vir haar te gaan haal. Hy was al groot genoeg om alleen die lang ent pad te loop.

Toe gaan hy.

Hy kry die blare.

Hy kom terug.

Maar langs die pad eet hy daardie blare self op. Hy eet alles op, hy maak dit klaar en toe hy by sy moeder kom, vertel hy vir haar met 'n leuen dat sy oom se beste daardie blare alles opgevreet het, en dat daar nie eers een oorgebly het wat hy vir haar kon stuur nie.

Sy moeder glo hom en haar hart is baie seer oor die teleurstelling. Maar sy sê niks nie en hy weet nie van die groot droefheid wat binne in haar woon nie.

Hy gaan saam met sy broer na die veld toe om die beste op te pas net soos hulle maar altyd gedoen het, en hy weet nie van haar droefheid wat maar altyd groter, groter, groter word nie.

Eendag, toe die beeste onder in die vlei vreet, sê hy vir sy broertjie hy moet na hulle kyk, hyself wil net gou 'n paar wippe gaan stel in die berg. Hy loop op in die kloof en waar geen mens hom kan sien nie, kry hy 'n kind. Sy hart is baie bly oor hierdie seunskind van wie hy die moeder is en hy gee hom die naam van Nkolobe.

Dis darem 'n baie vreemde saak hierdie! Hy kan dit nie verstaan nie. En al is hy bly oor hierdie kleintjie is hy darem skaam vir sy maters ook. En dis daarom dat hy sy kind agter, in die duisternis van 'n diep grot, gaan wegsteek. Daarna gaan hy terug na die beeste en sy broer toe. Hy sê vir hom:

„Ek sal wag tot môre dan sal ek gaan kyk of ek voëltjies gevang het.”

Sy broer glo hom en die middag toe die skaduwees van die bome ver oor die velde loop, gaan hulle met hul kudde terug na die kraal toe. Die grote is vrolik en sy vreugde is groot as hy dink oor sy seunskind. Die kind wat „die hand” sal wees wat hom in sy ouderdom sal ondersteun; vir wie hy 'n vrou of vrouens sal ruil met beeste. Vrouens wat vir sy seun en vir hom sal water dra; vrouens wat vir hulle sal kos kook; vrouens wat hul lande vir hulle sal bewerk.

Toe hy by die huis kom, eet hy en gaan hy slaap. Vroeg die volgende môre, nog voor die hoenderhane huil, staan hy op. Hy neem 'n horing, hy gaan kraal toe en terwyl almal nog slaap, melk hy dit vol en bêre dit versigtig tussen die bosse.

Maar toe hulle weer met die beeste na die weiding gaan, neem hy die horing vol melk en steek dit onder sy karos weg.

Niemand weet van daardie melk nie. Maar toe hulle in die veld kom, sê hy vir sy broer:

„Jy moet die beeste bietjie oppas, dan gaan ek kyk of daar voëltjies in my wippe is.”

Toe loop hy. Hy loop haastig soos 'n koei wat na haar kalfie toe gaan wat sy in die lang gras weggesteek het. Toe hy by die bek van die donker grot kom waarin sy kindjie slaap, sing hy vir hom:

„Huil-huil, dat ek jou kan hoor, Nkolobe,

Huil-huil, dat ek jou kan hoor, Nkolobe.

Jy wat nie by mense gebore is nie, Nkolobe,

maar in die veld soos 'n wildebeeskalfie, Nkolobe,

Self verskyn het soos gras teen die berghang,

Nkolobe.”

Toe huil die kleintjie diep in die grot: ngoê, ngoê, ngoê!

Hy gaan haal sy kind en bring hom uit na die lig toe, daar gee hy vir hom die melk van 'n koei wat hy vir hom saamgebring het in die horing omdat hy homself nie kon soog nie. Toe sy magie vol is, slaap hierdie suigeling wat nes hy lyk, soos die kleintjie van die streepmuis ook nes sy moeder strepies het.

Toe die kind slaap, gaan bêre die jongeling hom weer in die duisternis van die diep grot. Daarna gaan hy weer terug na die weiveld toe.

Die tweede dag maak hy net so, Joalo.

Die derde dag doen hy dieselfde. Net so. Elke dag. Elke dag. Elke dag en as dit môre is, staan hy op met dieselfde lekker hart van die dae wat verby is.

Sy broertjie wonder watse voëltjies dit is wat hulle nie laat vang in die wippe wat sy broer vir hulle stel nie. Elke dag wonder hy oor hierdie saak maar hy sê niks nie. Hy vra ook nie. Hy wag maar net sy kans af.

Eendag sê die jongeling wat die moeder is van 'n kind, weer vir sy broertjie:

„Thlê, kind van ons huis, kyk jy tog weer na die beeste, ek wil net gaan sien of ek nie vandag voëltjies in die wip gevang het nie,” toe loop hy haastig daar weg, die berg in, soos 'n koei haastig is wanneer haar uier vol is en sy weet haar kalfie se maag is leeg. Hy kyk ook nie om nie en hy weet glad nie dat sy broertjie skuil-skuil agter hom aansluit nie.

Al agter hom aan.

Al agter hom aan tot hy by die grot se bek kom. Toe kruip die broertjie weg en stuur net sy oë daar na die grot toe dat hulle kan sien wat se wippe dit is wat die jongetjie so stel, stel, stel.

Maar sy oë sien glad nie wippe nie, dis sy ore wat 'n lied hoor. 'n Lied wat sy broer sing. 'n Lied vir Nkolobe:

„Huil-huil, dat ek jou kan hoor, Nkolobe,

Huil,huil, dat ek jou kan hoor, Nkolobe.

Jy wat nie by mense gebore is nie, Nkolobe,
maar in die veld soos 'n wildebeeskalfie, Nkolobe,
Self verskyn het soos gras teen die berghang,

Nkolobe.”

Toe huil daar 'n klein kind uit die grot uit: ngoê, ngoê, ngoê en hy, wat die moeder is, gaan haal hom daar binne en bring hom buite na die lig toe, en gee vir hom die melk wat hy onder sy karos saamgedra het in die horing.

Die kleintjie drink. Hy word stil.

Jo, dis 'n ding wat die broertjie nooit verwag het nie. Hy hardloop terug na sy beeste toe. Vinnig soos Mutla, die haas. En terwyl hy wag, bedink hy 'n plan.

Toe sy broer terug is, kla hy dat sy kop baie seer is. En sy broer stuur hom huis toe. Hy sê:

„Moeder sal weet watter medisyne jou gesond sal maak.”

Die broertjie gaan huis toe en toe hy daar aankom, vertel hy gou vir sy moeder wat hy daar bo in die berg gesien het. Hy sê:

„Kom, mé, kom dat ek jou wys waar daardie kind is.”

Met 'n groot ompad haas hulle vir hulle na daardie grot toe, sodat die broer wat agter die beestrop loop, hulle nie kan sien nie. Toe hulle daar aankom sing die broertjie vir die kind, net soos sy groot broer. Netso:

„Huil-huil, dat ek jou kan hoor, Nkolobe.”

Netso. Joalo.

Toe die kind huil, gaan haal die vrou hom uit die donker van die grot en bring hom na die lig toe. Toe maak sy hom stil met haar eie bors.

Sy wag tot hy vas slaap, toe sit sy hom op haar rug en maak hom daar vas met 'n dra-vel, 'n „thari,” en loop met hom terug na haar huis toe.

Haar hart is vrolik.

Haar vreugde is groot.

Sy het 'n kind verlang en sy het 'n kleinkind gekry. Sy sal hom vir haar seun versorg en voed.

Sy sal hom grootmaak soos sy haar twee eie seuns-kindens grootgemaak het.

Toe sy by die huis kom, steek sy die kleintjie weg sodat haar groot seun hom nie sien nie.

Die aand toe hy by die huis kom, vra hy vir sy broertjie of sy kop nog seer is, hy antwoord: „Ché, my kop is nou beter.”

Toe gaan slaap hulle.

Maar die volgende dag, toe hy weer met die horing vol melk by die grot aankom, sing hy vir sy kind nes ander dae:

„Jy wat nie by mense gebore is nie, Nkolobe,

Maar in die veld soos 'n wildebeeskalfie, Nkolobe

Self verskyn het, soos gras teen die berghang,

Nkolobe.”

Hy sing net soos ander dae, maar die gehuil van sy kind antwoord hom nie. Dis stil binne in daardie donker grot. Hy gaan kyk, maar die kind is weg. Toe huil hy wat die moeder is van daardie kind.

Hy huil die hele dag deur agter die beeste en toe hy die aand by sy huis aankom, is sy oë dik en rooi van al die trane wat hy gestort het. Hy gaan sit langs die vuur dat die rook oor hom kan waai, en hom kan sluier.

Maar sy moeder wat hom goed in die oog hou, vra:

„Waarom is jou oë so rooi, so rooi, Grootvader?”

Hy antwoord: „Nee, dis sommer die rook van hierdie vuur, mé.” Sy sê: „Sit aan die anderkant,” maar hy doen dit nie, hy kruip na die hut toe en toe hy daar binne is, gaan lê hy op die grond en hy huil so hard dat sy moeder hom buite in die rietskerm hoor. Sy gaan na hom toe en vra:

„Grootvader, huil jy oor jou kind, ná?” en hy antwoord met droefheid:

„Ek huil oor my kind, Moeder. Maar hoe weet jy dat ek 'n kind het?”

Toe wys sy vir hom waar die kleintjie lê en slaap, en sy vertel vir hom wat sy gedoen het. Toe vra sy vir hom:

„Hoe is dit dan, dat jy wat 'n jongetjie is, 'n kind kan kry?” En hy antwoord:

„Ek weet nie, mé! Miskien was daardie blare getoor — die blare wat ek vir jou by jou broer moes gaan haal het, Moeder.”

„Ná, wat het jy daarmee gemaak, ná?”

„Ek het dit geëet, Moeder.”

Nou verstaan die vrou hierdie saak. Sy is tevrede want dan is hierdie suigeling tog haar kind ook. Of dit nou haar eie is, of die kind van haar kind, dit maak geen verskil aan haar nie.

Sy sal hom tog moet grootmaak, want dit betaam nie 'n man om vir 'n kind te sorg nie. En — sal die mense nie vir hom lag as hy sy kind op die rug onder die „thari” moet ronddra nie!

Die jongetjie is ook tevrede. Dis reg dat sy moeder hulle kind versorg. Dis mooi as sy hom voed en dis goed as sy hom op haar rug ronddra.

Ché, hy is tevrede en sy moeder is gelukkig. Want dit is so, as 'n vrou nie meer eie kindertjies het nie, is dit die kinders van háár kinders, wat vir haar die geluk sal bring waarsonder die hart voor sy tyd oud word. En hier kom die verhaal van Nkolobe wie se moeder 'n jong seun was, by sy einde.

Ke tsomo ka mathetho.

Hugo Wauters

BIJ EEN KLEIN SCHILDERIJ

een kleine zee van zand
is het strand

die kleine zandzee
loopt verloren
in de grote waterzee

gelijk de zandzee verloren loopt
in de waterzee
loopt de waterzee verloren
in de luchtzee

zandzee
waterzee
luchtzee

tussen die drie zeeën lopen wij allen
driemaal verloren

WINTERNACHT

wolven lopen
over het ijs der rivier

er knagen ratten
aan de wortels van de bomen

de melkweg leidt
naar een voorwereldlijke tijd
venus weent
neptunus kreunt
uranus vloekt

hoor hoe die ratten knagen
nu wolven lopen
over het ijs der rivier

zo ook lopen de daklozen
verloren
in de nacht

HAVEN

in de mist
liggen schepen
schemerig

drenkelingen
kreunen
ver en vreemd

eenzame hopelozen
hopeloze eenzamen
lopen samen verloren
tussen teer en avondlijk water

als straks een stoomfluit gilt
vluchten hun schaduwen voorbij

dan vaart
geruisloos in de nacht
een schip
de haven
uit

Ou Gawie

VINCENT VAN DER WESTHUIZEN

'n Hoekie in ons deftige kerkhof, deeglik verskuil agter 'n digte heining van rankrose, is afgesonder vir die armlas-tiges. 'n Mens sou die vervalle klein hopies kwalik raak-gesien het tussen die weelderige graspolle en distels, was dit nie dat elkeen van 'n verroeste nommerplaatjie voorsien was nie. Vanmôre lê daar 'n vars rooi bultjie, en ek kan nie van die gevoel ontslae raak dat ons dorp se inwoners ou Gawie Dekker darem nie reg behandel het nie. Nie dat ek vir een oomblik wil te kenne gee dat arme swaksin-nige ou Gawie die minste aanspraak op 'n rykmansbegraf-nis gehad het nie; die arme siel het trouens die grootste gedeelte van sy patetiese lewetjie sonder 'n bloue duit in die plaaslike oue-tehuis deurgebring, maar tog voel 'n mens dat hy iets beters verdien het. Hy het immers geen erediens, publieke byeenkoms, of begrafnis misgeloop nie, en veral vir laasgenoemde het hy 'n besondere voorliefde gehad.

Daar het gistermiddag 'n knop in my keel gekom toe ek die vragmotor die straat sien afry met die swart kissie so verlate agterop. Sonder meer het ek in my motor geklim en agternagery. By die hek van die kerkhof het Dominee se swart sedan reeds gewag. Daar was net vyf van ons om ou Gawie se teraardebestelling waar te neem en die laaste hulde aan hom te bring: die leraar, die opsigter van die begraafplaas, ekself, en twee volk wat die kis moes dra en toegooi. (Die vragmotorbestuurder het verkies om by die rytuig te wag.) Met 'n effens ongemaklike stem het ds. Van Blerk 'n Psalm uit die Bybel voorgelees, 'n gebed gedoen, en alles was verby.

Vandat ek kan onthou was ou Gawie Dekker maar hier op Wilgerdal, 'n dwergfiguurtjie met 'n besondere groot kop, geklee in 'n toiingrige en stowwerige swart lakense pak klere, verlepte swart hoed, met 'n vuilwit strikdas voor die bors. Die dorpsmense het hom maar, soos al die ander armes wat altyd by ons is, geduld en geïgnoreer want hy was nou maar eenmaal 'n deel van Wilgerdal net soos die Kerk, die bank, die markplein, en ou Katzmann se winkel. Vir ons kinders was hy 'n bron van groot vrees

gedurende die kleuterjare en van onuitputlike vermaak gedurende die skoolgaande jare. In ons uittelspeletjies is die verloorder dan ook gewoonlik aangewys as ou Gawie en hy moes die ander jaag en probeer aanslaan. Die ongelukkige mannetjie is dan ook selde deur ons met rus gelaat en dikwels is hy agtervolg deur 'n streep jillende en koggelende skoolseuns.

As die ou egter van hierdie uittartery bewus was, het hy dit nooit laat blyk nie. Trouens, dit is sterk te betwyfel of hy ooit enige benul gehad het van wat om hom aangaan. Met 'n wêreldwyse frons tussen sy twee leepogies het hy sy eensame weg bewandel, altyd uitgedos in sy verweerde predikantsuitrusting en hy het dan ook geen geheim daarvan gemaak dat hy homself as een van die leraars van Wilgerdal gewaan het nie. Komieklik-waardig het hy sy self-geordende weg gegaan, en oom Koert Kotze, die ouderling, het dan ook sy hande vol gehad om alle nuwe aankomelinge op die dorp so spoedig moontlik op hoogte te bring van die feit dat ou Gawie darem nie werklik die eerbiedwaardige pos van herder in ons gemeente beklee het nie.

Vir ons jongspan was dit amper ongelooflik dat die verlepte ou figuurtjie ook eenmaal jonk kon gewees het, maar die ouer mense het ons verseker dat hy in sy jeugjare nogal oor 'n dinamietagtige humeur tjie beskik het, en sy behoeftige ouers moes dit dikwels deeglik ontgeld. Heel moontlik het sy swaar brein ook in dowwe opstand gekom teen die armoedige leefwyse waarin die noodlot hom met sy gebrekkige liggaampie gedompel het, en hierdie opstand het hy dan teen sy afgesloofde ou vader en moeder uitgewoed.

So het hy dan glo as jong seun elke aand in die bouvallige kombuisie voor die vuur gesit en sy sufgewerkte moeder rou vloeke toegeslinger oor die droë pap en swart koffie wat so gereëld as enigste aanddis moes dien. Sy ouer broer, Abel, 'n normale en hardwerkende jong man, kon hierdie toedrag van sake nie langer verduur nie, en allens het 'n plan by hom posgevat om 'n end aan hierdie gedrag van sy onredelike kleinboet te maak. Een aand, terwyl Gawie dan weer besig was om sy duiwelse tirade in die kombuis te loods, het Abel stilletjies 'n emmer vol water getap, 'n leer teen die buitemuur geplaas, en op die dak geklim. Hy het oor die skoorsteen gebuig. Gawie was nog een stryk deur aan die laster toe 'n diep grafstem hom deur die skoorsteen-opening bereik: „Gabriël, Gabriël,

waarom vervolg jy my so?" 'n Dik straal water het op hom neergereën. Gawie het op die vloer neergeslaan en gebid soos weinig seker nog nooit gebid het. Vanaf daardie aand was hy 'n ander mens, en baie van die ou mense beweer dat die besluit om „predikant” te word op daardie moment by hom posgevat het.

Hy was nog betreklik jonk toe sy ouers hom kort na mekaar ontval het, en toe was dit Abel wat die uiters moeilike taak op hom geneem het om sy swaksinnige broertjie te voed en te versorg.

Die jare het verbygegaan en Abel het 'n bejaarde en sieklike man geword en uiteindelik die stryd teen die dood gewonne gegee. Nou was die vyf-en-veertigjarige Gawie geheel en al aan die genade van 'n onsimpatieke wêreld oorgelaat. Gelukkig het Wilgerdal oor 'n staats-ondersteunde oue-tehuis beskik, en in hierdie kleurlose gebou het die gemeenskap hom afgelaai en verder aan sy lot oorgelaat, omdat hy nie juis mal genoeg was om na 'n gestig vir kranksinniges gestuur te word nie, maar ook geensins in staat om vir sy eie bestaan verantwoordelik te wees nie.

Maar Gawie het 'n besige lewe gelei. Die pastorie het hom gereëld van ou klere voorsien omdat hy beslis geweier het om in enige ander uitrusting as dié van 'n predikant in die openbaar te verskyn. Na die beste van sy vermoë het hy dan die baadjiemoue en broekspype verkort om sy gestaltetjie te pas, en waar die klok gelui het, was hy by, letterlik. Veral het hy 'n hartstogtelike voorliefde vir begrafsisse gekoester, en ek kan my nie een teraarde-bestelling in die geheue roep waar hy nie prominent op die randjie van die oop graf langs die leraar stelling ingeneem het nie. Heel dikwels het dit dan ook gebeur dat hy na afloop van die lykrede tot groot ontsteltenis en ergernis van die bedroefde agterblywendes, 'n paar woorde van gebed uit sy eie gestamel het, ongenooïd. By een geleentheid was hy darem genoodsaak om sy waardigheid prys te gee. Dit was 'n vooraanstaande inwoner van Wilgerdal wat daardie middag aan die kluite toevertrou moes word en die opkoms was groot. Hoewel Gawie vroeg-vroeg al gesorg het dat hy sy gewone posisie ingeneem het, het die skare belangstellendes om die graf hom stadig maar seker verdring. So hard was hy besig om verlore veld te probeer herwin dat hy nooit agter hom gekyk het nie. Ongemerkt was hy besig om te beweeg in die rigting van 'n ander gapende graf wat nog op sy inwoner gewag het...

Eers nadat 'n gesangvers klaar gesing is en 'n asemlose stilte gedaal het terwyl almal op die woorde van die leraar gewag het, het 'n benoude stemmetjie opgeklank: „Og, red my nou of ik vergaat!” Al die aanwesiges het hulle oë verskrik in die rigting van die geluid gedraai. Daar was niks — net 'n gat in die grond. Toe het hulle hul oë uitgevryf en weer gekyk. 'n Swart hoedjie het met 'n sierlike boog uit die ses voet diep grafopening getrek en weer teruggeval. Die prosedure is herhaal en 'n paar mans het nadergestaan en ingeloer. Gawie, predikantspak en al, was van kop tot tone besmeer met rooi modder.

Gawie kon nie lees of skryf nie, selfs nie die uur van die dag op 'n horlosie lees nie, maar nietemin het iemand hom eendag 'n ou polshorlosie present gegee waarvan die veer gebreek en die grootste gedeelte van die ratwerk op soek was. Hy was nie min trots op die pronkstuk nie, en kort-kort het hy na die ledige huurmotorbestuurders op die „Cab Stand” gegaan om dit vir hom volgens die kerkhorlosie op die regte tyd te stel. Hierdie horlosie en 'n verweerde sakbybeltjie met gekleurde prente daarin, wat gewoonlik as gesangboek diens gedoen het, was, benewens sy swart pak, sy kosbaarste besittings. Hy het die kerk gereëld besoek en hier, helaas, moet ek ou Gawie se een groot swak punt aan die lig bring. Hy het naamlik altyd in die kerkdeur geaarsel, sy rooi ogies oor die aanwesiges laat dwaal, en dan sonder meer by die aantreklikste groep dametjies na sy smaak gaan plaasneem. As die nooiens dan, òf neusoptrekkend of giggelend so ver moontlik van hom af wegskuif, sou hy doodluiters sy blik verder laat gaan, opstaan, en hom langs 'n ander skoonheid gaan neervly. Wanneer hy uiteindelik sy sit gekry het, het hy sy Bybeltjie te voorskyn gehaal en luidkeels Psalms en Gesange daaruit gesing saam met die gemeente, al is die boekie dan ook meestal onderstebo gehou. Telkens is die linkerarm hoog in die lug gehou, die baadjiemou opgeskuif, en die polshorlosie met 'n uitdrukking van intelligensie op sy gesig geraadpleeg.

Na afloop van die diens sou hy dan by die deur plaasneem, hoed in die hand, en elke vertrekkende gemeentelid met 'n goeie knikkie van sy swaar, idiotiese hoof begunstig.

Soos ek reeds vermeld het, was die ou vir die handhawing van sy waardigheid na die uiterlik dan totaal van die agterdeur van die pastorie afhanklik. Waar daar almoese aan die behoeftiges uitgedeel is, was hy gewoonlik

op die voorpunt, en bewaar die arme rantsoenier as hy nie, na sy mening, sy regmatige aandeel ontvang het nie! Dan het sy ou onverdraagsaamheid, wat destyds tot die vuurherd-episode gelei het, sig weer deeglik laat geld. By so 'n geleentheid, byvoorbeeld, het mev. ds. Van Blerk grapsgewyse in Engels aan hom gesê: „Sorry, Gawie, nothing to do for you today!” Hy het haar met onbedekte wrewel aangegluur en toe teruggebyt: „Nattieng toe doe for mie? Joe poet jôr dêm tjiek ien jôr pökkit!”

Maar in elkeen se lewe, selfs in dié van die eenvoudigstes onder ons, kom daar 'n dag wat die eentonige reëlmatigheid van dinge onderbreek, 'n dag wat 'n nuwe wending aan ons lewensloop gee, nuwe begeertes laat opflikker, nuwe belange, nuwe ideale op die horison laat verskyn. Ou Gawie was geen uitsondering nie. Wêreldoorlog nommer twee het naamlik met woeste geweld oor weerlose Europe losgebars, en weldra was nagenoeg die hele aardbol in vlamme gehul.

Omdat Wilgerdal 'n strategiese ideale ligging het, het die staatsowerhede onmiddellik 'n groot oefenkamp vir die Unie se verdedigingsmagte daar aangelê. Die dorp het 'n kakiekleur aangeneem. Die geklap van swaar gestewelde voete het voortdurend van die plaveisels opgeklink. Pantsermotors en ligte tenks het 'n groot gedeelte van die straatverkeer uitgemaak. Die geronk van vliegtuie het eentonig geword. Hierdie toedrag van sake het 'n blitssnelle metamorfose in Gawie Odendaal teweeggebring. Die swart lakense uitrusting het plek gemaak vir 'n kakie hemp en kortbroek, bruin kouse met 'n magdom van aartappels, en 'n paar geweldige velskoene met donkiehoewe onder die hakke. As hooftoisel het 'n helmet gedien, een van daardie soort wat ou Katzmann destyds tweedehands teen 3/9 verkoop het. Verder was hy van kop tot toon met blink knopies en ornamentjies versier wat gewissel het van 'n blomryke borsspeld tot 'n knopie met 'n motoradvertensie daarop. Op sy hangskouertjies het twee rooi flennielappe gevlam en onder sy arms was 'n stuk riet van twee voet lank vasgeknyp. Daar was 'n nuwe lig in sy oë en amper iets fermes in sy stap. Nou kon 'n mens hom altyd in die nabyheid van die militêre kamp aantref, meestal net buitekant die streng bewaakte hek, styf op aandag. Wanneer enige van die manskappe by die hek in of uit geloop het, of wanneer hy enige persoon in 'n militêre uniform op straat verbygeloop het, het hy flink gesalueer, ongeag van rang of kleur. Baie gou het die kêrels aan hom gewoond geraak en hulle goedge geskerts

het hom laat swel van trots, want hy het homself as een van hulle beskou, 'n ware soldaat.

Die kerk het hy egter nie afgeskeep nie. Daar is gereëld kerkparades vir die troepe gereël, dan het 'n seksie van hulle onder die bevel van 'n sersant in gelid aangemarsjeer na die godsgebou, waar hulle sitplekke heel voor vir hulle gereserveer is. Hierdie parades het Gawie nooit misgeloop nie. Soos 'n getroue hond het hy skuins agter die seksie gemarsjeer en skuins agter hulle plaasgeneem in die kerkbanke. Van die kerk af het hy saam terugmarsjeer kamp toe, waar hy natuurlik by die hek moes agterbly. Dan het hy maar weer styf op aandag daar plek ingeneem. Die bevelvoerende offisiere het hom of nooit raakgesien nie of geheel en al geïgnoreer.

Toe het Gawie se beker van geluk volgeloop. Daar het naamlik 'n kapelaan van die een of ander Engelse gemeente, majoor Mansfield, in die kamp aangekom om as herder op te tree vir die groepie manne wat aan sy kerk behoort het. Toe Gawie dus vir die eerste maal hierdie heer teëkom met sy deftige garberdien-uniform, swart onderbaadjie, en wit boordjie, het hy 'n droom verwesenlik gesien. Om 'n soldaat te wees en dan nog 'n predikant daarby! Dit was die toppunt van volmaaktheid! Snaaks dat hy nie eerder aan so iets gedink het nie. Dit is dan ook onmiddellik daarna dat die swart onderbaadjie en wit dassie hul verskyning voor by die oopgeslane kakiehemp gemaak het, en nou het sy geluk geen perke geken nie. Hy het soos 'n pou gepronk.

Maar die oorlog het oorgewaai en stadig maar seker het dinge na hulle normale gang teruggekeer. Daar is al hoe minder militêre uniforms op straat opgemerk, en die kamp het leeg en verlate gelê en slegs gedien as speelplek vir die dorp se kinders. Toe is ou Gawie op een goeie môre op die dorp opgemerk in sy swart pak met sy sombere hoedjie op. In plaas van die twee-voet riet was die ou sakbybeltjie van weleer weer stewig onder sy arm vasgeknypt. Stil en gelate het hy na die „burgerlike” lewe teruggekeer en hom daarby aangepas. Hy was weer ons ou Gawie van ouds en het sy weg van voorheen met koddige waardigheid bewandel asof daar werklik niks tussenin voorgeval het nie.

Ek het my tuisdorp verlaat en die wye wêreld ingegaan en die ou siel vergeet. Onlangs het ek, by my terugkeer hier, verneem dat hy feitlik bedlêend was en selde of ooit meer op straat opgemerk is. Die plan was nog al die tyd om hom daar in die oue-tehuis te gaan besoek en iets te

ete te neem. Maar wat, mens stel mos maar gedurig hierdie onbeduidende ou sakies uit totdat dit te laat is.

En gister is ou Gawie toe begrawe. Ek is bly dat ek darem die geleentheid gehad het om 'n laaste huldeblykie aan hom te bring deur by sy begrafnis teenwoordig te wees. Ek voel net dat Wilgerdal se inwoners hom nie reg behandel het nie. As dit enigeen van hulle was wat gister ter ruste gelê is, en ou Gawie was nog lewend en enigins in die vermoë, is ek seker daarvan dat hy nooit daar sou weggebly het nie.

Rud. P. Visser

GABRIËL OOR DIE LAEVELD

Van Nelspruit tot by Kiepersol
rank groen en geel die rante vol...

Van Plaston tot by Malelane
was eens die Eden-pad gebaan;
en hier uit tye oud en grys
ontstaan opnuut die Paradys...

Bo-op die rant by Witrivier
staan ek, die sanger met my lier,
en met die ruising van my lied
sien ek 'n wonderwerk geskied:

Die diep rivier se waters maal
onrustig in die seekoeigat,
want op sy oewers blink die staal
en Dieselmotors suig en vat
ruim uit sy oorfloed na die land
sy lafenis vir mens en plant.

Groen boorde, geel gelaai, verrys,
verdring die wilde-boom en -bos,
bring orde in die Paradys
met ryp lemoen en piesangtros.

Vanaf die kruin van Anderson,
die spitse bokant Barberton
daal met die vroeë moregloed
soos geursels wat verkwik en voed
en lug en aarde samesmelt,
'n seën oor die Laeveld.

In watter poort in hierdie land
het met die blink swaard in sy hand
die trotse Engel eens gestaan
en twee paar voete traag sien gaan
die verre onbekende in?

Bespeur ek, sanger met die lier,
vanaf die rant bo Witrivier
die tekens van 'n herbegin?

Van Alkmaar tot by Gravelotte
sien ek 'n nuwe gaarde bot;
'n nuwe lewe pols en bruis...

Hoor ek 'n vreemde vlerkgeruis?

TROOS

Soms in die late aanduur as ek vry
en sorgloos my gedagtes koers laat vat
soos spierwit voëls saam op die son se pad,
kom een ou hamerkop alleen verby,

dié kwelgedagte wat my sag laat kreun:
so baie roem op vyf of ses en meer,
pilare, soos die Skrif uitdruklik leer,
en daar's net een op wie ek eens kan steun.

Maar dan dink ek aan Gideon se kroos:
Van hom het sewentig min een gesterf
om een 'n troon vol dorings te laat erf
en een verjaag te sien. Dis dan my troos:

Die groot getal gee nie die een wat glo,
maar die genade wat stil drup van Bo.

EEN PROEF IN NEDERLANDSCH

Eens ging een kleine kind bij mij voorbij,
een meisje waar ik wachtte in den straat.
Iets goeds en moois trof mij in haar gelaat. —
Dat beeld vertoefde lang daarna bij mij.

Een ander dag zag ik een dronken heer —
hij slingerde bij mij voorbij op straat.
En toen ik op keek in zijn stroef gelaat,
zag ik dat meisje in zijn oogen weer.

Al ben ik diep gevallen weet ik dat
er iets nog blijft dat 't kwade nimmer schaadt,
iets goeds en moois in mij — noodwendig had
Iskariot geen akelig gelaat.

God schiep de mens naar zijn goed beeltenis
en schenkt de slechtsten noch zijn lafenis.

KWATRYN

Eerlike (?) Stap Vorentoe

'n Klonkie op 'n donkiekar
al voor my motor in die pad.
Hoe sal dit wees as hy die stuur
en ek die leisels vat?

Albrecht Haushofer

(Die Digter van die *Moabiter-Sonnette*)

MARCEL R. BREYNE

Wellig is dit die eerste keer dat in Suid-Afrika oor daardie veelsydige professor en begaafde digter Albrecht Haushofer geskryf word, wat in die dae van Duitsland se ineenstorting, in Mei 1945, sy tragiese dood gevind het. Ek doen dit nie sonder 'n diepe innerlike ontroering nie, aangesien ek self van 1940-45 met Haushofer aan dieselfde fakulteit van die Berlynse Universiteit gewerk, en in die laaste dae van sy lewe nog gemeenskaplik 'n pro-Seminarium deurgevoer het.

Albrecht Haushofer is op 9 Januarie 1903 as seun van die bekende geo-politikus prof. Karl Haushofer gebore en het dan ook, die voetstappe van sy vader volgend, heel jonk al professor vir geografie en geo-politiek aan die Berlynse Universiteit geword. In 'n ouerlike huis grootgeword, waar wêreldwye belange aan die dagorde was, verder deur sy eie veelsydige en grondige studie van die politieke strominge in die wêreld en met die magsfere van die Angelsaksiese volkere vertrou, was Albrecht Haushofer van die begin af 'n vurige teenstander van die totalitêre Hitlerbewind, en jare voor die oorlog al 'n hartstogtelike roeper in die woestyn.

Aangesien hy dit nie openlik kon doen nie, het hy sy waarskuwinge en voorspellinge van die naderende onheil in 'n reeks historiese versdramas gekleed, om so tot sy volk te kan praat. Daarin het hy, volgende sy eie woorde, nie alleen *die letzten Grossen, die ersten Wissenden der frühen Welt uitgebeeld* nie, maar ook sy onbestrede digterlike talent geopenbaar. Drie dramas het die lig gesien, *Scipio* (1934), *Sulla* (1938) en *Augustus* (1939), terwyl die dramatiese fragmente *Die Makedonon, Thomas Morus* en die Napoleon-toneelspel *Die Bombe* onvoltooid gebly het.

Ek moet bekén dat ek in die jare van ons gemeenskaplike werk van Albrecht Haushofer as digter maar min gewet het. Die meeste van sy dramas het onder die skuilnaam „Kassandra” verskyn. Dit was onder ons wel bekend, dat Rudolf Hess as student in München aan die voete van sy professorale vader gesit het en na die mislukte nasional-

sosialistiese staatsgreep in München in die huis van die Haushofers 'n skuilplek gevind het. Dit word selfs beweer dat Hess se vlug na Engeland onder die sterk invloed van Albrecht Haushofer onderneem is. In elk geval het Hess 'n visitekaartjie van Haushofer aan 'n vooraanstaande Engelman in sy sak gehad.

Dit was dus duidelik dat Albrecht Haushofer, bewus van die naderende onheil, aansluiting by die ondergrondse beweging van Graaf Moltke en York von Wartenburg gevind en seker ook gesoek het. Maar vir die veelwetende en vurige maanroeper was die onbesliste en talmende optrede van daardie groep rebelle, ou-soldate en diplomate te langsaam en meer 'n nagmerre as 'n lig vir die toekoms. En toe op 20 Julie 1944 die aanslag op Hitler misluk, het Haushofer geweet wat vir hom en al die andere nou te wag staan: die onverbiddelike vernietiging. Hy skryf:

Nun scheitern sie — und wir. In letzter Not
versuchter Griff zum Steuer ist misslungen.
Jetzt warten wir bis uns die See verschlungen . . .

Hul het misluk — en ons! Misluk het nou
in hoogste nood, die greep na die bewind,
nou wag ons, tot die see ons allegar verslind.

Aangesien hy nie dadelik kon gevind word nie, het die speurdershande eers vriende van hom, studente, ja sy broer en sy beroemde vader, die geo-politikus Karl Haushofer, wat dan in 1946 saam met sy vrou selfmoord gepleeg het, gearresteer. Maar ook hy kon nie ontsnap nie. Hulle het Albrecht Haushofer gevang, toe hy oor die Tiroolse grens na Italië wou vlug en hom na Berlyn terugbring, waar hy met die ander lede van die sameswering in die bekende Moabiter-tronk opgesluit is. Ook sy eie broer was onder die gevangenes.

Tussen die kaal mure van die tronk, in die dodesel, waar hy, wagtend op sy vonnis, die volgende maande, die laaste van sy lewe, vertoef het, het digterlike werk ontstaan, waaroor ek hier een en ander wil meedeel, die *Moabiter Sonette*, wat kort na sy dood in 1946 verskyn het.

Nog duidelik staan die dag my voor die gees, toe die dekaan van ons fakulteit teen die middag die dosente-kollegium haastig saamgeroep het. Ons het aan die groot lang tafel plaasgeneem in die konferensiekamer van die bekende Schinkelgebou teenoor die Keiserlike Slot. Enkele stoele het leeg gebly. Ook dié van ons kollega Albrecht

Haushofer. Wat het gebeur? Die skaduwees van die naderende instorting het al onheilspellend oor die miljoenestad gelê. Die verklaring van die dekaan oor die verdwyning van Albrecht Haushofer was vaag en onbevredigend. Wat my persoonlik betref, so het ek die opdrag gekry, om die gemeenskaplike proseminarium met Haushofer nou voorlopig alleen deur te voer.

Dit was begin van Meimaand 1945. Die Russiese leërs het uit die ooste steeds nader en nader aan Berlyn opgeruk. In die vroeë môre-ure van die 12e Mei het buitekant die sombere mure van die Moabiter-tronk sewe skote geklap en daardie dag het die broer en 'n assistente van die professor langs die pad die lyke van sewe politieke gevangenes, waaronder ook Albrecht Haushofer, gevind. In sy verklumde hand het hy 'n bundeltjie digbeskrewe blaadjies papier vasgehou: die boodskap van 'n universele gees en 'n hartstogtelike stryter vir die vryheid, die facit van iemand wat op die groot skaakspel van die lewe die grootste inset gewaag maar nie gewin het nie.

Miljoene menseleuens is tydens die laaste groot wêreldbrand vernietig, dikwels op die gruwelikste manier. In Berlyn alleen amper eenmiljoen weerlose vrouens en kinders, grysaards, moeders en dogters, in flenters geskeur deur die duisende tonne springstof wat die vyandelike bombereskaders neergestort het. In Hamburg en Dresden derduisende in één dag of één enkele nag. Soos lewende, laaiende fakkels het hulle deur die brandende strate gevlug. Daarteenoor mag die lot van Albrecht Haushofer van minder betekenis lyk. Maar in dié toneel in die môrenewel van die 12e Mei 1945, toe die broer en die assistente hulle oor die lyk gebuig het, lê 'n sterke simboliese krag. Wat die dode in sy verklumde hande vasgeklem het, was 'n deel van daardie ideale waarvoor hy sy lewe moes laat — die verganklike mens het hulle gedood, maar sy gedagtes het bly lewe.

Langer as sy wetenskaplike werk oor geografie en geopolitiek, wat na sy dood in 1950 onder die titel *Allgemeine politische Geographie und Geopolitik* verskyn het, sal daardie *Moabiter Sonette* bly lewe. In daardie 30 gediggies het Haushofer, bewus van die naderende dood, nog eenmaal die innerlike etappes van sy eie aardse lewe deurwandel: moederliefde en menseliefde, diepe bewussyn van die groot leed wat oor sy volk en vaderland sou kom, alles beheers, 'n egte tragiek, soos ons dit by die antieke vind, daardie verbete woede oor die magteloosheid van die held teenoor 'n onverbiddele noodlot wat sterker is as hy.

Om te sluit volg hier twee sonnette van Haushofer in 'n Afrikaanse omdigting wat twee aspekte uit die lewe van dié professor-digter besonder kenskets:

MOEDER

Ek sien jou in 'n kers se ligkring staan,
daar in die gaping van 'n donk're poort.
Jy voel die koue uit die berge waai,
jy bibber, Moeder, maar jy wil nie gaan.

Jou oog vervolg my, vlugtend deur die nag,
die noodlotongewisheid tegemoet,
nog met 'n glimlag, waar die traan deur breek,
dog met 'n smart, wat ook geen hoop versag.

Ek sien jou, Moeder, in jou liefde se lig,
met sidderende gryse hare staan.
Jy voel die donker, grote koelte waai.

En stadig, stadig sink jou bleek gesig.
nog altyd flakker ver die kers se lig —
Jy bibber, Moeder, Moeder, wil tog binnegaan!

Vir dié wat belang stel in die oorspronklike Duitse teks volg hier ook die sonnet in Duits:

IN FESSELN

Für den, der nächtlich in ihr schlafen soll,
so kahl die Zelle schien, so reich an Leben
sind ihre Wände, Schuld und Schiecksal weben
mit grauen Schleiern ihr Gewölbe voll.

Von allem Leid, das diesen Bau erfüllt,
ist unter Mauerwerk und Eisengittern
ein Hauch lebendig, ein geheimes Zittern,
das anderer Seelen tiefe Not enthüllt.

Ich bin der erste nicht in diesem Raum,
in dessen Handgelenk die Fessel schneidet,
an dessen Gram sich fremder Wille weidet.

Der Schlaf wird Wachen wie das Wachen Traum,
indem ich lausche, spür' ich durch die Wände
das Beben vieler brüderlicher Hände.

IN BOEIE

Vir wie daarin moet rus soek elke nag,
lyk kaal die sel, maar ryk aan lewe
is al die mure — skuld en noodlot dek toe
met donkre sluiers die gewelwe sag.

Van al die leed waar vol van is die sel
is onder klip — en ystertraliewerk
'n sweem te speur, 'n heimnisvol gesidder
wat ons van andere se wrange nood vertel.

Ek is die eerste nie in hierdie plek,
deur wie se handgewrig die boeie skaaf,
en vreemde mag hom aan sy droefnis laaf.

Die slaap word waak en ook die waak word droom,
terwyl ek luister, speur ek deur die wande
die sidring van so baie broederhande.

J. Kromhout

WYDING

Maansagte wolke. Soele wind.
Skuif'lend die skyf
in sy trae gang.
Vrede op aarde... Heilandkind,
was dit óók so in die dae her,
die dae toe U met blote voet
die wond're skepping van Vaderhand
in jeugdige aanskouing het betree
en die blink van die wolke
die skitter van die sterre
versag het met 'n skynsel
sagter as sneeu,
met die glans
van U genadige liefde?

Het U toe ook, Heiland,
in die dieptes
van ruimte en tyd
gestaar,
en daarin ontwaar
die beeld van God'like ewigheid?

Pierrot

(Guy de Maupassant)

Aan HENRI ROUZON
Vertaal deur G. DEKKER

Mevr. Lefèvre was 'n dame van die platteland, 'n weduwee, een van die baster-boervroue met linte en hoede met strikke, een van die mense wie se uitspraak 'n gebrekkige opvoeding verraaie en wat in die openbaar 'n deftige houding aanneem terwyl hulle onder 'n komiese en opgedirkte uiterlik die siel van 'n stompsinnige, aanmatigende wese verberg, soos hulle hul groot rooi hande wegsteek onder syhandskoene.

Sy het as diensbode 'n deeglike, heel eenvoudige plattelandsvrou met die naam Rose gehad.

Die twee vroue het 'n klein huis met groen luike bewoon langs 'n grootpad in Normandië in die middel van die streek Caux.

Aangesien hulle voor die woning 'n smal tuin besit het, het hulle bietjie groente verbou.

Een nag is 'n dosyn uie gesteel.

So gou Rose die diefstal gemerk het, hardloop sy om Mevrouw te waarsku, wat in 'n wolrok ondertoe kom. Dit was 'n verslaenheid en 'n ontsteltenis. Daar is gesteel, mevr. Lefèvre is besteel! Daar word dus diefstal in die streek gepleeg, en dit kan hom herhaal.

Die twee verskrikte vroue bekyk die spore, babbel, veronderstel allerlei dinge: „Kyk, hulle het dáárlangs gegaan. Hulle het op die muur getrap, en hulle het in die blombedding gespring.”

En hulle is vol vrees vir die toekoms. Hoe kan mens nou nog rustig slaap!

Die gerug van die diefstal het versprei. Die bure kom, maak beweringe, bespreek die saak op hulle beurt; en die twee vroue maak hulle opmerkings en verduidelikings aan elkeen wat bykom.

'n Naburige boer gee hulle die raad: „Julle moet 'n hond aanhou.”

Dit was waar; hulle moes 'n hond aanhou, al was dit maar net om te waarsku. Nie 'n groot hond nie, hemel, nee! Wat sou hulle met 'n groot hond aanvang! Hy sou

hulle bankrot vreet. Maar 'n klein hondjie, 'n klein kefbrakkie.

Toe die mense weg was, het mevr. Lefèvre lank gesels oor die voorstel van 'n hond. Nadat sy daarvoor nagedink het, het sy baie besware gemaak, ontstel by die gedagte aan 'n bak vol kos. Want sy was een van daardie soort suinige plattelandsvroue wat altyd sente in hulle sak dra om met veel vertoon aalmoes te doen aan die armes langs die pad en om vir die Sondagkollekte te gee.

Rose, wat van diere gehou het, het haar argumente aangevoer en handig verdedig. Daar is dus besluit om 'n hondjie te kry, 'n baie klein hondjie.

Hulle het begin soek, maar hulle het net groot honde gekry, kosvreters om van te bewe. Die kruidenier van Rolleville het wel 'n kleintjie gehad, maar hy het twee frank geëis vir sy onkoste om hom groot te maak. Mevr. Lefèvre het verklaar dat sy heeltemal bereid was om 'n brakkie kos te gee maar dat sy nie een sou koop nie.

Nou ja, die bakker, wat op hoogte van sake was, bring toe een oggend 'n snaakse klein diertjie, heeltemal geel, amper sonder pote, met 'n lyf soos 'n krokodil, 'n jakkalskop en 'n stert soos 'n beuel, 'n pluim net so groot soos sy hele lyf. 'n Klant van hom wou daarvan ontslae raak. Mevr. Lefèvre het hierdie vuil keffertjie, wat niks gekos het nie, baie mooi gevind. Rose het hom omhels en toe gevra wat sy naam is. Die bakker antwoord: „Pierrot.”

Hulle het hom in 'n seepkissie gehuisves en eers water gegee om te drink. Hy het gedrink. Daarna het hulle hom 'n stuk brood gegee om te eet. Hy het geëet. Mevr. Lefèvre het onrustig geword en op 'n gedagte gekom: „As hy goed gewoond is aan die huis, laat ons hom los loop. Hy sal sy kos vind terwyl hy rondloop.”

Hulle het hom dan ook losgelaat, wat nie verhinder het dat hy baie honger was nie. Wel het hy alleen maar gekef om sy rantsoen te vra, maar dáárom het hy hardnekkig getjank.

Iedereen kon in die tuin kom. Pierrot het elkeen wat gekom het, verwelkom en absoluut stil gebly.

Mevr. Lefèvre het egter gewoond geraak aan die dier. Sy het hom selfs begin liefkry en hom met haar eie hand van tyd tot tyd happies brood gegee, in die sous van haar kos gedoop. Maar sy het glad nie gedink aan die belasting nie, en toe hulle agt frank van haar eis — agt frank, Mevrouw! — vir die klein brakkie wat nie eers kef nie, het sy amper flou geval.

Dadelik is besluit om ontslae te raak van Pierrot. Niemand wou hom hê nie; almal in 'n omtrek van tien myl het hom geweier. By gebrek aan 'n ander uitweg is toe besluit om hom te laat „grond vreet.” Die mense laat al die honde waarvan hulle ontslae wil raak, grond vreet.

In die middel van 'n uitgestrekte vlakke sien mens 'n soort hut, of liever 'n baie klein rietdak op die grond. Dis die ingang van die mergelgroewe. 'n Groot put gaan regaf in die aarde tot twintig meter diep om dan uit te loop in 'n reeks lang myngange. Een maal per jaar gaan mense in die groewe af — dis die tyd dat die mergel¹ op die lande gestrooi word. Die res van die jaar dien dit as kerkhof vir die veroordeelde honde, en dikwels as mens verby die opening gaan, klink 'n klaende gehuil, woedende geblaf, jammerlike klagte tot jou op. Die honde van die jagers en die skaapherders vlug verskrik van die omgewing van hierdie klaagput, en as mens daaroorheen buig, styg 'n afskuwelike stank van ontbinding af. Afgryslieke dramas speel hulle daar af in die donker.

As 'n dier sedert tien of twaalf dae op die bodem aan die verhongering is, gevoed deur die onreine oorblyfsels van sy voorgangers, word skielik 'n nuwe dier, groter en séker sterker, afgegooi. Daar is hulle, alleen, uitgehonger, met vurige oë. Hulle loer op mekaar, volg mekaar, onseker, vol vrees. Maar die honger dryf hulle; hulle val mekaar aan, worstel lank, hardnekkig, en die sterkste een eet die swakste op, verslind hom lewendig.

Toe hulle besluit het om Pierrot te laat „grond vreet,” het hulle iemand gesoek om dit ten uitvoer te bring. Die padwerker wat die pad skoongemaak het, het ses stuiwers vir die opdrag gevra, wat mevr. Lefèvre as 'n kranksinnige bedrag beskou het. Die kneg van die buurman was tevrede met vyf stuiwers, wat nog te veel was. Rose merk toe op dat dit beter sou wees om hom self te bring, want dan sou hy nie op pad ru behandeling word en vantevore op hoogte van sy lot gebring word nie. Hulle besluit toe dat hulle albei hom teen die aand sou bring.

Die aand het hulle hom 'n bakkie goeie sop met 'n lekseltjie botter gegee. Hy het dit weggeslaan tot die laaste druppel, en, onderwyl hy sy stert van tevredenheid waai, sit Rose hom in haar voorskoot.

Hulle het met groot treë soos wilddiewe oor die vlakke gegaan. Nie te lank nie of hulle kom by die groewe aan. Mevr. Lefèvre buig oor om te hoor of daar nie ander diere

1. *Mergel*: soort vrugbare grond wat as kunsmis gebruik word (Vertaler).

huil nie. Nee — daar was nie ander nie. Pierrot sou alleen wees. Rose, wat gehuil het, soen hom toe en gooi hom daarna in die gat. Albei buig met gespitste ore.

Eers hoor hulle 'n dowwe geluid, toe die skrilte, hartverskeurende klag van 'n dier wat seer gekry het, toe 'n reeks klein smartkrete, toe die wanhoopsroep, smeekbedes van 'n hond wat sy kop optel na die opening.

Het hy nie gekef nie! Het hy nie gekef nie! Hulle is aangegryp deur wroeging, ontsetting, deur 'n oorwel digende, onverklaarbare vrees, en hulle hardloop weg. Rose het vinniger gehardloop, en mevr. Lefèvre roep: „Wag vir my, Rose, wag vir my!”

Die nag was vol afgryslike nagmerries. Mevr. Lefèvre het gedroom dat sy aan tafel gegaan het om sop te eet, maar toe sy die sokom se deksel afneem, was Pierrot daarin. Hy spring op en byt haar neus. Sy word toe wakker en verbeel haar dat sy hom nog hoor kef. Sy luister — sy het haar vergis. Sy slaap weer opnuut in en is op 'n groot pad, 'n eindelose pad waarmee sy stap. Skielik sien sy in die middel van die pad 'n mandjie, 'n groot boeremandjie wat daar agtergelaat is; en dié mandjie het haar met vrees vervul. Uiteindelik maak sy dit egter oop: inmekaar geduik sit Pierrot binnekant; hy gryp haar hand en wil dit nie los nie. Verskrik hardloop sy weg en aan haar mou die hond wat daar vasgebyt bly hang.

Dagbreek staan sy op, amper mal, en hardloop na die groewe. Hy kef, hy kef nog, hy het dit heelnag gedoen. Sy begin snik en roep hom met duisend troetelnaampies. Hy antwoord met al die gevoelige buiginge van sy hondestem.

Toe wou sy hom weer sien en belowe haarself dat sy hom tot sy dood gelukkig sal maak.

Sy hardloop na die putgrawer wat belas was met die uithaal van die mergel, en vertel hom haar geval. Die man luister sonder om 'n woord te sê. Toe sy klaar vertel het, sê hy: „Wil jy jou hond hê? Dit sal vier frank kos.”

Sy spring op — al haar droefheid is weg, ineens. „Vier frank! Jy is tevrede met 'n hongerloon, nè! Vier frank!”

Hy antwoord: „Glo jy dat ek my toue, my katrolle gaan bring, dit alles opsit, ondertoe gaan saam met my kneg en my ook nog gaan laat byt deur jou vervlakste hond, alles net vir die plesier om hom vir jou terug te gee? Jy moes hom nooit ingegooi het nie?”

Verontwaardig gaan sy weg. Vier frank!

Dadelik toe sy tuiskom, roep sy Rose en vertel haar die

eise van die putgrawer. Rose, wat altyd gelate was, herhaal: „Vier frank! Dis 'n hele klompie geld, Mevrouw!”

Toe voeg sy daaraan toe: „Hoe sou dit wees as ons vir hom kos afgooi sodat hy nie dood gaan nie?”

Mevr. Lefèvre het vol blydschap ingestem, en hulle is weer op pad met 'n groot stuk brood met botter daarop. Hulle sny dit in stukkie wat hulle een-een ingooi terwyl hulle om die beurte met Pierrot praat. En so gou die hond een stuk opgevrete het, blaf hy vir die volgende.

Hulle het die aand teruggekom, toe die volgende oggend, elke dag, maar net een keer per dag.

Een oggend, mét dat hulle die eerste happie afgooi, hoor hulle skielik 'n vervaarlike geblaf onder in die put. Daar was twee! Iemand het 'n ander hond ingegooi, 'n grote!

Rose roep: „Pierrot!” en Pierrot blaf aanhoudend. Hulle begin toe die kos afgooi, maar elke keer kon hulle duidelik 'n vreeslike gestoei hoor, dan die klaagtjank van Pierrot wat deur sy maat gebyt word — dié het alles gevreet, want hy was die sterkste.

Dit was verniet dat hulle verduidelik: „Dis vir jou, Pierrot!” Pierrot het blykbaar niks gekry nie.

Onthuts kyk die vroue mekaar aan, en mevr. Lefèvre sê met 'n skerp stem: „Ek kan darem nie al die honde kos gee wat die mense daar gaan ingooi nie. Ons sal dit moet laat staan.”

Sy wil stik by die gedagte aan al die honde wat op haar koste sou lewe, en sy gaan weg — selfs die brood wat oorgebly het, neem sy saam en eet dit onder die loop.

Rosa volg haar, terwyl sy haar oë met die punt van haar voorskoot afvee.

N. A. Coetzee

SOMS VOEL EK JOU WEER NABY MY

Soms voel ek jou weer naby my,
so dig naby, al het ons lang
geleë al van mekaar geskei.
Ons liefde vir mekaar nog bang
in vroeë jeug se minnelied,
moes kwyn nog voor ons twee volmaak
die rype vrugte aan kon bied,
die liefde in geheel te smaak.

So sonder vrug! Jonk uitgebloei
alreeds as blom het weer verdwyn
ons eerste liefdeskelk. Gegroei
om weer so kinderloos te kwyn!

En ongebore wag nog steeds
hier in my siel die vroeë vreug,
so stil gebloei, so vroeg alreeds,
die skone liefde van my jeug!

Soms klop dit aan my hart en vra
om skepping uit die wieg in my,
en kan dit dan so teer kom kla...

Dan voel ek jou so dig naby,
weer naby my...

OM VER TE DWAAL

My land is smiddags laat so mooi, oneindig mooi!
Die wye vlaktes lok my telkens mee, die rooi
gewelf omsluit my hart. Dis of die ruimtes wink
wanneer die son so vér, so baie vér weg sink.

So daal die vuurbol stadig laer af, en net
as dit die aarde raak verskyn 'n silhoeët
vér op die horison. Die lig sak daaroor heen
tot albei saam meteens verdwyn. Bly ek alleen?

O gee dat hierdie skoonheid met my mee sal gaan
as eendag ek ook in die silhoeët sal staan!
Die ewigheid só oor my sluit, die skemer daal...
Dat ek dan vér, oneindig vér sal dwaal...

GATSRAND — DANIE THERON

Het jy die vyand hier gekeer?
Alleen geveg, gebid om hulp;
so sterk gevoel met jou geweer?

Het jy op hierdie rant gehoop
om te oorwin, en sou jy voel
die vreugde van die vuur se doop?

Is jy langs hierdie boom gedood,
deur hierdie rotsblok met 'n bom?
Vir kleiner vuur jou hart te groot!

* * *

Het hy vir laas orent gebeur,
'n held wat sneuwel vir sy volk?
Waarom het hierdie rots geskeur?

* * *

Ook nou nog sweef jou heldemoed
saam met die wind hier rond;
ons voel dit, merk nog hier die bloed!

* * *

En moet ons dan net soos 'n bees
altyd weer brul as ons dit ruik,
totdat die rante weer jou gees
hier in ons harte laat herleef,
en ons weer sterk om vas te staan:
Al het ons lankal reeds vergeef?

* * *

En telkens as die lente kom,
— die tyd toe jy moes afskeid neem —
vertoon die aalwyn hier sy blom
„In Liefde,” van jou volk vereer;
„Herinnering,” so bittersoet:
Oorwinningsmoed deur jou geleer!

Wynand van Sitter Kom Huis Toe

JOACHIM VAN VOLLENHOVEN

Die mens wat lig sondig teen die gemeenskap waarvan hy deel uitmaak, moet soms lank en wreed ly voordat hierdie oortreding vergewe word. Hierdie les het Wouter van Sitter in elke bitter besonderheid van die lewe geleer. Hy het gely, eerstens persoonlik gely, en onder sy dikvellige uiterlike het daar 'n onverwagte sensitiwiteit geskuil, maar veral het hy gely deur die een wat hom die naaste was, naamlik Wynand sy seun.

Voor die oorlog het Wouter gespartel om vooruit te kom op „Wilverdiend,” die klein plasie wat sy pa vir hom nagelaat het. Van 'n Jood saam met wie hy 'n rukkie gewerk het, het hy die slag om te spekuleer so geslaag aangeleer dat hy weldra die eerste en tweede verbande op die plasie afbetaal het en hom selfs in die huwelik kon begewe met Violet Crowley, 'n Engelse goewernante op een van die naburige plase. Hy was 'n vernuftige en skerp-sinnige sakeman en het die nodige meedoënloosheid gehad wat nodig is om suksesvol te wees. Spreekwoorde wat dan ook dikwels deur hom gebruik is, is: „Die een se dood is die ander se brood” of „'n Mens moet maar altyd eers die kat goed uit die boom kyk.”

Met die uitbreek van die Engelse oorlog het hy doodge-woon met sy spekulering voortgegaan, selfs toe die meeste ander mans reeds met perd en geweer by die een of ander kommando aangesluit het. Toe beide die Engelse en Boere-kommando's egter die distrik begin deurkruis en links en regs gekommandeer het, het hy gehoor gegee aan die raad van Motselisi, 'n seun van een van die Basoeto-onderhoofde wat by hom in diens was, naamlik om met sy vee oor die Maluti's te trek en veilig in Basoetoland te gaan woon tot tyd en wyl die Mangesemane en die Maburu die stryd beslis het, wanneer hulle dan weer met veiligheid kon terugkeer. Hy het soveel graan as wat hy in die hande

kon kry in droë klipskeure toegemessel, want hy het ver wag dat hy 'n baie groot prys daarvoor sou kon kry as die vyandelikhede eers agter die rug was. Die meeste van sy besittings het hy in die kranse en klowe versteek en met sy klompie lewende hawe die berge oor getrek.

Daar in Basoetoland het sy troppe vee aangegroei tot groot kuddes en troppe waarin verarmde en verbitterde teruggekeerde Boere kon sweer hulle groot getalle van hulle eie vee wat deur rowende bendes snags weggesteel is, herken het. Waar sulke mense onomstootlike bewys kon lewer dat besondere diere aan hulle behoort het, het Wouter hulle aan die eienaar terugbesorg nie teenstaande die feit dat hy vir hulle in Basoetoland betaal het. Merendeel kon egter niks bewys word nie en al wat oorgebly het, was bitterheid teenoor hierdie man wat dit nou so breed gehad het.

Hy het uit Basoetoland teruggekeer met meer as net groot kuddes vee. Daar tussen die berge het sy vrou geboorte gegee aan 'n seun wat, as gevolg van komplikasies by sy geboorte, hulle enigste sou wees. Met 'n vir hom byna vreemde navolging van die ou Boeretradisie, het hy sy seun sy oorlede vader se naam gegee, hoewel teen die sin van sy vrou in.

Wouter het natuurlik ver wag dat daar vir 'n rukkie 'n mate van wrewel teenoor hom by sy medeburgers sou wees, maar hy het tog gevoel dat sy oortreding gering was in vergelyking met dié van andere van die omgewing wat by die vyand se magte aangesluit het en wat selfs sover gegaan het om hulle eie mense te verrai en dood te skiet. Hy het ook geglo dat „geld wat stom is, regmaak wat krom is” en van die begin af het hy sy hand mildelik oopgemaak vir diegene wat dit die nodigste gehad het, en hulle was baie hierdie eerste jare toe gesinne teruggekeer het na die wildernisse wat vroeër plase was. 'n Slagskaap hier, 'n melkkoei daar, 'n sak meel waar nodig, of 'n span osse om 'n buurman se lande om te ploeg, het van sy goeie bedoelinge getuig, hoewel menige mens honger gely het eerder as om van hom hulp te ontvang.

Vanaf sy terugkeer uit Basoetoland het dit egter gelyk asof die Here se hand seënend op hom gerus het en die ou waarheid nog eens gestaaf het, dat aan diegene wat het, nog meer gegee sal word. Soos die verarmde, moederlore en soms familielose boere uit hulle plase geraak het, het Wouter hulle opgekoop sodat hy weldra bekend was as een van die rykste mense in die distrik. Deur ruimskootse

seuns Sias en Doors van Michiel Prinsloo, 'n kêrel wat net bydraes tot die kerkbasaar en ander fondse het hy steeds geprobeer om die muur wat hy tussen hom en die mense om hom gevoel het, af te breek, nie soveel om sy eie onthalwe nie, as om die onthalwe van sy seun wat in hierdie distrik sou moes lewe. Hy wou hom vrywaar van die bitterheid om steeds te moet ondervind hoe 'n groep mense wat hartlik aan gesels en skerts was, skielik stil en ongemaklik word by sy aankoms en hoedat hulle so stadig-aan een vir een wegsyfer totdat hy alleen oor is, om weer iewers anders 'n soortgelyke groepie te vorm.

Sy vrou het hom aangepor om die kind na 'n privaat-skool te stuur, maar Wouter wou hiervan nie hoor nie. Hy het volgehou dat Wynand se plek in hierdie distrik was. Die seun sou hier moes groot word en hier leer om sy plek te vul.

Wynand was 'n skrandere kind en het van die eerste dag in die skool juffrou Krause se hart gesteel. Hy was wakker, vlug van begrip en gretig om alles in te neem. Sy het dadelik gemerk dat hy sensitief en maklik kwesbaar was. Hoewel sy moeder hom nie op die plaas juis touwys gemaak het nie, het hy tog deur sy vroeër omgang met boeke en tydskrifte 'n voorsprong gehad op die ander kinders wat saam met hom in die sub-standerd gekom het.

Saam met hom het daar die jaar ook ingekom die twee 'n paar maande vantevore ingetrek het onder uit die suidelike Vrystaat. Niemand het veel van sy agtergrond geweet nie. Hy het vaagweg gepraat van „uitgeboer in daardie godverlate wêreld wat besig is om woestyn te word.” Deur peuselwerkies het hy 'n karige bydrae gelewer tot die geld wat sy vrou met haar naaimasjien verdien het. Hy was egter altyd vol groot planne oor wat hy nog wou doen, maar is gou bestempel as 'n grootbek en niks meer nie. Al twee sy seuns het in 'n mate na hom geaard en was gek na hom. Hierdie seuns was ouer as Wynand, maar het nooit vantevore die geleentheid gehad om 'n skool by te woon nie. Hulle het dus glad nie daarvan gehou dat Wynand lank voor hulle glad kon lees nie.

As die sub-standerd se kinders voor by Juffrou se tafel moes gaan lees, het die woorde altyd vlug oor Wynand se lippe getrippel, maar sodra een van die ander seuns moes lees, het die proses vertraag na 'n langsame geklank van die een woord na die ander, onderwyl Wynand in sy gretigheid elke woord lank voor die tyd saggies uitgeroep het, totdat Juffrou hom moes stil maak.

Wynand was 'n vriendelike kind wat met totale oorgawe wou vriende maak. Op die plaas was hy altoos eensaam en die vooruitsig om altyd baie kinders rondom hom te hê om mee te speel was 'n salige een waaroor hy dikwels gedroom het. Sy eerste ontnugtering in hierdie nuwe wêreld het egter nie lank uitgebly nie. Dit het gekom een middag na so 'n leesles.

Toe hy, die Prinsloos en nog 'n paar ander seuntjies by die driffie kom waar die pad deur die spruit gaan, het Sias, die jongste Prinsloo, spottend gesê: „Kom ons neuk 'n bietjie hierdie klein Basoetotjie.” Ewe onskuldig het hy ook 'n lang dun takkie afgepluk, toe, tot sy ontsettende verbystering, hulle hom om sy bene begin slaan. Onbegrypend het hy hierdie ondervinding deurgemaak. Met die wreedheid eie aan jong kinders, het hulle hom nie wou sê waarom hulle hom „Basoeto” genoem het nie. By die huis het hy hom lank in die spieël bekyk of daar miskien tekens van verbastering in sy gesig te sien was, maar sy krulhare was al waar aan hy kon dink.

By 'n later geleentheid het hy nader aan die waarheid gekom. Juffrou Krause het in die Aardrykskundefles oor die hoofstad van die Vrystaat gesels en gevra wie van die kinders al daar was. Gretiglik het Wynand sy hand opgesteek. Sy het hom gevra wat hy daar gesien het. „Ek is nie seker nie, Miss Krause, want ek was nog baie klein, maar ek dink ek het die paleis van die koning gesien.” Sy het vir hom gelag en gesê dat hy nie die paleis van die koning kon gesien het nie, want dit was nie in Bloemfontein nie, maar in Engeland. Sy het die verbystering op sy gesiggie gelees. „Waarom is ons koning dan in Engeland?” het hy gevra. Sy het kortliks aan hom verduidelik dat hulle mense deur die Engelse oorwin is, en dat almal nou onderdane van die Britse koning was. Sy het gesien dat iets die dag in hom dood is.

Toe die skool die middag uitkom het hy gevoel dat daar iets onder die seuns teen hom gemik was. Hy wou vooruitloop, maar kon geen rede vind om dit te doen nie. Sias het weer soos gewoonlik eerste begin. Hy het hom gevra van watter Van Sitters hy was. Wynand het geantwoord dat hy van „Wilverdiend” se mense was. „Nee,” het Sias gespot, „jy is van die Basoetolandse sitters.” 'n Ander seun het sy vuis onder Wynand se neus gedruk en gesê: „As jou pa nie so 'n lafaard was nie, sou die Engelse ons nooit gewen het nie.” „My pa is nie 'n lafaard nie, hoor jy!” het Wynand bleek van woede uitgeroep en huilend

op die belediger afgestorm, maar 'n ander seun het sy voet voorgesteek en onder gelag en gejou het hy op die grond geval.

Met stampe en stote is Wynand met die groep meegevoer. Telkemale het een of ander van die kleineres hom parmantig met die vuis bygedam en as dit dan gelyk het asof Wynand die oorhand sou kry, het 'n grotere hom weggestamp en vir hom gesê om nie met die kleintjies te baklei nie, maar om sy eie portuur uit te soek. Dit het so aangehou totdat hy moes afdraai na die huis van die agent waar hy geloseer het.

So het Wynand geleidelik uitgevind watter rol sy vader in die oorlog gespeel het, en die gevoel van liefde en verering wat hy vroeër teenoor hom gekoester het, het soms verander in haat en afsku, wat dan weer pynlik vermeng geraak het met die gevoel van behorendheid en sekerheid wat hy altoos in sy teenwoordigheid gevoel het.

Toe Wouter agtergekom het dat sy seun soms diep verneder is by die skool en die rede vir hierdie vernedering en ongelukkigheid maar te goed besef het, het hy magteloos teen die klomp wreedaards gewoed en homself verwens dat hy so blind was om te kon hoop het dat sy skande nie op sy seun oorgedra sou word nie. Hy het met sy vrou daarvoor gepraat en gesê dat sy tog reg was, dat hulle die seun maar na 'n Engelse kosskool moes stuur. Maar sy het nou vasgeskop en gesê dat hulle seun nou maar moes leer om sy pad oop te veg en onder sy eie mense sy plek vol te staan, al het dit ook hoe moeilik gegaan.

Vir lang rukke het dit egter goed gegaan. Dit was net wanneer die seuns gekom het aan die einde van die een seisoen en nog nie weer ten volle in iets anders geïnteresseerd was nie, dat hulle soms van Wynand 'n sondebok gemaak het. Of anders met 'n verkiesing, of politieke toespraak wat opspraak verwek het, dan het die kinders wat altoos klein weergawes van hulle pa's se politieke opinies was, die lewe vergal vir Wynand en die paar kinders van welgestelde ouers wat gevoel het dat die heil van die land in Botha se hande gelê het.

So het dit dan later gekom dat Wynand dit as vanselfsprekend aanvaar het dat hy nie aan die anderkant behoort het nie, nie by hulle gehoor het nie. Gevolglik het hy hom maar gewend na die paar kinders van Engelse ouers wat ook in die skooltjie was, en wie heeltemal goed deur die Boerekinders behandel is.

Toe die seuns almal by en om die sestien was en in

standerd ses, het die volgende groot gebeurtenis gekom wat die gemeenskap opnuut uiteengeruk en verdeel het. Die oorlog tussen Engeland en Duitsland het uitgebreek en orals het die mense begin praat van „Nou's dit ons kans,” „Nou die juk afgooi.” Die jong gemoedere by die skool het nietenstaande meester se kalmerende invloed, begin opgesweep raak en weerspieël wat daar in die gemoedere van die lede van die gemeenskap omgaan. Wynand moes dit weer eens ontgeld en selfs die paar Engelse kinders wat nog in die skool was en teen hierdie tyd Afrikaans net so glad as hulle eie moedertaal kon praat, het swaargekry.

Stadigaan het gerugte die rondte begin doen dat vyandelikhede op die punt gestaan het om te begin. Koerante is angsvallig dopgehou en die poskantoor was die middelpunt van hewige argument elke tweede dag as oom Daantjie se bokkie met die pos gekom het en hy die jongste berigte van Kroonhof af saamgebring het. Daar is gepraat van rebelle-kommando's wat besig was om saam te trek in die naburige distrikte en van regeringstroepe wat haastig byeengeroep word om enige opstand in die kiem te smoor.

Sommige moeders het hulle seuns die dood voor die oë gestel as hulle dit sou waag om weg te loop. Andere weer, het gelate klere en provisie begin regmaak, en moedeloos onthou wat nog so vars in hulle geheues was.

Die seun wat die eerste van die dorp verdwyn het, was Wynand. Dit was maklik te begrype want selfs die meisies wat hom vroeër nog altyd goedgesind was omdat hy van nature fyner was en behoorliker met hulle kon omgaan as die ander seuns, het nou ook al stuurs en beledigend na hom gekyk.

Toe Wouter inkom om sy seun te haal, hom nêrens kon kry nie en oral rond verneem of iemand hom tog nie gesien het nie, het Alie Herbst, wie se kind aan die lewe gehou is deur die melk van een van Wouter se koeie, hom beledigend voor 'n ander klomp vrouens gesê om hom in Basoetoland te loop soek. En Wouter het hierna geweet dat al sy pogings deur die jare misluk het; dat hy nie meer deur hierdie mense ingeskakel sou word nie. Hy het toe maar sy vrou gegroet, sy beste perd opgesaal en met sy nuwe Lee Metford gaan soek na die naaste regeringstroepe.

Geleidelik het ander mansmense uit Kreeboskloof begin verdwyn. Die twee seuns van Michiel Prinsloo het hom agtergelaat nadat hy hulle probeer oorreed het om te bly want hy kon nie saam nie as gevolg van die rumatiek wat hom skielik kwaai gepak het.

Nou en dan het gerugte van skermutselinge die inwoners bereik. Menigeen het sy beste ryperd versigtig elke dag in die berge gaan versteek. Een nag het die seuns bo van die berg af veënde soekligte in die verte gesien. Maar dit was die naaste wat die rebellie aan Kreeboskloof gekom het tot die môre toe Niklaas van Zyl wat die naaste aan die nek waar die pad oorkom, gewoon het, 'n ruiter met 'n handperd op 'n stappie die nek sien afkom het. Hy het die twee perde herken as die twee karperde van Michiel Prinsloo.

Hy het nuuskierig na die onderent van sy groot erf digby die pad gehaas en gesien dat dit Doors was. Doors het op die perd gesit asof hy die laaste stadium van uitgeputheid bereik het en enige oomblik van die perd af kon val. Niklaas het hom gegroet en gesien dat dit 'n lyk was wat oor die ander perd gehang het. „Wie is dit daardie? Sias?” het hy gevra. Doors het sonder om die perd in te hou, sy kop geskud en gesê: „Nee, dit is Wynand. Ek bring hom huis toe.” „Waar is Sias?” wou hy toe weet. „Sias is ook dood,” en teen hierdie tyd was die perd verby die hoek van die erf waar Niklaas gestaan het.

Met ongelooflike snelheid het die nuus deur die dorpie in die vroeë môre versprei. Wilde gerugte het die rondte gedoen. Doors het die verraaier Wynand geskiet, en bring hom nou huis toe. Wynand het vir Sias doodgeskiet. Nou het Doors weer vir Wynand geskiet. Die hele dorpie was in beroering. Oral het mense oor hulle drade gehang en die wat ver van die pad af gewoon het, het nader gekom. Tant Bruggie het gou na Michiel se huis gehaas om sy vrou voor te berei. En intussen het die ruiter en sy handperd met die stil vrag daarop stadig teen die gruisbult afgevorder na die drif voor jy in die swartland kom.

Ou tant Nelie is gou na die pastorie om Dominee daarvan te vertel. Dominee het geweet dat Violet van Sitter alleen op die plaas was en dat haar swak hart geen skielike skok meer kon verdra nie. Hy het dus so vinnig as wat sy kruppelbeen hom toegelaat het, die bult afgestap na die swartland en was net betyds om Doors die pad te sien opkom met die pakperd langs hom. Die mense het van orals aangekom.

Toe Doors se perd by Dominee kom, het Dominee die teuels vasgegryp en die perd snorkend tot stilstand gebring. „Waar gaan jy heen, Doors?” het hy gevra. „Ek bring Wynand huis toe,” het hy herhaal. „Waarom het julle hom geskiet?” het Dominee weer gevra. „Ons het hom nie

geskiet nie, die Sappe het hom geskiet." En toe het sy verhaal gebroke uitgekom.

Toe die Prinsloos by komdt. Scheepers uitgekom het, was Wynand alreeds vir meer as 'n week daar. Aanvanklik het hulle hom as 'n moontlike verraaier beskou, maar het gou gesien dat hy klaar die vertrouwe van die Kommandant en die ouer manne deur sy gedrag gewen het. Nog nooit vantevore het hulle hom so geken nie. Sy gesig was stralend en helder. Dit was asof in hierdie atmosfeer van oorlog en spanning waarin hy vroeër altyd 'n renons gehad het, hy nou ten volle ontplooi het omdat die mense, sy mense, hom geheel en al aanvaar het. En as komdt. Scheepers hom met die seekoeisambok ongenadiglik streep omdat hy onnodiglik sy lewe gewaag het op 'n verkenningstog, dan het die trots byna oorweldigend in hom opgewel. Hier, in die alomaanwesigheid van die dood, het die drie seuns hulleself, en mekaar, volledig leer ken.

Met 'n gesig waaroor die trane gerol het, het Doors verder vertel hoe die regeringstroepe hulle die afgelope week geen rus gegee het nie, hulle voortdurend aangedruk het en selfs snags het die soekligte onafgebroke oor die vlakte gegee. „Gistermiddag op Groenvlei het die kwaaieste geveg plaasgevind waaraan ons deelgeneem het. Vanaf 'n koppie het ons die vyand van ons af weggehou. Eerste is Sias langs ons doodgeskiet en tien minute later het Wyand omgerol. Hy het nog 'n paar minute gelewe. Hy het my gevra om sy pa en ma te vra om hom te vergewe. Sy laaste woorde was: „Ai! Hoe lekker sou ons nie hierna op Kreeboskloof gelewe het nie.”

Die trane het vryelik gevloei oor die wange van manne en vroue terwyl hulle asof beskaamd na die geslote liggaam wat onnatuurlik lank oor die saal gehang het, bly staar het. „My God, my kind! Maar waar het jy dan vir Sias laat staan?” het Drien Prinsloo gevra. „Met skemer het ek vir hom 'n graf gegrawe daar op die koppie en nadat ek hom toegewooi het, het ek klippe oor hom gestawel, want daar was net twee perde en hy sou dit so wou gehad het.”

Die Sondag is Wynand begrawe, nie in die nuwe groot kerkhof op die bult nie, maar in die ou Boerekerkhoffie oorkant die populierbos aan die voet van die berg, waar nog net plek is vir die paar oud-stryders en oudste ingesetenes van wie se mense daar gerus het.

Vier maande later het Wouter na sy plaas teruggekeer. Hy was nog bleek, want hy het lank op Bloemfontein gelê

met 'n rebelle-koeël deur die long. Stadig het die mooi wete tot hom deurgedring dat die geneëntheid wat hy by die mense agtergekom het, nie alleen te danke was aan wat hulle van Wynand gedink het nie, maar ook aan die nuwe respek wat hulle vir hom gevoel het.

A. J. J. Visser

WASDAG

Skreeu-krete ook in die kele van tien
wat mekaar in die kring van die wasklip sien.

„My bondel is groot en joue is klein:
Wie sal eerste vanmiddag oor die bult verdwyn?”

Elkeen stoot haar haat met die kopdoek reg,
snuit die neus en sak agter die werksdag weg.

Seep borrel deur die nek van die handdun kraters,
spoel af, begin koek op die kringende waters:

„My seun is verwurg deur Moira, die slet.”
„My man's tronk toe.” „Myne't als op perde verwed.”

Geruite kussinslope, hemde en lakens
flap-flap: minute en ure het vaste bakens.

Twintig oë blits oor die kring en terug.
Wie sal eerste uit die betowering vlug,

Wat skuil in die raakvat van ander se pyn
om daarmee dan klets-klets oor die bult te verdwyn?

SPEL

My kind, ek en jy speel:
elkeen bou 'n blokkieskasteel.

Hul wankel, tuimel. Jy begin weer.
Vir my was jy die laaste probeer.

EEN VAN DIE SPYKERS

Naby Jerusalem
in 'n hel-heet vlam,
het 'n smid een aand
my logheid getem
met sy weet-hoe-hand.

My kop is nou skeef
geslaan en dun;
die lang blink staal
van my krom lyf leef
en herleef die skandaal:

Tweeduisend jaar
gelede het ek,
verbitterd en koud,
'n handpalm, 'n voet daar
vasgenael aan 'n hout.

EPILOOG

As my einde daar is, skat,
moet jy wat verby is, vat

En met jou eie hande
wegraap al my sondes, skande.

Laat ek jou slegs herinner
aan die mooiste en niks minder.

En kom jou einde, sal ek sonder vra
jou oor die steiltes ligvoet dra.

Poësie En Geestelike Adel

F. P. VAN DER MERWE

Dat die letterkunde en veral die poësie 'n veredelende uitwerking op die mens het, moet seker betwyfel word deur almal wat vandag ons literêre tydskrifte so 'n bietjie deurblaai. By die vlugtigste deurlees van sekere kritieke ontstaan die indruk ook dat dit bloot 'n illusie is dat die studie van die letterkunde as vak op skool en aan die universiteit vormende waarde kan hê, d.w.s. mense ontvanklik kan maak vir altyd fyner skakeringe in gevoel en denke en hulle kan leer om die grense van hulle eie kennis duidelik waar te neem. Met ander woorde: jy begin daaraan twyfel of die student leer onderskei tussen wat hy werklik weet en hom maar net verbeel, tussen waarheid en versinsel, tussen feit en fiksie. En jy begin twyfel of morele waardes veilig is in die letterkunde.

Party sal seker sê dat dit nie die doel van die kunstenaar is om mense te veredel nie. Ek kan my ook nie voorstel dat 'n kunstenaar of kritikus besluit hy gaan nou sit en skryf om mense tot 'n geestelike adelstand te verhef nie. Die een moet in die eerste plek verantwoording doen aan sy eie gewete of hy presies gesê het wat hy te sê het en die ander moet homself in alle eerlikheid afvra of hy reg laat geskied het aan 'n bepaalde werk. Elkeen is in die eerste plek belas met 'n sekere taak wat hy so goed moontlik moet volbring.

Maar staat en kerk het ook 'n taak om te volbring, nl. om die jeug bewus te maak van die rykgeskakeerde werklikheid wat hom omring, hom 'n noukeurige insig in verhoudinge en betrekkinge in die lewe te gee en om sy karakter te vorm in ooreenstemming met die Christelike beginsels wat ons as die basis van ons besondere beskawing beskou. Daarmee het ek sommer gesê wat ek met *veredeling* bedoel en het ek ook te kenne gegee wat ek onder vormende waarde verstaan. Ek glo dat letterkundige werke hoofsaaklik om dié redes voorgeskryf word.

Dat 'n letterkundige die bakens van die gees kan versit, 'n bespieder van nuwe gebiede van die werklikheid binne en buite die mens kan wees en dus werklik voorloper of profeet, bring dikwels 'n botsing met bestaande ordes mee, sodat die oue deur die nuwe vervang moet word. Dis reg en goed so. Dit bring die ontwikkeling van 'n beskawing

mee, asook die veredeling en vorming van nuwe geslagte.

Oorspronklikheid in die letterkunde word as 'n maatstaf van waarde beskou om geen ander rede as dat dit ons 'n stap vooruit bring nie. Om die opgroeiende geslag en volwassenes op hoogte te hou van hierdie nuwe wendinge is seker die taak van almal wat hulle besondere kultuur steeds fyner en ryker wil maak.

Om geen rede hoof daar dus 'n botsing tussen die letterkundige beweginge en die opvoedkundige ideale van 'n volk te wees nie. Ek kan selfs sê hoe suiwerder die vernuwing op letterkundige gebied hoe aanneemliker vir 'n opvoeding wat strewe na die volmaakte.

Ek sou sê dat dié strewe die uitgangspunt van hierdie artikel is. Wat muf, vermold en voos is, moet vervang word deur die nuwe en wat oud maar onverwelkbaar is, moet so suiwer moontlik bewaar word. Wat ek hier sê, spruit voort uit die intense begeerte dat die nuwe woord hier te lande gespreek sal word wat baie aanvaarde idees sal laat vervlieg en lig sal bring waar ons tot dusver in die duister moes tas.

As daar traagheid of onwilligheid onder ons is om die stap vooruit te doen, is dit die taak van alle regskepenes om die traagheid en onwilligheid te bestry. En ek dink 'n besliste houding word moreel van ons vereis teenoor die onbevatlikes en traes wat die nuwe as duister verdoem bloot omdat hulle dit nie kan en wil begryp nie. Vyandigheid is egter nie nodig nie, want die massa kom steeds skoorvoetend op 'n afstand agterna. Domheid is nie 'n sonde nie: dis net 'n beperking.

Maar dwaasheid kan opsetlik wees en is 'n gevaar vir alles wat edel, skoon en geestelik verfrissend is. En dit is deur dwaasheid, en nie deur 'n vernuwing nie, wat die verwarring ontstaan waardeur 'n mens begin twyfel aan die veredelende uitwerking van die letterkunde op die gemoed.

Die dwaasheid vind ons gewoonlik by diegene wat nie in die letterkunde as sodanig geïnteresseerd is nie, maar in die een of ander ding wat hulle daarmee verwar.

'n Mens is vir my dwaas as hy oneerlik, onbeskof, vooringenome en bevooroordeel is. Hy is des te dwaser as hy hom aan hierdie sonde skuldig maak terwyl hy deurgaans vir 'n letterkundige en opvoedkundige. Hy is 'n struikelblok in die weg van die oningewydes en in werklikheid 'n vyand van die nuwe. Hy verwar persone en sake, beginsels en toevallighede, eiebelang en objektiewe belangstelling.

Dit is dwaas om voor te gee jy weet wat jy nie werklik weet nie, om apodiktiese uitsprake te vel terwyl jy voor jou siel weet dat jy jou nog nie op die fundamentele probleme van die letterkunde besin het nie, om jou die ideë van ander toe te eien hoewel jy hulle nie eers behoorlik geassimileer het nie. Dis dwaas om verwaand te wees omdat jy die manier waarop jy 'n kunswerk beleef tot maatstaf vir almal verhef, m.a.w. dis dwaas om waar almal poësie uit hoofde van hulle eie persoonlikheid, „oordig”, te glo dat jy in besit van 'n alleensaligmakende waarheid is. Dis dwaas om sommer aan te neem dat wat jy vir die eerste keer ontdek onbekend aan ander is. Dis dwaas om te glo dat sekere dinge nie bestaan nie omdat ons hulle nie kan raaksien nie, vanweë 'n kompleks, beperking of ander rede waarom ons in 'n sekere opsig emosioneel of verstandelik blind kan wees. Dis dwaas om te sweer by hierdie of daardie bewonderde omdat hy as leermeester of verder ontwikkelde geesgenoot ons hele gedagte-wêreld insluit.

Die dwaasheid kan op nog meer maniere te voorskyn tree. Daar is diegene wat nuwe tegniese terme, toegepas op ou dinge aansien vir nuwe dinge, m.a.w. wat terme en dinge verwar. Daar is dié wat gestreel word deur die gevoel dat hulle profete is, maar so opgaan in die heerlikheid van profete te wees, dat hulle dit nooit nodig ag om te profeteer nie. Party van die profete profeteer en profiteer wel, maar het min oriëntasievermoë, sodat hulle wat afgesaag is, vir nuwighede raaksien. Daar is diegene wat wel iets nuuts kan sê, maar nie sonder om daarna op meer belang vir hulle uitsprake aanspraak te maak as wat hulle werklik toekom nie. En nog die grootste fout is seker om te glo dat diegene wat nie op sotterny antwoord nie, nie in staat is om dit te doen nie.

Dit sou ook dwaas wees om te dink dat die kritici wat hulle aan hierdie dinge besondig, werklik in staat is om skeppende kunstenaars in baie gevalle die swye op te lê of „dood te maak.”

Nee, daarvoor gaan dit ook nie hier nie. Wat hulle wel kan doen, is om jong mense se opvattinge van die letterkunde heeltemal te verknoei en om liefde en belangstelling daarvoor in die kiem te smoor. Hulle kan ook morele waardes ondermyn, soos naasteliefde, eerbied vir ander, ontsag vir die lewe — die dinge wat ons andersins op skool, in die kerk en by die huis leer.

Wat ek tot dusver gesê het, sal seker nie vir meer as

bewerings kan deurgaan nie, tensy ek kan bewys dat daar wel mense is wat op dié manier te werk gaan wat ek afkeur. Ek wil nie beweer dat dr. Rob. Antonissen hom altyd opsetlik aan party of alle sondes hier genoem, skuldig maak nie. Ek wil ook nie beweer dat hy 'n besondere bespreking as letterkundige verdien nie. Maar laer vorms van die kritiek kan wel bestudeer word om duidelik in te sien waar die hoëre vorme moet ophou. En dit is gewis my morele plig om dié heer met die omsigtigste beleefdheid te behandel juis omdat ons ideë so verskil.

Laat ons begin by die begin van dr. Antonissen se artikels. Hy hou daarvan om sy artikels te begin met 'n beledigende aanhaling wat teen persone gerig is. 'n Artikel, *Die Styl is Alles* begin met sulke aanhalings wat glad nie anders as persoonlik beledigend vertolk kan word nie. Hier is hulle:

„Quite surprising hoe maklik dit is om in ons land 'n skrywer te word, don't you think?"

(Weduwee Bloom in *As ons twee eers getroud is!*)

„Begin dus net deur jou eie beuel te blaas, al is dit ook hoe vals, en volhard hierin en gou-gou is jy 'n kunstenaar. Want net soos daar baie mense is wat kleurblind is, so is daar talrykes wat geen oor vir musiek het nie, en met 'n bietjie druk van jou kant kan jy hulle maklik laat glo die gebalk van 'n esel esteties onder eteriese klanke ressorteer, omdat hulle tussen die twee nie kan onderskei nie. En hierdie mense is, soos die dommes, altyd in die meerderheid en, soos die armes, altyd met ons. Daarom is dit maklik om in ons land die reputasie van 'n kunstenaar te verwerf.”

(Willem van der Berg: „Ons Elfde Plaag” in *Die Aasvaal Ou Karroo*).

Ek kon byvoorbeeld hierdie artikel begin het met 'n aanhaling uit Pope:

„Some have the first for Wits, then Poets past,
Turn'd critics next, and prov'd plain fools at last,
Some neither can for Wits nor Critics pass,
As heavy mules are neither horse nor ass”.

of miskien met een uit dr. Antonissen se genoemde artikel, bv.: „Dit is in Suid-Afrika ontsettend maklik om jouself vir 'n deskundige in artistieke aangeleenthede te laat deurgaan. Die plaag is nie dat die dommes in die meerderheid is nie, maar dat die ondeskundige ‚deskundiges’ dit is. En dat hulle die plak swaai”.

Ek doen dit egter nie, want myns insiens is dit 'n vorm van skel wat my argument niks verder voer nie en miskien

vertolk kan word as onvermoë om die premisse vervat in die aanhalings te bewys.

'n Mens kry hierdie neiging om persone te lyf te gaan ook binne die artikels self. As die toon van die volgende nie skeldtaal is nie en daarby skeldtaal gemik op 'n persoon en nie op 'n werk nie, dan gebruik geen viswyf ooit skeldtaal nie: „'n Mens moet nie ver soek om te ontdek in watter skool die stilis Kruger gevorm is nie. Ek glo eintlik dat hy van natuur uit nugterder is as wat 'n mens uit *Beelde en Stemme* sou aflei.”

„Ek behoort nie tot die lesers van Jannie Kruger se koerant nie, en kan dus nie sê of ek van sy daaglikse prosa hou of te nie. My ingebore wantroue teenoor alle joernalistiek dreig egter om 'n afkeer te word as ek lees wat die joernalistiek, volgens hierdie koerantredakteur, is of behoort te wees”.

„Pleks van hierdie afhanklikheid en huik-na-die-windhangery te betreur, lui Kruger se verrassende kommentaar daarop: „en tereg ook! — Mooi beroep, voorwaar!”

„Die (—vir sover ek weet—) jongste rekrut in die horde van ons romanskryfsters is Maura van den Heever. Sy vergas ons op *Die Wit Lig* en voer ons binne in 'n paradys van parfuum, lipstiffies, naelpolitoer, nuwe rokkies, tee, selfmoord-deur-verdrinking, mooiste-bruid-ooit-gesien en laventelgeurige badsout. Ek slaan die ding oop . . .”

„Hiermee het De Klerk dit reggekry om verder as ooit tevore van die letterkunde weg te seil. Nee, nogmaals, ek koester geen griewe teen 'n fantastiese verhaal as sodanig nie — heerlike Vestdijk — maar wel teen *obstinate oppervlakkigheid, grootdoenerige skynwysheid,** anemiese styl, en personasies wat al hoe meer spraaksame onbenullighede word. Waaragtig, De Klerk gaan van kwaad tot erger. Ek vrees (vir hom), daar gaan 'n tyd kom dat niemand— behalwe die menigte — sy „skeppinge” meer met erns sal bejeën nie. Voorlopig is daar nog wel Jannie Kruger — mitsgaders 'n paar ander hoeders van die „skatkis van ons prosa” . . .”

Hoe ver hy kan afdwaal van 'n boek om 'n skrywer te beledig, blyk uit die volgende:

„Hy kan selfs, sonder enige beswaar van my kant, die gemeenskap dien as sielkundige, senuarts, sieketrooster, psigotherapis of raadgewer-vir-troulostiges: dat hy die Mens ken, dat hy mense ken, dat hy iets weet van verhoudings tussen man en vrou en waarskynlik ook van die desbetreffende vakliteratuur, dit alles sal ek met genoë

* Ek kursiveer.

erken. Maar om 'n roman te skryf is daar blykbaar nog ander vermoëns en ander kennisse nodig: en ek bedoel nie slegs kennis van die groot letterkunde of vermoë om reekse groot romans te assimileer nie: 'n soort kennis en vermoë wat Van der Merwe sonder enige twyfel ook besit, as ons hom op sy woord, d.w.s. op sy onvermoebare vertoon van belesenheid, mag gelowe".

Die leser besluit self oor die letterkundige vermoë en insig waarvan die volgende getuig:

„Net soos die mense sal brul — en gebrul het — oor die magdom van kranksinnige broek-in-die-hand-situasies in hierdie . . . hoe noem u dit, here Academiciens? 'n ‚Klugtige blyspel‘? 'n ‚Sedeblyspel‘? 'n ‚Stuk ryk aan kostelike situasies en tipering‘? 'n ‚Rake ontmaskering van menslike gebreke‘? — Tensy u brul-oefenings as 'n funksie van dramatiese kuns beskou? Maar onthou dat daar heelwat ander en nog minder stigtelike dinge is wat 'n mens die histeriese lagkramp kan laat kry. U verslag, byvoorbeeld.”

As beskaafdheid niks met letterkunde te doen het nie, is die volgende letterkunde?

„Aan die absoluut waardelose *Langs die Steiltes*-teks het ek elders reeds te veel woorde vuilgemaak.”

Maar die leser moenie die indruk kry dat dr. Antonissen altyd onbeleef is nie. Ek sou graag sy eie getuienis oor sy houding by 'n bepaalde geleentheid wou hoor. Intussen kan ons volstaan met die volgende aanhalings uit sy werk om vas te stel of hy nie dalk al 'n houding het voordat hy 'n boek begin lees nie: „In 'n voortreflik versorgde uitgawe het eindelijk die versebundel verskyn waarop elke leser van Afrikaanse poësie jare lank met spanning gewag het”.

Teenoor:

„'n Deur die uitgewer alte seer opgehemelde boek sal die leser — die skrandere leser: en dis tog vir die skrandere leser dat 'n goeie outeur skryf, nie waar nie? — mos deerlik teleurstel: hy sal homself in sy hoë verwagtings bedroë sien, en sy wrewel sal onkeerbaar wees. Wrewel teen die uitgewer in die eerste plek: maar onvermydelik ook wrewel teen die skrywer en sy boek. Want sal dit nie die natuurlikste saak ter wêreld wees nie, dat die leser die werklike waarde van die boek, soos hy dit al lesende leer ken het, gaan vergelyk met, en afweeg teen die uitgewer se waardebeoordeling”? En dan spreek dit vanself: hoe groter die teenstelling tussen daardie twee oordeelvellings, tussen die waarde en die markgeskreeu, hoe groter die leser se wrewel sal wees. En hoe strenger die kritiek wat op die boek verwag moet

word; in so 'n geval, immers, moet nie meer alleen die boek se waarde geskat word nie, maar moet buitendien ook nog die invloed en aantrekkingskrag wat die markgeskreeu op die boekkopers mag uitoefen, deur 'n onverbiddelike optrede verswak en, indien moontlik, uitgeroei word". Dan volg 'n klomp uitsprake wat net so ongemotiveer is soos die uitgewer se advertensie-uitroep!

Dit verklaar miskien waarom dr. Antonissen soms wel ter sake, onpersoonlik of beleef kan wees. Laat ons, gesien D. J. Opperman se bewyse in sy proefskrif, onself afvra waarom dr. Antonissen nie die invloede op W. E. G. Louw behandel het nie, maar tog 'n bespreking van S. Ign. Mocke se werk begin met 'n uiteensetting van wat hy onder epigoon verstaan en dit afsluit met die uitroep: „Maar ja: Krige... Krige!" Let wel: hy haal nie een enkele voorbeeld van die beïnvloeding aan nie. Ek is nie bewus daarvan dat hy van epigonekuns gepraat het in 'n paar ander gevalle waar die bewyse wel deeglik vir hom verskaf is nie.

Dr. Antonissen het onlangs in *Die Huisgenoot* 'n bespreking van N. P. van Wyk Louw se jongste digbundel gelewer. In die artikel, net soos in vroeër besprekings oor veral D. J. Opperman, stel hy noukeurige ondersoek in na die geestelike dampkring en intellektuele betekenis van digbundels; ons wag nog vergeefs op 'n ondersoek na die inspirasiekern van C. M. van den Heever en W. A. de Klerk se romans, om maar twee te noem. Die vraag of hierdie intellektuele inhoud nie juis met meer reg in 'n roman ondersoek kan word nie, het hy natuurlik nog nooit beantwoord nie. Maar besinning op grondprobleme van die letterkunde kan *nêrens* in dr. Antonissen se werk aangewys word nie. Daarom sê ek *natuurlik*.

Ek wil *nie* van moedswillig, oneerlik of onnosel praat nie. Dan sou ek my skuldig maak aan wat ek afkeur, maar laat dr. Antonissen 'n bietjie nadink oor die volgende na aanleiding van wat hy geskrywe het: In 'n roman wat ek geskryf het vertel ek van 'n man wat lê en worstel met die probleem of daar 'n moontlikheid, 'n *waarskynlikheid* bestaan dat hy die polisie met 'n leuen om die bos sal kan lei. Die man dink aan Pirandello se roman waarin die hoofkarakter dieselfde leuen vertel wat hy wil vertel en die polisie tog om die bos lei. My hoofkarakter dink net aan die soortgelyke situasie en dit blyk duidelik uit die hele stuk. Hy steur hom nie aan Pirandello se argument dat die handelwyse van sy (Pirandello s'n) hoofkarakter „letterkundig waarskynlik” is nie. Dit staan eksplisiet so

in die aanhaling van die kritikus uit die boek, maar tog word Pirandello se opvattinge aan my toegeskryf, ja, terwyl nóg ek nóg my hoofkarakter die minste in Pirandello se kunsopvatting geïnteresseerd is. As die kritikus dit maar daar gelaat het, sou 'n mens dit maar as die gevolg van haastig lees aangesien het. Hy gaan egter verder: ek as persoon moet bygekom word: ek probeer naamlik om die kritikus voor te spring. Ja, so word die betekenis van die een waarskynlikheid in dié van die ander oorgedra om by die geslepenheid van die skrywer uit te kom.

Dit bring ons uit by dr. Antonissen se insig in die letterkunde en sy vermoë om ons die wêreld van 'n kunswerk binne te lei. Veel verder as die dinge wat ek hier aangehaal het, het hy nie gekom nie. Ek raai die leser aan om sy kritieke en verskillende tydskrifte na te gaan. Onlangs het 'n hele paar letterkundiges beswaar gemaak omdat 'n redakteur 'n eerste minister se glimlag tot letterkundige maatstaf verhef het. Ek wil hulle nog sien beswaar maak daarteen dat dr. Antonissen in die meeste van sy artikels sy bloos, sy woede, sy vooruitsigte om iets te lees, sy wrewel, sy Ek voorhou as aanduidings van letterkundige waardes of onwaardes.

Ten spyte van dr. Antonissen se ewig-onveranderlike reëls en resepte in die letterkunde, kry ek in sy lomp, onbeholpe en cliché-taal (ek weet van geen ander Afrikaanse kritikus wat hom so moeilik daarvan kan losmaak nie) geen beduidenis van letterkundige aanleg nie. Ten spyte daarvan dat hy so gesteld is op suiwer Afrikaans, gebruik hy tog -ismes en het hy maar alte dikwels nie 'n gevoel vir woordbetekenisse in Afrikaans nie. Ek reken prof. Abel Coetzee het dit goed uitgedruk: vertaalde Vlaams is nog nie Afrikaans nie.

Laat ek dit ten slotte weer duidelik stel: ek het hierdie resensieskrywer nie ter wille van homself behandel nie. Ek kon seker 'n vier-vyf ander genoem het. Al regverdiging vir my keuse is seker dat hy 'n onvermoeide resensent is wat die meeste voorbeelde oplewer.

Die twyfel aan die veredelende uitwerking van die letterkunde en die vormende waarde daarvan vir die jeug óntstaan deur die stukke wat ek hierbo aangehaal het. Dit is egter verkeerd om aan hierdie dinge te twyfel omdat 'n paar sogenaamde letterkundiges en opvoedkundiges hier by ons hulle nie by die letterkunde bepaal nie.

Ernest Hemingway

M. M. SOLZ

Van die skrywers wat gedurende die afgelope paar jaar die Nobelprys gewen het, is Ernest Hemingway seker die populêrste. Voor hom het die Amerikaner William Faulkner die prys ontvang, maar Hemingway se werk is toe reeds wyd en syd gelees en hy het reeds fabelagtige bedrae van die rolprentbedryf ontvang vir die verfilming van sy boeke en kortverhale sodat hy met gemak 'n aanbod van 'n kwartmiljoen pond van die hand kon wys wat hom aangebied is vir die filmregte van *Across the River and into the Trees*. Saam met sy populariteit het daar ook tegelykertyd 'n Hemingway-styl en 'n Hemingway-held ontwikkel. Daar is ook beweer dat geen ander Amerikaanse skrywer so 'n deurdringende invloed op die letterkunde van 'n dekade uitgeoefen het as Hemingway nie, en aan die ander kant is hy weer streng gekritiseer oor sy dekadente lewenshouding en doelbewuste poging om 'n kortaf, bot styl te skep. Om tussen hierdie pole van heldeverering en verdoemende kritiek deur te stuur, bly 'n moeilike taak, veral waar hierdie skrywer een van ons tydgenote is. En oor die toekenning van letterkundige pryse sal ons altyd verskil!

Ernest Miller Hemingway is op 21 Julie 1899 in Illinois gebore. Die verhouding tussen hom en sy ouers kan telkens weer teruggevind word in sy werk, soos byvoorbeeld in *For Whom the Bell Tolls*, in Jordan se bespiegeling oor sy ouers en in die talryke verhale waarvan Nick Adams die middelpunt vorm. Nick Adams beeld vir ons ook sekere geestelike en emosionele krisisse uit waarin Hemingway hom bevind het op verskillende stadiums in sy lewe. In hierdie verhale is dit meer die emosionele verandering wat van belang is as die daadwerklike gebeure.

Met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog is hy eers afgekeur toe hy wou aansluit, maar nadat hy 'n ruk lank as verslaggewer by 'n koerant werksaam was, het hy uitgevind dat hy as ambulansbestuurder kon aansluit, en op hierdie wyse het hy van die swaarste gevegte aan die Italiaanse front deurgemaak. By Fossalta di Piave is hy sleg gewond en het die mees gesogte Italiaanse medalje vir dapperheid ontvang. Na die oorlog het Hemingway na

Amerika toe teruggekeer om te herstel. Wat hy gesien en ondervind het gedurende die oorlog, het hom so ontstel dat hy baie aan slapeloosheid gely het en 'n ruk lank glad nie in die donker kon slaap nie. Hy het weer eens verslag-gewer geword en het byvoorbeeld die Grieks-Turkse oorlog gerapporteer. Toe die Spaanse oorlog uitbreek het, het hy hom beywer om die Lojaliste te help. Gedurende die laaste Wêreldoorlog het hy in Frankryk geveg. Sy groot liefde vir jag en visvang blyk duidelik uit sy prosawerke.

Sy eerste prosawerk was *In Our Time* (1924), waarin hy die ontgoëling en verlies aan lewensgeloof na die oorlog uitbeeld. Daarop volg *The Torrents of Spring* (1925) en *The Sun Also Rises* (1926). Met *A Farewell to Arms* het hy sy eerste belangrike roman geskryf waarin hy die romantegniek baasraak en die uitwerking van 'n verwoestende oorlog op individuele menselewens toon. Dan kom soortgelyke kortverhale oor die oorlog in *Men without Women* (1927) en *Winner Take Nothing* (1933).

Met hierdie werke het hy 'n groot invloed op die Amerikaanse letterkunde uitgeoefen veral deur sy styl, wat byna soos 'n kabelgram in hierdie vroeër werk lees. Hy is as kunstenaar 'n naturalis en Alexander Cowie sien die sameloop van styl en die aard van die kunstenaar op die volgende wyse: „Perhaps Hemingway's laconic delivery seemed a necessity to him. Perhaps he felt that stylistically it comported with the undertow of pessimism observable in many of his stories as well as those of other serious writers after World War I — a pessimism suggested by the very title of one of Hemingway's lesser-known works: *Winner Take Nothing*. Ideologically and stylistically the naturalists refused all compromise with convention.”

Hierby kan ons ook noem dat Hemingway 'n groot verdienste besit wat nie in 'n geringe mate bygedra het tot sy sukses as romanskrywer nie, en dit is 'n baie fyn oor vir die natuurlike skakerings in die dialoog. Hy is 'n uitmuntende waarnemer, soos trouens al die groot naturaliste, en sy kuns bestaan in 'n hoë mate uit die getroue weergawe van sekere gekose insidente wat hom geroer het.

Sy bekende werk oor die kuns van die stiervegter *Death in the Afternoon* (1932) behels ook allerlei beskouings oor die lewe en oor die kuns en dieselfde is die geval in sy beskrywing van 'n jagtog in Afrika, *Green Hills of Africa* (1935). In *To Have and Have Not* (1937) en *The Fifth Column* toon hy belangstelling in die moontlike oplossing van sosiale probleme. Daarop volg dan *For Whom the Bell Tolls* (1940) met 'n vloeiender styl, en 'n groot innerlike

drang om die vryheid te bewaar, blyk uit hierdie werk. In 1942 het hy 'n aantal oorlogsverhale saamgevat in *Man at War*. Sy laaste twee werke is *Across the River and into the Trees* waarin hy deur die held Cantwell weer die plek besoek waar hy gewond is in Italië, en dan in 1952 *The Old Man and the Sea*, 'n eenvoudige en meesterlike verhaal wat toon dat daar groter kalmte en gebalanseerdheid in Hemingway se waarneming gekom het.

Ondanks die feit dat Hemingway as 'n naturalis bestempel word, is daar tog in sy prosa 'n sterk subjektiewe element. Dit skuil in die feit dat ons telkens in sy werk met die persoonlike beleving te doen het en mens voel dikwels dat daar onder die skynbaar sobere nugter en ingehoue styl 'n sterk gevoelstroom bruis wat byna aan die histeriese grens. Die Hemingway-held, wat al eintlik geabstraheer is uit die prosawerke van Hemingway, keer telkens weer in die een of ander vorm terug as die ont-nugterde, siniese en pessimistiese mens wat dit swaar vind om enige blywende waardes daar te stel na die disintegrasie van 'n oorlog en die alomteenwoordigheid van die dood in 'n afskuwekkende vorm, soos alleen die ware naturalis dit kan sien. In *Death in the Afternoon* kom Hemingway so ver om 'n paar van sy gesigspunte regstreeks mee te deel:

„So far, about morals, I know only that what is moral is what you feel good after and what is immoral is what you feel bad after . . .”

„Madame, there is no remedy for anything in life. Death is a sovereign remedy for all misfortunes . . .”

En oor sy vorming as skrywer deel hy die volgende mee: „. . . I found the greatest difficulty, aside from knowing truly what you felt, rather than what you were supposed to feel, was to put down what really happened in action, what the actual things were which produced the emotion that you experienced.”

„Prose is architecture, not interior decoration, and the Baroque is over. For a writer to put his own intellectual nursings, which he might sell for a low price as essays, into the mouths of artificially constructed characters which are more remunerative when issued as people in a novel is good economics, perhaps, but does not make literature.”

„If a writer of prose knows enough about what he is writing about he may omit things that he knows and the reader, if the writer is writing truly enough, will have a feeling of those things as strongly as though the writer has stated them. The dignity of movement of an iceberg is due to only one-eighth of it being above water.”

Hemingway is benewens sy naturalistiese prosa ook bekend vir die morbiede belangstelling in die stoflike verskynsels van die dood wat hy telkens met groot noukeurigheid beskrywe, miskien omdat hy dit so dikwels aanskou het. In sy laaste werk, *The Old Man And The Sea* tree hierdie verskynsel op die agtergrond en is daar 'n groter mate van sublimering van naturalistiese waarnemingsverskynsels. Dit wil amper lyk of daar 'n wending in 'n meer gebalanseerde rigting in hierdie Nobelpryswenner se werk ingetree het.

Boekbesprekings

N. P. van Wyk Louw: NUWE VERSE (Nasionale Boekhandel Beperk, Kaapstad 1954).

Van Wyk Louw se nuwe bundel is 'n versameling met 'n ryk verskeidenheid. Dit bevat gedigte wat so wesenlik van mekaar verskil, dat 'n verantwoorde kritiek wat aan alle fasette reg laat geskied, 'n breed opgesette studie sou vereis. Dit dan ter verontskuldiging, want wat hier volg kan weinig meer wees as 'n vlugtige aanduiding van die aard van die gedigte. Slegs by 'n enkele, myns insiens die belangrikste, gedig word langer stilgestaan.

Nie al die gedigte in hierdie bundel is vir ons „nuut” nie. *Die Doper in die Woestyn, Drie Keiserportrette* en meeste van die „metafisiese” gedigte het bv. reeds vroeër (met hier en daar ligte veranderings) in *Standpunte* verskyn. In laasgenoemde gedigte word die skepping gesien as 'n „driftige verband” met die kwelende teenstelling:

... áls is enkeld, áls verlang
na heelal en na samehang.

Opvallend is die wyse waarop die ingewikkeldste problematiek gepaard gaan met glasheldere eenvoud in taalgebruik.

Die twee sonnette getiteld *Die Ambag* gee die erkenning van eie beperkings en tegelykertyd ook die trotse oortuiging van die krag en die goddelikheid van die digkuns. Maar ook elders word die digterskap indirek ter sprake gebring. So byvoorbeeld in die dra-

matiese monoloog *Die Doper in die Woestyn*, waar dit een van die verskillende vlakke van betekenis uitmaak. Hoewel nie so heg van bou of so omvattend soos *Die Hond van God* nie, kry ons in gedeeltes „die gesprek van die mistikus met God asof hulle alleen teenoor mekaar staan in die oneindigheid”:

U, U is my woestyn, my dors,
U onvoltooide raadslag is
bloed, long en hamer in my
bors;

O God, U is my duisternis;
ek gryp verwilderd en dis U
wat in my leë hande is.”

Die verwantskap met *Die Profeet* is duidelik, maar die groei is ook onmiskenbaar. Die gestalte kom in die jonger gedig ook meer tot sy reg.

In *Ballade vir Jan se Fees, Op-skrif vir Gaste in 'n Klooster, Aan 'n Uroloog* en in die kwatryne tref ons elemente aan wat nuut is in Van Wyk Louw se oeuvre: die geestige en speelse. Hoewel hierdie verse (saam met *Klipwerk*) waarskynlik dikwels negatiewe kritiek sal uitlok, kan dit geensins as onbeduidend verwerp word nie. In die eerste instansie gaan dit immers om doeltreffende organisasie, vir wat in elke besondere geval gesê word, is daardie vorm die effektiëste. Hierdie gedigte hoef glad nie onder te doen vir dergelikes by sê Yeats nie. In *Ets: Selfportret van Rembrandt met Hoed* op het ons

'n kwatryn wat ook ander dimensies as die geestige besit.

Die „rympies” in *Klipwerk* is 'n skatkamer van beelde. Hier het ons die volkslied in die volle sin van die woord, met die ritme, die onverwagte, wrede wendinge, die dikwels half-verborgte seksuele implikasies wat hierdie genre kenmerk. Sommige van hierdie liedjies bevat slegs een vlugge beeld, 'n verhelderende flits van die waarneming:

bobbejaan het geskrik
en sy gousblom sit
streep op 'n ry
teen elke klip.

Die weglating van die punktuasie beklemtoon die suggestiewe, onafgeronde aard van die verse. Tog bevat haas elkeen van hierdie verse 'n eie klein wêreldjie:

die geel-perské en die langelyspeer
ai hoe 't ek gisteraand regeer
die hout is op en die katel is koud
Maandag is die hart weer oud.

Verse wat beweeg op 'n ander plan, ja, maar in hulle soort gaaf en bekoorlik.

Nuwe Verse bring nuwe en onverwagte aspekte van Van Wyk Louw se digterskap na vore. Gedigte soos *Twee Elegiese Verse* en *Beeld van 'n Jeug: Duif en Perd* kom byna as 'n antwoord op die kritiek dat alles in sy gedigte steeds na hoogspanning gevoer word. Hier het ons 'n distansiering tussen protagonis en beelding, 'n rustige beskrywing en kontemplasie. Maar die objektiwiteit beteken nie 'n afname in intensiteit nie. Veral die tekening van die Spaanse hoer is wrang:

„Dan gaan jy later na die klein kafee in die straat

wat ek nie onthou nie: jy eet daar vis met olie
en gee vir die kat. Laat in die aand gaan jy stad toe
— daar kan ook dié wat jou nie wou herken nie, jou hê.”

Die nugter-saaklike opsomming met die altyd-aanwesige, maar steeds streng beheerste emosie daaragter, is inderdaad „elegies.” Die twee elegiese verse neem dus die vorm aan van 'n mymering by die aanskouing van dinge uit die alledaagse lewe en word so 'n kommentaar op die lewe; veral die effek van die aanraking van Christendom en heidendom en die daaruit ontstane komplekse lewe vol innerlike teenstrydighede word blootgelê en kulmineer in die saaklike samevatting:

„Christus is 'n episode en 'n agonie.”

Die slotgedig is seker die belangrikste in die bundel. Hierin word deur middel van plastiese beelde vir ons die wêreld van die jong seun geskep, die vorming van sy „jonk dink” onder invloed van uiteenlopende belewings. Pragtig is die beskrywing van die duiwe „soos lappies warm wasgoed,” hulle bewegings, wat deureenvleg met die beelde opgeroep deur die seun se lektuur. Eers lees hy van die veldslae van die Romeine, dan sweef hom voor die gees beelde uit 'n ander boek — die verowering van Meksiko deur Cortes namens die Christendom. Hy sien die bloedige offerandes in die heidense tempel. Met drie beskrywingsvorms het hy kennis gemaak — die van die heidense Romeine en Asteke en die Christendom — maar hy kan nie daartussen kies nie. Waarskynlik deur

assosiasie gaan sy gedagtes na die „offerandes” van die Bybel — Abraham s'n en die kruisiging. Dan word sy „jong dink gewond tot swymens toe” deur die nuwe gedagte van die verband en sin van al hierdie dinge, dat

. . . die aarde en elke aard-gebeurtenis
en die son self, en tot die verster,
tesame net een groot vertelsel is

oor Hom en ons, en deur Hom self vertel —
vol beeld, perfigurasië, voorbereiding
op een voleindigende slot —
en, dat in elke eeu die — laaste ding

verwysing na Hom was, deel van Sy Naam.”

Hy is dus besig om te probeer sin gee aan die lewe, om 'n lewensbeskouing te vorm waarin die verskillende beskawingsvorm hulle betekenis sal kry. Elke lewensvorm word op sy manier beeld van 'n ewige waarheid, anders belewe. Soos in baie ander gedigte in die bundel kry ons dus hier Van Wyk Louw se „afrekening” met die Christendom. Nou volg die beskrywing van die hings wat, na 'n oomblik van vryheid, ongebonde natuurlikheid, onder beheer gebring word:

„Die hings word kort aan sy bek gevat;
en, magtig, gebonde, beheers en mooi,
die stal ingelei; en die grendel-hout val vas.”

Heel algemeen sou mens hierdie beeld kon vertolk as die aanvaarding dat die lewe binne sekere beperkende grense skoon kan

wees, dat die gees noodsaaklik binne 'n „stelsel,” „filosofie” of „lewensbeskouing” beperk moet wees om tot volle ontplooiing te kom. Hieruit spreek duidelik die nuwe toon van Van Wyk Louw se gedigte: die aanvaarding van menslike beperkings. Maar aanvaarding kan ook oorwinning beteken. Die aard van die gedig — die psigiese vorming met wisselende beelde uit die leesstof en die onmiddellike omgewing — bring noodwendig mee dat alle elemente nie ewe belangrik is of ewe heg geïntegreer word nie. So word die episode van die hings byna 'n „epiloog,” 'n nuwe en latere ervaring wat die vroeëre relativeer. Die gedig is egter so duidelik die produk van 'n geïntegreerde meesterskap, verraai so 'n feilloose taalbeheer en tegniese vermoë, dat 'n mens haas vergeet dat dit terselfdertyd „eksperimenteel” is — want iets van hierdie aard bestaan eenvoudig nêrens anders in Afrikaans nie.

Nuwe Verse bevestig nie alleen Van Wyk Louw se meesterskap in die digkuns nie, dit bring ook 'n belangrike verbreding daarvan. 'n Groter register van menslike ervarings word aangewend, die „wêreld” van die digter word aansienlik verruim. Die „wêreld” van die „nuwe” gedigte is eensins eenvoudiger of meer simplisties as vroeër nie, maar in hierdie wêreld het die eenvoudige, die speelse en geestige ook 'n plek gekry. Van Wyk Louw se grootste gedigte is vir my nog steeds dié in *Gestalten en Diere*, tog sou ek sê dat die nuwe gedigte gewen het aan menslikheid.

E. LINDENBERG

OOM JAN VERTEL, deur J. D. Wiese. (Afrikaanse Pers-boek-

handel, Johannesburg 1954.

Prys 13/- posvry.)

Deur middel van 'n reeks anekdotes, lewendig en interessant vertel, gee die skrywer ons 'n beeld van sy veelbewoë loopbaan. Hy begin met sy kinderjare in die omgewing van Tulbagh, skets sy skoollewe en die jeugervarings wat hy opgedoen het om daarna op pakkende wyse 'n aantal aangrypense karaktersketse te lewer. Daar is bv. die simpatieke skets van sy leermeester Hendrik Oerson, van Tant Hessie en Blom Jasper, van Aptak en Oom Sypie, van Jensen en Eugene. Gaandeweg openbaar hy 'n intieme kennis van die kleurlinglewe, vertel van ervarings op die jagveld om ons dan uiteindelik mee te voer na vreemde lande waar hy in

vrywillige ballingskap verkeer. Hy besoek Australië, die oerwoude van Donker Afrika, Meksiko, Amerika en uiteindelik die Vuurdele van Nieu-Seeland.

Oom Jan is inderdaad 'n baasverteller. Hy verstaan die kuns om sy ryp ervaringslewe en kleurryke loopbaan pakkend en spanningvol aan ons bloot te lê. Dis 'n boek wat die jeug gretig sal lees, want dit bevredig die verlange na avontuur, lig die sluier wat die geheimsinnigheid van die vreemde bedek en dra terselfdertyd die stempel van die werklikheid. Die leser voel dat hier geen romantiese droomwêreld aan hom voorgehou word nie: al die gegewens berus op werklik deurleefde ervarings.

S. C. HATTINGH

Uit Die Tydskrifte

Ons Eie Boek, Jg. xx, Nr. 3: T. T. Cloete noem C. G. S. de Villiers se bundel sketse *Snel dan Jare* „'n klein museumpie van die woord waarin die skrywer figure, sedes en gewoontes, geloof en bygeloof, 'n hele lewenswyse en Boerekultuur van 'n vergane tydperk vir die nageslag probeer bewaar.” Dieselfde kritikus bespreek en karakteriseer Ina Rousseau se *Die Verlate Tuin* en wys op die noue verband tussen die verskillende gedigte. M. Nienaber-Luitingh bespreek *Vier Uitgesoekte Eenbedrywe* van F. C. L. Bosman. Uys Krige publiseer twee vertalings van Paul Eluard.

Standpunte, Jg. ix, Nr. 1: Hierdie eerste nommer in die nuwe reeks bevat 'n aantal gedigte van P. J. Philander (Afrikaans), Guy Butler en Phyllis Haring (Engels). *De jeugd van Marnix Gijsen* is 'n boeiende biografie deur die skrywer se broer, René Gijsen. Onder die titel *Die wêreld is nie ons woning nie* gee T. T. Cloete 'n studie oor Totius se „digterlike houding” en wys daarop hoe woorde soos *stille, verlede, herinnering, skemer* in sy oevre funksioneer. J. J. Degenaar skryf oor *Metafisika en Kuns*. In sy kroniek bespreek Antonissen J. L. Steyn se proefskrif *Totius as Psalmbermyer*, wat hy onvoldoende vind omdat dit „in hoofsaak 'n kompilasie” is en niks wesenlik nuuts bring nie. Hy praat met lof oor Dekker se vertaling *Verhale van Guy de Maupassant*. Delius reageer op Opperman se vergelyking (in

Standpunt 31) van Van Wyk Louw en Campbell. Hy meen dat Opperman se artikel nie alleen onreg laat geskied aan beide digters nie, maar ook onbillik is teenoor die digterskap van Slater. Na aanleiding van die uitgawe van Couperus se versamelde werk, spreek Greshoff die mening uit dat hierdie outeur se prosa nie deur die tyd aangetas is nie.

Helikon, Jaargang 4, Nr. 17: Dr. G. J. Labuschagne noem 'n aantal oorsake waarom die studie van die taalwetenskap in Suid-Afrika gebrekkig is, op skool sowel as aan die universiteit. S. Ign. Mocke veroordeel psigoanalitiese neigings in die literêre kritiek. S. C. Hattingh bespreek die poësie van Eugène Marais en P. J. Nienaber se bloemlesing *Digters en Digkuns*. Skeppende werk: poësie van Toon van den Heever, S. J. du Toit, Jacques Loots en J. J. C. Oosthuizen en prosa van Abel Coetzee.

Critisch Bulletin, September 1954: Na aanleiding van Arthur Lehning se *De Vriend van mijn Jeugd. Herinneringen aan H. Marsman*, merk Anthonie Donker op: „Wat er omstreeks 1920 in onze poëzie gaande was, gebeurde in de omgeving van Marsman. Men vindt het hier, getrouw en nauwkeurig, beschreven.” Boeke wat bespreek word, is *Kleine Mensen in de grote wereld* van A. den Doollaard en *Démasqué bij daglicht* van A. J. Noël de Gaulle deur J. B. Charles, *Wag der*

Glorie van Theo J. van der Wal deur Jeanne van Schaik-Willing en *Dapper Vrouwenleven* ('n studie oor Betje Wolff en Aagje Deken) van Ha. C. M. Ghijsen deur Annie Romein-Verschoor. J. C. Brandt Corstius noem C. M. Geerars se proefskrif *Hubert Korneliszoon Poot* die grondigste en omvattendste oor dié digter. Manuel van Loggem meen dat die Engels in Uys Krige se *The Dream and the Desert* vir 'n Hollander vertrouwd klink en dat „de vertaling in het Hollands er vlak achter ligt.”

De Vlaamse Gids, Oktober 1954: Die slotartikel van H. Uyttersprot oor Kafka verskyn. Onder die titel *La belle dame-sans-merci* bespreek M. Rutten die werk van 'n aantal „poetae minores.” Veel meer waardering toon hy vir Lily van de Woestijne wat in Frans dig. J. C. Bloem en Ben Cami publiseer gedigte.

Nieuw Vlaams Tijdschrift, Jaargang 8, Nr. 6: Hugo Claus publiseer die eerste gedeelte van 'n toneelstuk getiteld *De Bruid en de Morgen*, en Gaston Burssens 'n ode. Johan Daisne gee 'n rubriering van film-literatuur. In sy kroniek van essayistiese en literatuurhistoriese prosa behandel Achilles Mussche o.a. *De Psychologiese figuur van Karel van de Woestijne als Dichter* deur Albert Westerlinck, *De Nederlandse Letteren in de negentiende eeuw* deur Gerben Colmjon, *De Vlaamse Letterkunde* deur Eug. de Bock en *De Vlaamse Letterkunde van 1780 tot heden* deur R. F. Lissens. Sy besware teen Westerlinck se studie betref veral die „willekeurige” beperking van die materiaal en die weglating van die trilogie: *De Modderen Man, God aan Zee*

en *Het Bergmeer*. Hy vind ook dat Westerlinck te veel die *mens* sien en te weinig die *gedig*. Colmjon se studie vind hy bevooroordeel en te weinig objektief, en die van De Bock „onevenwichtig, rommelig soms, vaak willekeurig,” met 'n tekort aan sintese en literêre waardering. As literatuurwetenskaplike werk is Lissens se werk syns insiens die ewewigtigste, al mis hy ook hierin die sosiale agtergrond, historiese verband.

Dietsche Warande en Belfort, Augustus-September 1954: Hierin verskyn gedigte van Hubert van Herreweghen, Pieter G. Buckinx, Frank Meyland, Jan van den Weghe. In *Kunstenaar en Maatschappij in Nederland* onderskei en verwerp Anton van Duinkerken drie benaderings: die totalitêre institusionele en nie-konformistiese. As die (onbereikbare) ideaal stel hy die „hymniese” reëling: „de spontane, hartelike en volledige instemming van de kunstenaar, met de hoogste wereldbestur, op onbaatzuchtige wijze beantwoord door een ideaalgeduldig publiek.” Jos de Haes bespreek in sy kroniek van die poësie bundels van Marc Moonen, Pol Le Roy, Ferdinand Vercnocke, Frank Meyland, Walter Geerts en Rudo Durant. Ten spyte van enige besware, vind Westerlinck Lissens se literaturgeskiedenis histories goed, estetiek-krities getuigend van „grondigheid en goede smaak.”

De Nieuwe Taalgids, 5e aflewering, 47e jaargang: A. Teeuw gee 'n uiteensetting van die bydrae van Roman Jakobson tot die studie van die fonologie. In *Busken Huet in 1878 en de leuzen van '80* wys D. A. de Graaf daar-

op dat Huet in sommige opsigte die Tagtigers voorgegaan het. Marie Ramondt skryf oor *De jongere en de late Potgieter teenover de humor*, terwyl L. C. Michels 'n kritiese oorsig gee van 'n aantal verskillende interpreta-

sies van die beroemde vers van Vondel: *De felle Doot, die nu geen wit magh sien*. G. Kamphuis bespreek *Rembrandt and his critics* van Seymour Clive.

E. LINDENBERG

Nuwe Afrikaanse Boeke

P. J. NIENABER

ROMANS EN VERHALE

- BEHRENS, Louise. Sewe stuur geskenke. Johannesburg, Afr.-pers-boekhandel, 1954. 276 bl. 19 sm. (Moresterbiblioteek). 12/6.
- BERGH, Kas van den. Verdoem nie die getuie. Johannesburg, Dagbreek-boekkring, s.j. [1954]. 210 bl. 19 sm. 11/6.
- BEUKES, J. Alleen teen 'n bende. Johannesburg, Goeie hoop-uitgewers, 1954. 128 bl. 18 sm. (Swart Piet-reeks, nr. 1). 3/-.
- Die bruid van Paradysvlei. Johannesburg, Goeie hoop-uitgewers, 1954. 207 bl. 19 sm. 10/6.
- Geen groter liefde. Johannesburg, Van Riebeeck-biblioteekskema, 1954. 224 bl. 19 sm. 10/6.
- Moord in die wolke. Johannesburg, Goeie hoop-uitgewers, 1953. 159 bl. 18 sm. (Pronk-boeke). 2/6.
- 'n Rooikop in die pekel. Johannesburg, Pronkboeke, 1954. 112 bl. 18 sm. 3/-.
- Sodom op die see. Johannesburg, Pronkboeke, 1954. 110 bl. 18 sm. (Kroon-reeks, nr. 1). 3/-.
- BEYERS-Boshoff, C.F. Die gesig van 'n vrou. Johannesburg, Van Riebeeck-biblioteekskema, 1954. 214 bl. 18½ sm.
- BONGERS-Brits, Sarie. Die onvoltooide simfonie. Johannesburg, Dagbreek-boekkring, 1954. 222 bl. 18½ sm. 11/6.
- BOSMAN, Eunice. Onverwagte liefde. Pretoria, Keurbiblioteek, 1954. 223 bl. 19 sm. 9/6.
- BRESSLER, Coert. Dr. Froneman se twee vrouens. Johannesburg, Van Riebeeck-biblioteekskema, 1954. 223 bl. 19 sm. 10/6.
- BUSS, P., en RIGTER. Sap van die aalwyn. Johannesburg, Drostyd boekklub, 1954. 318 bl. 19 sm. 15/-.
- EHRHART, Elizabeth. Ontwaking. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1954. 231 bl. 18 sm. 11/- (11/6).
- ELDERS, J. van. Die waternimf. Kaapstad, Nas. boekhandel, s.j. [1954]. 234 bl. 18½ sm.
- ELOFF-van der Walt, Ella. Dwaalligte in die vleie. Johannesburg, Afr. pers-boekhandel, 1954. 308 bl. 19 sm.
- ENSLIN, Anna. Middernag. Bloemfontein, Sentrale pers. drukkers, s.j. [1954]. 389 bl. 18½ sm. 15/- pv.
- FOUCHÉ, Meiring. Losprys vir liefde. Johannesburg, Goeie hoop-uitgewers, 1954. 238 bl. 19 sm. 10/6.
- FRASER, E. J. M. Jy behoort aan my. Kaapstad, Tafelberg-uitgewers, 1954. 221 bl. 19 sm. 10/6.
- GROBLER, J. H. Skaduwees oor Afrika. Johannesburg, Afr. pers-boekhandel, 1954. 283 bl. 19 sm. 12/6 (13/-).
- GROEN, Sanet te. Die hart van dinge. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1954. 248 bl. 18½ sm. 11/- (11/6).
- HERDEN, A. van. Blomme vir Bessie. Kaapstad, Tafelberg-uitgewers, 1954. 223 bl. 19 sm. 10/6.
- Vaarwel aan gister. Johannesburg, Goeie hoop-uitgewers, 1954. 215 bl. 18½ sm. 10/6.
- HEEVER, Kootjie van den. Vlees van een vlees. Kaapstad, Nas. boekhandel, s.j. [1954]. 107 bl. 18½ sm.
- HENDRIKS, R. Geen krans vir Stella. Johannesburg, Dagbreek-boekkring, 1954. 244 bl. 18½ sm. karton.
- HENNING, Nan. 'n Lied deur die jare. Pretoria, Keurbiblioteek, 1954. 215 bl. 19 sm.
- KLERK, A. J. B. de. Die weg na die eter. Kaapstad, Nas. boekhandel, s.j. [1954]. 191 bl. 18½ sm. 10/6.
- LOMBARD, Thilda. Los teuels. Kaapstad, Nas. boekhandel, s.j. [1954]. 208 bl. 18½ sm.
- MARIO. Held van die berge. Johannesburg, Pronkboeke, 1954. 112 bl. 18 sm. 3/-.
- MEIRING, Rudolf. Doodvonnis oor die eter. Johannesburg, Afr. pers-boekhandel, 1954. 269 bl. 19 sm. 12/6.
- MERWE, J. Nel van der. Onder vreemde sterre. Johannesburg, Afr. pers-boekhandel, 1954. 256 bl. illus. 19 sm.
- MEYER, Erica. Liefde bring die daeraad. Kaapstad, Tafelberg-uitgewers, 1954. 224 bl. 19 sm. 10/6.
- MIKRO. Die houtswaan. Kaapstad, Nas. boekhandel, 1954. 184 bl. 18½ sm.
- MOCKE, Annette. Die vallei van blou blomme. Pretoria, Keurbiblioteek, 1954. 224 bl. 19 sm. 9/6 (vir lede 6/6).
- NEL, Herman F. B. Niemand so eensaam. Pretoria, Keurbiblioteek, 1954. 222 bl. 19 sm.
- PIENAAR, T. C. Gister en môre. Kaapstad, Nas. boekhandel, s.j. [1954]. 184 bl. 18½ sm.
- POSTMA, Minnie. Legendes uit Basotoland. Johannesburg, Afr. pers-boekhandel, 1954. 156 bl. 19 sm. 9/6.
- PRESTON, Mark. Skoentjies van silwer. Pretoria, Keurbiblioteek, 1954. 224 bl. 19 sm.
- RADLOF, Gerrie. Lank lewe die buiter. Kaapstad, Tafelberg-uitgewers, 1954. 224 bl. 19 sm. 10/6.
- Nege waens. Johannesburg, Drostyd boekklub, 1954. 320 bl. 18 sm. 15/-.
- REENEN, Josua van. Anna se geheim. Johannesburg, Goeie hoop-uitgewers, 1954. 222 bl. 19 sm. 10/6.
- Die verkeerde slagoffer. Johannesburg, Goeie hoop-uitgewers, 1954. 126 bl. 18 sm. 3/-.

- RHYN, Justus van. Vergeef die moederhart. Johannesburg, Dagbreek-boekhandel, 1954. 224 bl. 18½ sm. 11/6.
- ROUX, Braam le. Die bekende vreemdeling. Johannesburg, Goeie hoopuitgewers, 1954. 142 bl. 18 sm. (Pronkboeke). 2/6.
- Die bloedboodskap. *ibid.*, 1954. 93 bl. 18 sm. (Swart Luiperd-reeks, nr. 3). 3/-.
- Die dood kom stil. Johannesburg, Pronkboeke, 1954. 111 bl. 18 sm. (Swart Luiperd-reeks, nr. 13). 3/-.
- Die duiwel is 'n vrou. *ibid.*, 1954. 96 bl. 18 sm. (Swart Luiperd-reeks, nr. 17). 3/-.
- Die eiland van die duiwels. *ibid.*, 1954. 112 bl. 18 sm. (Swart Luiperd-reeks, nr. 7). 3/-.
- Ek kom vannag. Johannesburg, Goeie hoopuitgewers, 1953. 141 bl. 18 sm. (Pronkboeke). 2/6.
- Die galg in die oerwoud. *ibid.*, 1954. 96 bl. 18 sm. (Swart Luiperd-reeks, nr. 6). 3/-.
- Gees uit die vuur. *ibid.*, 1954. 95 bl. 18 sm. (Swart Luiperd-reeks, nr. 19). 3/-.
- Geheim van die wit heks. Johannesburg, Pronkboeke, 1954. 111 bl. 18 sm. (Swart Luiperd-reeks, nr. 18).
- Gemaskerde moordenaars. *ibid.*, 1954. 96 bl. 18 sm. (Swart Luiperd-reeks, nr. 1). 3/-.
- Geraamtes op die duine. Johannesburg, Pronkboeke, 1954. 111 bl. 18½ sm. (Temmers van die woestyn-reeks, nr. 12). 3/-.
- Gestaltes in die skemer. *ibid.*, 1954. 96 bl. 18½ sm. (Temmers van die woestyn-reeks, nr. 9). 3/-.
- Gif vir die hart. Johannesburg, Pronkboeke, 1954. 112 bl. 18 sm. (Temmers van die woestyn-reeks, nr. 5). 3/-.
- Hoefslae teen middernag. Johannesburg, *ibid.*, 1953. 159 bl. 18 sm. (Pronkboeke). 2/6.
- Kamerade van die draak. *ibid.*, 1954. 96 bl. 18 sm. (Swart Luiperd-reeks, nr. 4). 3/-.
- Kloue van die valk. *ibid.*, 1954. 112 bl. 18 sm. (Swart Luiperd-reeks, nr. 11). 3/-.
- Die kruipende dood. *ibid.*, 1954. 96 bl. 18 sm. (Swart Luiperd-reeks, nr. 5). 3/-.
- Man sonder kop. *ibid.*, 1954. 96 bl. 18 sm. (Swart Luiperd-reeks, nr. 14). 3/-.
- Die mense van die meer. *ibid.*, 1954. 95 bl. 18 sm. (Swart Luiperd-reeks, nr. 9). 3/-.
- Die mensvreters van Tsawo. *ibid.*, 1954. 95 bl. 18 sm. (Swart Luiperd-reeks, nr. 2). 3/-.
- Lantern in die nag. Johannesburg, Pronkboeke, 1954. 112 bl. 18 sm. (Temmers van die woestyn, nr. 10). 3/-.
- Moordenaar in wit. *ibid.*, 1954. 112 bl. 18½ sm. (Temmers van die woestyn-reeks, nr. 7). 3/-.
- Nag van wraak. *ibid.*, 1954. 110 bl. 18½ sm. (Temmers van die woestyn-reeks, nr. 11). 3/-.
- Pad van die arend. *ibid.*, 1954. 96 bl. 18 sm. (Swart Luiperd-reeks, nr. 16). 3/-.
- Pyle van vuur. *ibid.*, 1954. 95 bl. 18 sm. (Swart Luiperd-reeks, nr. 8). 3/-.
- Rooi maskers. *ibid.*, 1954. 126 bl. 18 sm. (Swart Luiperd-reeks, nr. 10). 3/-.
- Ruiters van die dood. Johannesburg, Goeie hoopuitgewers, 1953. 164 bl. 7½ x 4½. pap. („Pronkboeke“). 2/6.
- Skedels in die sand. *ibid.*, 1954. 127 bl. 18 sm. (Swart Luiperd-reeks, nr. 12). 3/-.
- Die songod praat. *ibid.*, 1954. 95 bl. 18 sm. (Swart Luiperd-reeks, nr. 15). 3/-.
- Vlamme teen die horison. *ibid.*, 1954. 111 bl. 18½ sm. (Temmers van die woestyn-reeks, nr. 6). 3/-.
- Waar die dooies leef. *ibid.*, 1954. 96 bl. 18 sm. (Swart Luiperd-reeks, nr. 20). 3/-.
- Die wind beveel. *ibid.*, 1953. 144 bl. 18 sm. (Temmers van die woestyn, nr. 2). 3/-.
- Wind oor haar graf. *ibid.*, 1954. 96 bl. 18½ sm. (Temmers van die woestyn-reeks, nr. 8). 3/-.
- Wyn met bloed. Johannesburg, Pronkboeke, 1954. 128 bl. 17½ sm. 3/-.
- Die lente kom weer. Kaapstad, Nas. boekhandel, s.j. [1954]. 184 bl. 18½ sm.
- ROUX, Sophie. Smarag en robyn. Johannesburg, Dagbreek -boekkring, s.j. [1954]. 214 bl. 18½ sm. 11/6.
- SNYMAN, J. C. Dwaalweë van die liefde. Kaapstad, Nas. boekhandel, s.j. [1954]. [iv], 188 bl. 18 sm. 10/6.
- SPENCE, Ela. Die skaduwees vlug. Kaapstad, Nas. boekhandel, 1954. 198 bl. 18 sm. 10/6.
- STALS, Wienand. Donker is die sterre. Kaapstad, Tafelberg-uitgewers, 1954. 223 bl. 19 sm. 10/6.
- STEENKAMP, Chris. Die dood op my hakke. Johannesburg, Dagbreek-boekhandel, s.j. [1954]. 216 bl. 18½ sm. 11/6.
- Moord in die tronk. Johannesburg, Goeie hoopuitgewers, 1954. 127 bl. 18 sm. 3/-.
- STEYN, Elmar. Die gif van die adder. Johannesburg, Voortrekpers, 1954. 229 bl. 18 sm. 11/- (11/6).
- Onheilig is die haat. Kaapstad, Tafelberg-uitgewers, 1954. 222 bl. 19 sm. 10/6.
- STEYN, Gerhard. Rook oor die stad. Kaapstad, Nas. boekhandel, s.j. [1954]. 195 bl. 18½ sm.
- TOIT, Tryna du. Dwaalspore. Johannesburg, Voortrekpers, 1954. 197 bl. 18½ sm. 11/- (11/6).
- Die eensame pad. Johannesburg, Voortrekpers, 1954. 241 bl. 18 sm. 12/- (12/6).
- VENTER, Corrie. En die stroom vloei rustig. Johannesburg, Voortrekpers, 1954. 188 bl. 18½ sm. 11/6 (12/-).
- VERMAAS, H. J. Sy perd staan gered. Kaapstad, Nas. boekhandel, s.j. [1954]. 188 bl. 18½ sm.
- VERMEULEN, Elizabeth. Towergoud. Kaapstad, Nas. boekhandel, s.j. [1954]. 219 bl. 18½ sm.

VILLIERS, C. G. S. de. Snel dan jare: Overbergse sketse en verhale. Kaapstad, A. A. Balkema, 1954. 131 bl. 21½ sm. 12/6.

WEBER, Tom. Eendag is eendag. Johannesburg, Afr. pers-boekhandel, 1954. 251 bl. 19 sm.

WIJK, J. Louw van. Sarita. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1954. 321 bl. 18½ sm. 12/6 (13/-).

POESIE

LOUW, N. P. van Wyk. Nuwe verse. Kaapstad, Nas. boekhandel, 1954. 86 bl. 23 sm.

OPPERMAN, D. J. Periandros van Korinthe. Kaapstad, Nas. boekhandel, s.j. [1954]. 124 bl. 23½ sm.

ROUSSEAU, Ina. Die verlate tuin. Kaapstad, A. A. Balkema, 1954. 48 bl. 19 sm. 10/6.

BIBLIOGRAFIE

NIENABER, dr. P. J. Bibliografie van Afrikaanse boeke (Nov. 1948-Okt. 1953), deel 3. Johannesburg, Die skrywer, 1954. 360 bl. 21 sm. 63/-.

— Bronnegids by die studie van die Afrikaanse taal en letterkunde, deel III A (1952-1953). Johannesburg, die skrywer, 1954. [66] bl. 24 sm. 25/-.

LETTERKUNDE

BONIFACE, C. E. De nieuwe ridderorde . . . inleiding en verklarende aantekeninge deur F. C. L. Bosman. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1954. 210 bl. 21½ sm. (Patriotvereniging, nr. 12). 15/- (15/6).

LUITINGH, dr. A. M. Vorm en inhoud. Johannesburg, Afr. pers-boekhandel, 1954. 162 bl. 22 sm. 9/-.

ROUX, Hennie. Die bevordering van die goeie Afrikaanse boek en tydskrif. Johannesburg, Aksiekomitee vir die propagering van die goeie Afrikaanse boek en tydskrif, bus 9898, s.j. [1954]. 32 bl. 21 sm.

WATT, P. J. van der. Hulpmiddels vir leerlinge by die studie van *Ballades* van I. D. du Plessis. Kaapstad, Juta, s.j. [1954]. 37 bl. 18½ sm.

— Hulpmiddels vir leerlinge by die studie van De kleine Johannes deur F. van Eeden. Kaapstad, Juta en kie., s.j. [1954]. 36 bl. 18 sm.

GESKIEDENIS EN BIOGRAFIE

BREYTENBACH, dr. J. H. Die geskiedenis van die Krugerstandbeeld. Pretoria, Krugergenootskap, s.j. [1954]. 63 bl. illus. 25 sm.

FEDERASIE van Afrikaanse Kultuurvereniginge. Silwerjubileum 1929-1954. 100 bl. illus. 24 sm. 2/6.

MEYER, veldk. I. A. Die ervarings van 'n veldkornet in die Engelse oorlog 1899-1902. Ladybrand, Die skrywer, s.j. [1954]. 40 bl. 20 sm. 2/6.

SCHOLTZ, dr. G. D. Het die Afrikaanse volk 'n toekoms? Johannesburg, Voortrekkerpers, 1954. 173 bl. 21 sm. 16/9 (17/3).

— Die lewensaand van president Kruger. Johannesburg, F.A.K., 1954. 38 bl. 17½ sm.

— Suid-Afrika en die wêreldpolitiek 1652-1952. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1954. 312 bl. bibl. 21 sm. 21/-(21/6).

SCHOOR, M. C. E. van, en ander. Christiaan Rudolph de Wet 1854-1922. Bloemfontein, Nasionale Vrouemonumentkommissie, 1954. 176 bl. illus. 18 sm.

STEYN, pres. Marthinus Theunis. President Steyn aan die woord: openbare geskrifte en toesprake; vertaal, byeengebring en van aantekeninge voorsien deur J. J. Oberholster en M. C. E. van Schoor. Bloemfontein, Sacum, s.j. [1954]. 224 bl. illus. 22 sm. 16/6.

WET, Izak J. C. de. Met generaal de Wet op kommando. Johannesburg, Afr. pers-boekhandel, 1954. 155 bl. 19 sm. 10/6.

RAAISLS

ROOYEN, G. H. van, en PELLISSIER, dr. S. H. Raai raai siepa; of, Die Afrikaanse raaiselboek. Pretoria, Van Schaik, 1954. x, 207 bl. illus. 23½ sm.

OPVOEDKUNDE

COETZEE, dr. J. Chr. Die Christelike Universiteit: intreerede as rektor van die P.U. vir C.H.O. op 19 Februarie 1954. Potchefstroom, die Skrywer, 1954. 34 bl. bibl. 23 sm. (oorgedruk uit „Koers,” April 1954.)

COETZEE, J. Chr. Inleiding tot die historiese opvoedkunde; hersiene uitgawe van Opvoedkundige teorie en praktyk deur die eeue. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1954. 312 bl. 21½ sm. 21/- (21/6).

— Intreerede as rektor van die Potchefstroomse universiteit vir Christelike hoër onderwys gehou op 19 Februarie 1954. Potchefstroom, „Koers,” 1954. 34 bl. bibl. 23 sm.

COETZEE, dr. J. Chr. Ons Universiteit: sy grondslag en beginsel en die vryheidsbeginsel. Potchefstroom, die Skrywer, 1954. 16 bl. 23½ sm. (oorgedruk uit „Koers,” Junie 1954).

— Die opvoedkunde. Potchefstroom, Die westelike stem, *drukkers, drukkers*, 1954. 21 bl. bibl. 23 sm.

GROBLER, B. A. Koëdukasie: die vraagstuk van afsonderlike of gemengde middelbare skole vir seuns en meisies. Pretoria, Universiteit, 1954. 108 bl. bibl. 21½ sm. (Opvoedkundige studies nr. 7, 2de jg.)

PLESSIS, P. J. J. du. Aspekte van sosiaal-pedagogiese vernuwing van onderwys in Suid-Afrika. Pretoria, Universiteit, 1954. 23 bl. bibl. 21 sm. (Opvoedkundige studies, nr. 5).

TOIT, dr. J. J. du. Vryheid en gesag in die opvoeding: histories en krities. Pretoria, De Bussy, 1954. xi, 329 bl. 24 sm.

